DIE VERENIGING VAN MUNISIPALE ELEKTRISITEITSONDERNEMINGS VAN SUID-AFRIKA

45ste

Konvensie Verrigtinge

OOS-LONDEN

MEI — MAY

1977

THE ASSOCIATION OF MUNICIPAL ELECTRICITY UNDERTAKINGS OF SOUTH AFRICA

45th

Convention Proceedings

EAST LONDON

ADD THESE TO YOUR ALBUM!

SOUTH AFRICA'S MAJOR POWER COLLECTION MINTED FOR YOU IN OUR KNIGHTS FACTORY





G.E.C.

GEC Power Distribution (Pty) Ltd

BOX 13024 KNIGHTS 1413 TELEX 8-3512
GRAMS: GECDIS. TEL: 826-3536

PHOSWARE LIGHTING



Johannesburg Civic Centre — By courtesy of Johannesburg Municipality

To ensure that our products comply with the particular specification concerned and to set a seal of reliability upon the data we publish we have constructed our own Lighting Laboratories in Springs. Quality controls as well as design and development of lighting equipment are some of the Laboratory functions. Visitors are welcome.

Phosware
(PTY) LTD.

JANSEN ROAD, NUFFIELD,
SPRINGS, TRANSVAAL
TELEPHONE 818-5811/2.
P.O. BOX 391, SPRINGS 1560

GENERAL EDITOR — ALGEMENE REDAKTEUR

Bennie van der Walt

PUBLISHERS AND PROPRIETORS UITGEWERS EN EIENAARS

The Association of Municipal Electricity Undertakings of South Africa
Die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suid-Afrika

OFFICES — KANTORE

Volkskasgebou 613 Volkskas Building
Markstraat 76 Market Street
Tel. 838-7711
JOHANNESBURG
2001

ADVERTISING — ADVERTENSIES

Bennie van der Walt
838-7711
JOHANNESBURG

PRINTERS — DRUKKERS

Preference Press
P. D. A. de Wild and Sons/Seuns Binding, photo lithographers and Letterpress printers.
cnr. Banfield & Factory Rd.
Industria North, Roodepoort
27-3593
Transvaal.

IN THIS ISSUE — IN HIERDIE UITGAWE

A DECKING WITH PVC CONDUIT, PRIOR TO CONCRETE BEING THROWN

Internationally accepted & used

PVC Electrical Conduit Systems used around the world

For instance, in the above countries, PVC Electrical Conduit Systems are used almost exclusively, because not only do they cut installation cost considerably but have proved themselves highly efficient and reliable. Locally manufactured, PVC Conduit has the full approval of [illegible]; the Association of Municipal Electricity Undertakings of South Africa, and over 100 South African Municipalities.

FOR FURTHER DETAILS CONTACT AECI OFFICES AT:

LOCATION			CODE
Durban	31-9425	1901	4000
Port Elizabeth	41-2701	1147	6000
Somerset West	2-1100	P/B 101	7120
		P.O. Dynamite Factory	
Johannesburg	975-8111	1938	2000
Welkom	2-5341	315	9460

PVC Conduit Systems can cut your material costs by over half and labour costs by between 25% and 40%

AECI

Support South African Industry and your money comes back to you.

Specify PVC-it pays

AMPTELIKE OPENING EN VERWELKOMING

Mnr. Eugene Pretorius, uittredende President verwelkom die aanwesiges by die 45ste Konvensie in Oos-Londen. Right of Mr. Pretorius His Worship CLR. J.A . Yazbek, Mayor of East London, Rev. Father P. Quirk and J. J. Human, Town Clerck of East London.

Links van Mnr. Pretorius sit Sy Edele S. P. Botha, Minister van Arbeid en van Mynwese, K. G. Robson, aangewese President, Bennie van der Walt, Sekretaris en Mnr. J. Whelpton, privaatsekretaris van Minister S. P. Botha.

1977
PROCEEDINGS
45th CONVENTION
23-26 MAY

1977
VERRIGTINGE
45ste KONVENSIE
23-26 MEI

THE REVEREND FATHER P. QUIRK OPENED THE CONVENTION PROCEEDINGS WITH SCRIPTURE READING AND PRAYER

TABLE OF ATTENDANCE — TABEL VAN BYWONING

Honorary Members	4	Erelede
Guests	35	Gaste
Engineers	82	Ingenieurs
Associates	22	Geassosieeerdes
Local Authorities	56	Plaaslike Besture
Affiliates	124	Geaffilieerdes
Lady Visitors	146	Damesbesoekers
	469	
Apologies	25	Verskonings
Staff in Attendance	18	Personeel Teenwoordig

MNR. E. DE C. PRETOROUS (President):

Sy Edele, Minister Botha, sy Edelagbare die Burgemeester, Raadslid Yazbek, gaste, dames en here,

Dit is vir my aangenaam om u almal baie hartlik welkom te heet by hierdie 45ste Konvensie van die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suid-Afrika in die 62ste jaar van sy bestaan. Ek wil in besonder welkom heet ons geagte Minister Botha wat te midde van al sy werksaamhede nog die tyd kon afknyp om ons te vereer met sy teenwoordigheid om die openingsrede te lewer.

Dan ons erelede en oud-Presidente wat vanoggend hier teenwoordig is en ek versoek hulle om op te staan wanneer ek hulle name noem.

I request these people, the Past Presidents and Honorary Members to please stand up when I mention their names:-

Mr. Bert Kipling	— Honorary Member;
Mr. A. Foden	— Past President, Honorary Member and one of the former City Electrical Engineers of East London;
Mr. Percy Giles	— Former City Electrical Engineer of East London, Past President and Honorary Member;
Mr. Rannie Simpson	— Honorary Member and also Past President;
Mnr. Hawie Theron	— Voormalige President;
Mnr. Jules von Ahlften	— Voormalige President;
Mr. Jack Waddy	— Past President;
Mr. Bob Barton	— Past President.

Dan wil ek baie welkom heet ons twee gassprekers, gasreferente, dr. Henry Olivier en mnr. B. H. L. Leach en ook die voorsitter van Evkom, dr. R. L. Straszacker, een van my gewaardeerde leermeesters op Universiteit. Ek is baie geëerd dat hy vanoggend hier is.

Last but by no means the least, the delegates from the country of the stalwart Ian Smith — the delegates from Rhodesia. Dames en here ek vertrou en is daarvan oortuig dat hierdie Konvensie net so aangenaam en leersaam sal wees as die beste wat ons vantevore gehad het, indien nie meer nie. In die verband hou ons sakelys groot belofte in.

May I call on His Worship the Mayor, Councillor J. A. Yazbek, to open the Convention.

HIS WORSHIP THE MAYOR OF EAST LONDON

COUNCILLOR J. A. YAZBEK

welcoming the delegates.

SPEECH OF WELCOME BY HIS WORSHIP THE MAYOR OF EAST LONDON

COUNCILLOR J. A. YAZBEK

Mr. President, the Honourable the Minister of Labour and Mines, distinguished guests, ladies and gentlemen. It is my privilege on behalf of the City Councillors and citizens of East London to welcome you as delegates to the 45th Convention of the Association of Municipal Electrical Undertakings of South Africa. A special welcome is extended to you, Mr. Minister, and we thank you for having left your demanding duties in the House of Assembly to be with us this morning to deliver the opening address. You will no doubt recall that, as Minister of Water Affairs and Forestry, your last official visit to the city was in August, 1970, on the occasion of the opening by yourself of the Bridle Drift Dam.

Our city is indeed honoured to host this Convention and I am reminded that it is fifteen years since last you gathered here. It is pleasing to note that about forty delegates and their wives who attended that Convention are with us again today.

Since the inception of your Association, this City's contribution has been one of continuous involvement in its affairs. Each City Electrical Engineer of East London has in turn held the office of President. The late Mr. J. Mordy Lambe was the eighth and held office from 1927-1929; Mr. Arthur Foden, 1948/1949; Mr. Percy Giles, 1962/1963 (happily both are present in the hall) and this morning we will witness the induction of our present City Electrical Engineer, Mr. Ken Robson.

As your deliberations over the next few days will be on electricity supply and matters associated therewith, allow me to sketch briefly the history of the East London Municipal Electricity Undertaking.

It was founded in October, 1899, and is one of seven undertakings established in South Africa before the nineteenth century passed into history.

The late Mr. J. Mordy Lambe became East London's fifth Town Electrical Engineer on August 1st, 1905 — four different men held the position in the four years from April 5th, 1900, to July 31st, 1905 — and then only another four throughout the next seventy-two years. Times do not really change much because in the first report Mr. Lambe submitted to the Town Council he warned of the overloading of the generating plant!

The distribution system was overhauled and improved, but it was obvious that the plant was not capable of taking the load demanded and so negotiations were started for the acquisition from the Government of the West Bank Power Station, the original station having been erected on the East Bank of the Buffalo River where the Princess Elizabeth Graving Dock now stands. In 1909 the negotiations ended in an agreement under which the Municipality secured a twenty-three year lease on the property, which included not only the power station and buildings, but also railway sidings and certain cables across the Buffalo River.

On February 28th, 1911, the old power station was closed down and the entire generation of the town's electricity supply was transferred across the river to the station which had been re-equipped after the Government agreed to lease it to the Municipality.

Towards the end of 1946, the City Council agreed to the generation and supply of electricity for East London being taken over by the Electricity Supply Commission and an agreement was signed effective from January 1st, 1947. Thus the city's partnership with Escom has remained unbroken for thirty years.

Of interest to you will be some snippets of the earliest history of a city and surrounding area shrouded in mystery. So far as records go, nothing was known of it or of the river on which is now a great port before 1868 when two white men, members of survivors from the Dutch East India Company's ship, Stavenisse, were discovered to be living in this district with the natives.

In 1752 Ensign Beutler explored the country to the east of the Cape boundaries and, having crossed the Keiskama and Chalumna rivers, he arrived at the Buffalo. In a report of his exploration he refers to the river as the "Konka" or "Buffels" River, the name given it by the natives of the district. In 1853 Colonel Harry Smith, Chief of Staff to the Governor, Sir Benjamin D'Urban, led a special expedition of 600 men to the Buffalo Mouth to investigate the possibility of founding a port there. Captain John Bailie, one of the men who accompanied him became enthusiastic about the possibilities of the place and in November, 1836, he crossed the river from the west bank and hoisted the Union Jack on the summit of Signal Hill thus claiming the future port for Great Britain.

On January 14th, 1848, the Governor of the Cape, Sir Harry Smith, issued a proclamation annexing the river mouth and the territory for two miles all round, to the Cape Colony. He named the place East London, but it was not until 1873 that it was proclaimed a Municipality.

Mr. President, the AMEU Convention is one of the largest municipal congresses held in South Africa and the importance and standing of your Association is demonstrated by the representation of so many bodies and organisations involved in the electricity supply industry.

I am pleased to acknowledge the value of its work and influence. I have no doubt that your discussions will be worthwhile.

To you, Eugene, as President, greetings on behalf of the city. You come from a town with a proud history — the first to be established North of the Vaal River in 1838 and the first to be governed by a local authority.

I have decided not to give a discourse on electricity this morning but I cannot let this opportunity pass without mentioning the painful subject of its cost! Councillors know only too well the opinions of the many consumers on this thorny topical issue! Perhaps you will appreciate one consumer's opinion so feelingly expressed in verse:-

He stood before the Pearly Gates,
His face was scarred and old.
He meekly asked the Man of Fate
Admission to the fold.
"What have you done," St. Peter said,
"To gain admission here?"
"I was a consumer of Escom, Sir,
"For many and many a year".
The Pearly Gates swung open wide
St. Peter touched the bell.
"Come in," he said, "and choose your harp,
"You've had your share of hell".

As I look up at the gallery I am aware of the special aura of charm the ladies give to this distinguished gathering. It is a privilege for me to extend to you a sincere welcome and to tell you my wife, Bertha, is looking forward to meeting and entertaining you tomorrow.

In conclusion, I wish to say to all of you that although your sojourn in our city will be of short duration, we sincerely hope it will be pleasant and when you return to your home towns and cities you will decide as a result of this visit that you will soon come back again.

East London is happy to have you here during this week and I wish you well in your working and playing together in this lovely part of our land. Mr. President, for the honour of being able to welcome you all, I thank you.

MR. E. de C. PRETORIUS: Thank you very much, your Worship, for your hearty welcome en ek moet sommer nou, voor ek vergeet, sê baie dankie dat u nou uiteindelik gesê het Potchefstroom is die oudste gemeenskap in die Transvaal, want die Klerksdorpers dink mos hulle is die oudste gemeenskap.

It is a wonderful experience to be back in East London for a Convention after fifteen years. There are still a number of us present today who have very vivid memories of that Convention and of that illustrious figure who at that time was the City Electrical Engineer and the President, Mr. Percy Giles, and is now one of our members, How fortunate you East Londoners are to have had such distinguished City Electrical Engineers. Mr. Mayor, I have often wondered what makes East London tick, besides industries and harbour and of course Ken Robson, and at last I found the answer in the March 1977 SABS Bulletin — Ticks.

Now if you don't believe me you can read the article on page 137 in this bulletin. The delightful photograph on this page shows the Director-General of the SABS, Mr. Teichman, in shirt sleeves, turning the first sod on the sites for the testing of tick insecticides whilst you, Mr. Mayor, are looking on with a broad or should I say an amused smile, presumably because it is very rare to find the SABS top brass doing any hard work. This is just a bit of leg pulling, Mr. Deputy Director-General, if he's here, and Mr. Pat Middlecote.

Mr. Mayor, we are looking forward to a most enjoyable stay in your beautiful city and on behalf of all the delegates and their wives, I thank you in anticipation for your, your Council's, and your City's kind hospitality.

Thank you, Mr. Mayor.

Openingsrede deur Sy Edele S. P. Botha, L.V., Minister van Arbeid en van Mynwese

Meneer die President, dames en here, dit is vir my inderdaad 'n besondere voorreg om vandag saam met u hier te verkeer. Ek dank u, Mnr. die President, vir die eer wat u my aangedoen het om hierdie vyf-en-veertigste konvensie van u Vereniging te open. Wees verseker dat u vriendelike gebaar hoog op prys gestel word en dat dit vir my 'n aangename voorreg is om aan u vriendelike uitnodiging te kan voldoen.

Mindful of the fact that you represent important suppliers of energy and are thus in a position to influence many facets of our society I would like to touch on a number of aspects which are relevant to your activities and on which I think the exchanging of views can be fruitful.

The consumption of electricity is frequently used to gauge the degree of development of a country and the standard of living of its peoples. The amount of electricity available to the general public is an indication of the standard of living enjoyed by the private citizen because this ever-willing servant is available day and night to serve at a flick of a switch. South Africa's per capita consumption of electricity is said to be only 21 years behind that of the United States of America with its powerful economy, which speaks volumes for the proud record of our country in the field of electricity generation.

The man in the street may not be aware of the tremendous role electricity plays on the national scene but he does know what electricity means to him personally — this genie whom he may call upon to perform countless tasks in and around the home, creating comfort and leisure time, two things which are considered to be the unalienable right of present day mankind.

It stands beyond reason that this facility must be extended to raise the standard of living of all our peoples, and this in the not too distant future. This effort is going to make enormous demands on the national economy and the services which the members of your association will be called upon to render. Already the municipalities consume approximately 24% of all the power generated in the Republic and as the full benefits of the use of electricity are extended to the less privileged population groups you are going to enjoy an even larger slice of the electricity pie.

Gedagtig hieraan en die feit dat munisipale elektrisiteitsondernemings 'n regstreekse diens aan die publiek lewer, is dit duidelik welke dure verpligting daar op die lede van u Vereniging rus om te verseker dat hierdie noodsaaklike diens op die mees doeltreffende en ekonomiese wyse moet geskied.

THE HON. S. P. BOTHA, M.P.,
Minister of Labour and of Mines

STEPHANUS PETRUS BOTHA was born at Lusaka in Northern Rhodesia on May 5, 1922. In 1937 he went to Paarl High School where he matriculated in 1939. Twice a year he returned home to spend the winter and summer holidays with his parents in the Lusaka district.

In 1940 Mr. Botha entered the University of Stellenbosch, first enrolling for a law degree and thereafter for a degree in economics and commerce.

After completing his studies in 1945, he joined the organisation of Dr. A. E. Rupert who had just then floated the Technical and Industrial Investment Group of Companies, destined to become the managing group of the future Rembrandt organisation. As financial organiser, Mr. Botha subsequently played a key role in the founding of the Rembrandt organisation.

In 1955 he transferred his interests to farming and settled in Louis Trichardt where he devoted much of his energy to public life.

In 1958 he was elected Member of Parliament for the Soutpansberg constituency and is still its representative. In Parliament he has applied himself to Water Affairs, Agriculture, Finance and Inter-racial Relations.

In 1966 he was appointed to the Bantu Affairs Commission.

In February, 1968, he became Deputy Minister of Water Affairs and in August, 1968, Minister of Water Affairs and Forestry.

Minister Botha developed the Department of Water Affairs into an efficient organisation, geared to handle the water situation in accordance with the needs of today and tomorrow, on an increased Budget of R130 million. Water research is being carried out and planned on such a comprehensive scale that South Africa now is one of the leading countries in this field.

To gain public co-operation and fire the imagination of the people of South Africa, Minister Botha proclaimed 1970 as "Water Year". A major campaign was put into action to engender in the entire population a conception and understanding of all forms of water consumption, conservation and protection. It was a resounding success, already noted as one of the most effective promotions ever launched in any country.

As Minister of Forestry he introduced new vision into South Africa's approach to forestry and related industries. With a view to timber supply and production, he has already instituted a comprehensive programme of advanced planning for future needs.

He was appointed Minister of Labour and of Mines in February, 1976.

In hierdie verband is dit so dat plaaslike owerhede nie meer baas op hulle eie plase is nie en dat hulle, in hulle doen en late, rekening moet hou met die diktatuur van die nasionale ekonomie, beplanning en sosio-politieke patroon. Maar dit berus nietemin nog in 'n groot mate by u om binne die bestaande bestel 'n wesenlike bydrae tot sinvolle beplanning en vooruitgang te maak.

Gesamentlik het u ondernemings 'n baie groot aantal ingenieurs, tegnici, ambagslui en arbeiders in diens en rus daar 'n verpligting op u om hierdie werkkragte doeltreffend te benut. Dit kan slegs gedoen word deur elke werknemer se produktiwiteit te probeer verhoog. Verhoogde produktiwiteit beteken nie in die eerste plek langer werksure of die daarstelling van onbereikbare norme nie, maar die inwin van groter kennis en die bereiking van groter vaardigheid deur middel van die beskikbaarstelling aan die werknemer van meer gesofistikeerde middele en, gepaardgaande daarmee, 'n motivering tot groter arbeidsaamheid en pligsbesef.

Die aanvraag na elektrisiteit toon nog geen afname nie. Inteendeel, daar is 'n steeds stygende aanvraag na hierdie kommoditeit wat die verskaffers uit die aard van die saak onder druk plaas aangesien dit 'n uitbreiding van opwekkingskapasiteit en die aanlê van verspreidingstelsels ten gevolg het. U weet self wat u onderneming se begroting verlede jaar was en wat dit die volgende jaar gaan wees. Ek kan egter noem dat Evkom in 1975, R426 miljoen aan kapitaal bestee het. Hierdie reuse bedrag sal waarskynlik jaar na jaar vermeerder veral as die uitwerking van inflasie wat 'n wêreldwye verskynsel is, in gedagte gehou word. Omdat Suid-Afrika nog nie op alle gebiede selfversorgend is nie, is dit nodig dat baie van ons toerusting en benodighede nog in die buiteland aangekoop moet word. Ons weet dat pryse nog voortdurend besig is om te styg en transaksies van hierdie aard kos baie geld waarvoor buitelandse valuta nodig is en wat dus ons handelsbalans nadelig beïnvloed.

Omdat u in regstreekse kontak met die huishoudelike verbruiker is, moet u dus van u kant af geen steen onaangeroer laat om die verbruikerspubliek op alle moontlike maniere aan te moedig om spaarsaam met elektrisiteit te werk nie. Omdat elektriese krag in die verlede betreklik goedkoop was, het ons mense ongelukkig baie min ontsag en waardering daarvoor en die hele benadering van die deursnee persoon kom neer op 'n aanname dat elektrisiteit maar iets is wat altyd daar was en dus te alle tye daar moet wees.

Daar was 'n tyd toe mense vir geldige ekonomiese redes aangemoedig was om meer elektriese krag te gebruik maar tye en omstandighede het verander en die huidige benadering is een van besparing en die oordeelkundige gebruik van elektrisiteit. 'n Moontlike hulpmiddel in hierdie verband is om die tariefstruktuur so te hersien dat die verbruikspatroon van elektrisiteit op so 'n wyse daardeur beïnvloed word dat spitsvragte afgestomp word en vermorsing van energie dus vermy word.

Dan kan daar na my mening ook met vrug meer aandag aan sekere tegniese aspekte van ons huisboukonstruksie gegee word.

Om maar net een voorbeeld te noem dink 'n mens aan die groot persentasie van die totale verbruik wat binnenshuise verwarming gedurende die wintermaande tot die spitsverbruik van krag maak en ontstaan die vraag waarom daar nie gepoog word om 'n meer gevorderde isolasiemetode te ontwikkel sodat minder krag nodig is om dieselfde mate van gerief te skep as wat tans die geval is nie.

In sy Jaarsverslag sê Evkom dat daar in 1975 nie minder nie as 34 231 miljoen metrieke ton steenkool deur hom met die oog op die opwekking van krag verbrand is. Dis byna onmoontlik om 'n begrip van hierdie enorme hoeveelheid steenkool te vorm, maar indien 'n mens jou sou voorstel dat al hierdie steenkool op een slag per spoor vervoer moes word, dan sal die trein uit ongeveer een miljoen trokke bestaan en 14 000 kilometer lank wees — meer as een derde van die aarde se omtrek.

Suid-Afrika se bevoorregte posisie sover dit steenkoolvoorrade aangaan is in die jongste tyd by herhaling beklemtoon. Ons is inderdaad bevoorreg om sulke groot voorrade op Suid-Afrikaanse bodem beskikbaar te hê maar hierdie bronne is nie onuitputlik nie en moet omsigtig aangewend word. Ons steenkoolvoorraad is nie net 'n energiebron vir huishoudelike gebruik nie maar is ook 'n waardevolle handelsmiddel waarmee ons vir ons noodsaaklike invoergoedere kan betaal.

In the first report "Limits of Growth" to the Club of Rome it is stressed that the world's reserves of natural fuels, at the present rate of exponential consumption, will be exhausted early in the next century and spells out the dire consequences to mankind of such an eventuality.

It is therefore obvious that long before this catastrophic moment arrives the absence or the presence of reserves of natural fuel will become factors of great economic and political import to nations.

The validity of this statement is being proved every day. America is building the much criticised Alaskan pipeline in order to unshackle itself from Middle East petroleum supplies; England (or shall I say Scotland) is feverishly developing the North Sea oil fields in order to prop up a shaky economy and exploration companies are drilling for oil all over the world on behalf of countries who find themselves at the mercy of the oil Sheiks; South Africa being one of them.

It is in this type of situation, where economic considerations create political pressures, that the coal reserves of South Africa are taking on greater significance for us all, and this is all the more reason that we should nurse our coal resources instead of wasting it on all sorts of trivialities.

It is under these circumstances that I appeal to you on the local government level to economise as much as possible.

The use of nuclear energy for generation of electricity is of course an alternative and the possibility of exhausting the natural fuel supplies is often talked down by optimists who maintain that nuclear stations will simply take over. It is so that nuclear energy will become a very important factor in the world's energy needs and it is comforting to think that South Africa will derive great benefits from this fact, but it is not the final answer.

The second report "Mankind at the Turning Point" to the Club of Rome predicts that in the absence of natural fuel reserves, no less than four nuclear power stations will have to be commissioned each week in order to satisfy the world's energy hunger — a feat which will in all probability be impossible technologically and economically.

The prophets of doom are not necessarily right but these predictions are made on the strength of information now available and we would be foolish not to heed the warnings because it is clear that whatever solutions technology produces there will not be energy to waste.

By die volvoering van ons taak en by die aanwending van die middel tot ons beskikking, hetsy in die vorm van mensemateriaal, grondstowwe of geldelik, is dit na my mening noodsaaklik dat verbruik bedwing moet word sonder om ontwikkeling te stuit; dat besuinig moet word sonder om vooruitgang te strem of te verhinder; dat ons altyd bewus moet wees van tekorte en oorvloed en dit wat ons tot stand wil bring laat rym met die natuur en die behoeftes van die mens. Met ander woorde daar moet altoos 'n gesonde en aanneemlike balans gehandhaaf word.

Mnr. die President, die lede van u Vereniging het 'n trotse rekord van dienslewering. Die Vereniging bied 'n forum waarop tegniese, administratiewe en finansiële probleme van u ondernemings bespreek kan word wat, soos duidelik uit u gepubliseerde verslae blyk, ook gedoen word. Ek wil dus die hoop uitspreek dat die referate wat op hierdie konvensie gelewer gaan word van groot nut sal wees en dat elkeen van u 'n bietjie ryker in kennis huiswaarts sal keer. Mag ek ook die wens uitspreek dat u sal poog om in u besprekings nie plaaslike belange die nasionale belange te laat oorheers nie.

Dit is nou my voorreg om hierdie kongres geopen te verklaar en u alle sukses met die verdere verloop van die verrigtinge toe te wens.

MNR. E. de C. PRETORIUS: Mnr. die Minister, ek dink dit is 'n geval dat u — dis soos die Predikant sê hulle preek altyd vir die verkeerde mense. Ek hoop dat hierdie toespraak van u baie wye publisiteit in ons dagbladpers sal kry want dit is baie belangrik dat wat u vandag hier gesê het, aan die breë publiek bekend gemaak word. As ons ingenieurs iets sê dan wil mense dit nie glo nie maar ek dink as 'n Minister dit gesê het dan sal hulle dit seker glo. Toe u genader is, mnr. die Minister, om hierdie openingsrede te lewer, toe was u nog die Minister van Waterwese en Bosbou. Die motief is klaarblyklik want u het 'n baie belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van hidro-elektriese kragopwekking in die Republiek, 'n aspek wat ook deeglik onder die soeklig gaan kom by hierdie Konvensie. Min het ons toe geweet dat u die belangrike portefeulje van Arbeid gaan oorneem, 'n Departement waarmee ons as elektrisiteitsondernemings seker die meeste gemoeid is. Dink maar net aan die Fabriekswet, die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers en die Wet op Vakleerlinge. Mnr. die Minister, toe u so lekker praat — u weet, ek het altyd gedink u kom van Moorreesburg af, toe hoor ek vandag u kom van Lusaka af, u is in Lusaka gebore. U weet my bors as oud-Matie het heerlik geswel. U weet daar word gesê dat ons oud-Maties en Maties kampioene is as dit kom by „brag'.' Ons het mos 'n groot „brag" by intervarsity en sulke dinge. Ja ek kom by daardie punt maar ons het natuurlik rede om te „brag". Apart van die feit dat ons die Tukkies onlangs 'n les geleer het en eergister die Ikeys behoorlik vermorsel het op die rugbyveld — behalwe dit wil ek net noem dat, behalwe mnr. Botha, is ons Eerste Minister en ses ander Ministers en twee Adjunk Ministers oud-Maties. Ek wil net noem dat — dit sal u miskien interesseer dat mnr. Jules von Ahlften, die Elektrotegniese Stadsingenieur van Springs, die eerste oud-Matie is wat President geword het van hierdie Vereniging van ons, en wel in 1971. Ek is die tweede en dis feitlik seker dat die derde oud-Matie in 1979 President gaan word. Mnr. Botha, ons sê vir u nogmaals baie dankie. Ek is seker die gehoor wil weereens hul dank en waardering aan u betuig op die gewone manier.

Mnr. Botha net as 'n blykie van waardering en ons dank wil ons net 'n geskenkie in die vorm van twee dasse wat die wapen van ons Vereniging op het, aan u oorhandig.

SY EDELE MINISTER S. P. BOTHA: Ek wil baie hartlik dank sê vir die twee dasse en ook aan die Burgemeester vir sy das. Ek het nog nooit drie dasse op een dag present gekry nie. Vir 'n baie lang tyd sal my vrou nie vir my hoef dasse te koop nie. Baie dankie.

VERKIESING VAN PRESIDENT — INDUCTION OF PRESIDENT

MNR. E. de C. PRETORIUS, President: Dames en here, ons wil ook graag aan sy edelagbare die Burgemeester twee dasse oorhandig as 'n blykie van waardering vir wat hy vir ons gedoen het en nog gaan doen.

Ladies and gentlemen I still have one more task to perform before I relinquish the office of President of the AMEU. It is indeed a most pleasant task and that is to induct the new President.

Ek wil net sê baie dankie. Dankie aan een en almal wat hierdie twee jaar wat ek President was, vir my so onvergeetlik aangenaam en maklik gemaak het. Ek het die voorreg gehad om die voorsitter te kon gewees het van 'n uitvoerende raad, seker die beste en hardwerkendste uitvoerende raad wat ons vereniging nog ooit gehad het; 'n uitvoerende raad wat my tekortkominge — en daar is legio — nie uitgebuit het nie, iets wat so baie maklik gedoen kon gewees het. Dit het alleenlik geskied omdat die gesindheid so pragtig mooi was. Ek sê baie dankie aan my intieme vriende in die Uitvoerende Raad — hulle weet wie hulle is — asook ons sekretaris, Bennie van der Walt, wat my deurentyd onderskraag het met raad en daad.

Ek wil ook my eie Stadsraad bedank omdat hulle dit ook vir my finansieël moontlik gemaak het om my pligte as President na te kom.

To the President Elect, Mr. Ken Robson, I owe my deepfelt and sincerest gratitude for his support and assistance, not only at the meetings of the Executive Council and of the Standing Committee, but right through my period of office.

In terms of our Constitution the President Elect automatically becomes the President at the Convention following means that Mr. Ken Robson, Professional Engineer, City Electrical Engineer of the City of East London, is now to become President of your Association. Mr. Robson's praises were very ably sung by Mr. Bob Barton when he proposed him as President Elect at the 1975 Convention in Durban, and I have very little to add to what was said on that occasion, also by Mr. Bert Kipling who seconded the proposal, but I wish to reiterate Mr. Barton's words — I think possibly his most important attribute is summed up in the words of Abraham Lincoln: "With malice to none, with charity for all". Ken Robson is a man of many outstanding qualities and he reminds me of some famous film stars of yesteryear. He has the stature of Walter Pidgeon, the charm of Charles Boyer, the eloquence of Sir Lawrence Olivier, the sonorous voice of Richard Burton, the sense of humour of Bob Hope and he also reminds me of Jimmy Durante.

Mr. Robson, will you please rise and allow me to transfer this chain of office to you, by which token you will become the President of the AMEU for the ensuing two years and be in charge of this Convention. I wish you the best of luck.

MR. K. G. ROBSON, President: Mr. Minister, Mr. Mayor, distinguished guests, ladies and gentlemen, I console myself sometimes with this reference to Jimmy Durante — I do console myself with the quotation — I hope it's true — from Napoleon. He said at some time or other: "All things being equal, give me the man with the nose".

Mnr. die Minister, mnr. die Burgemeester, dames en here, ek wil u in alle opregtheid baie hartlik bedank vir die besondere eer wat u my aangedoen het om my as President van die VMEO in te stel.

Mag ek van hierdie geleentheid gebruik maak om my waardering aan my eie Raad oor te dra vir hulle steun en samewerking wat my in staat gestel het om die verantwoordelikhede van die Presidentskap te aanvaar.

Ek is veral bly dat hierdie eer my te beurt geval het hier in Oos-Londen — die heerlike stad wat byna elf jaar gelede die tuiste van die Robson-gesin geword het.

Aan die voormalige President, mnr. Eugene Pretorius, my dank en waardering vir sy ruimhartige en goedgunstige woorde vanoggend en vir sy vriendskap gedurende die baie jare van ons noue samewerking in die VMEO.

I acknowledge with gratitude the many influences in my life and career — contributed by my parents, my wife and children; my church, NOSA, Toc H, a number of outstanding teachers and lecturers, some grand artisan craftsmen, my friends and my colleagues.

I remember, too, that gentle and kindly man, Ian Barratt, of Queenstown, with whom I was associated for 14 years. I am honoured by the presence here this morning of three friends who have been associated with my work here in East London — all distinguished Honorary Members of the AMEU. They are Arthur Foden, Perry Giles (my past chief) and Bert Kipling.

One could not possibly accept a position such as this without the loyalty and assistance of one's own staff — and I thank them. In particular, I would mention my Deputies here in East London — Stan Hawkeswood (now of Richards Bay), and Holden Beck who is now here with me. My appreciation to all Councillors and Heads of Departments for their support and trust over many years; and finally to my friends and colleagues on the Executive Council — Councillors, Engineers and the Secretary, Bennie van der Walt — and to the whole membership of the AMEU.

Thank you again for the great honour you have done me this day.

Dit is vir my 'n voorreg, namens die VMEO, om my innige dank aan u, Eugene oor te dra vir u bekwame leierskap gedurende die twee jaar van u ampstermyn as President.

U het ongetwyfeld met u eie persoonlike eienskappe van waardigheid en begrip, voortgebou op die lang en uitstekende tradisie van die Presidentskap.

Iets wat altyd my bewondering afgedwing het, was u deeglike voorbereiding vir die groot verskeidenheid aangeleenthede op die talle agendas vir Bestuurs- en Tegniese vergaderings asook vir die Konvensies. U het altyd bewys gelewer van u bekwaamhede ten opsigte van doeltreffende en oortuigende voorsitterskap.

Dit was vir my 'n besondere voorreg om vir twee vrugbare en bevredigende jare in die geskiedenis van die VMEO onder u te dien. Ons, die lede, huldig u vir u dienste en prestasies.

As 'n blyk van waardering vir u bydrae tot die werk en invloed van die Vereniging, is dit vir my 'n genoeë om namens die VMEO hierdie welverdiende adres aan u te oorhandig, en hierdie adres lui:-

> Mnr. E. de C. Pretorius was President van die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suid-Afrika vir die periode 1975 tot 1977 en hierdie sertifikaat is 'n aandenking vir die waardering van sy besondere en getroue dienste gedurende sy ampstermyn en ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging.

Mr. K. G. Robson, newly inducted President, presents the immediate Past President, Mr. Eugene Pretorius, with a Certificate of Merit.

The Hon. S. P. Botha, Minister of Labour and of Mines congratulate Mr. K. G. Robson with his induction as President of the A.M.E.U.

MR. E. de C. PRETORIUS: Ken, baie dankie vir die wapen en hierdie pragtige sertifikaat wat ek ontvang het. Dames en here, soos u kan sien dit is 'n kunswerk — u weet dit is die „brainkind" van ons Sekretaris, Bennie van der Walt. Hierdie twee, die wapentjie en hierdie sertifikaat sal twee van my waardevolste besittings word, ek kan u dit verseker. Baie dankie.

VERKIESING VAN DIE AANGEWESE PRESIDENT
deur MR. J. K. VON AHLFTEN, SPRINGS:

Mr. President, before I proceed with what I am actually supposed to do this morning, may I, on behalf of all your colleagues present today, congratulate you on your election as President of this Association and wish you a very successful convention and a happy term of office.

Meneer, die President, dames en here, ek het vanoggend een van die aangenaamste take wat ek nog tydens 'n Konvensie moes verrig en dit is naamlik om my goeie vriend en kollega Piet Botes as aangewese President vir 1977/79 aan u bekend te stel. Ek beskou dit as 'n besondere voorreg om hierdie taak te kan verrig vernaamlik gesien in die lig dat Piet die derde Oud-Matie is wat hierdie eer te beurt sal val. Die eerste een was ek self en die tweede was ons pas uitgetrede President, Eugene Pretorius. Meneer, die President, voor ek by die eintlike taak kom om Piet as aangewese President voor te stel laat ons eers kyk waar kom hy nou eintlik vandaan.

Piet is gebore op 30 Mei 1929 in Standerton, Transvaal (amper op Republiekdag wat moontlik verklarend kan wees van sy uitgesprokenheid). Hy het opgegroei op die plaas Suuringbank naby Ascent, distrik Vrede in die Vrystaat. Hy het sy Hoërskoolopleiding ontvang by die Vrede Hoërskool waarna hy aan die Universiteit van Stellenbosch die B.Sc. Graad in swaarstroom elektriese ingenieurswese in 1951 verwerf het. Daarna het hy die bevoegdheidssertifikaat as Elektriese en Werktuigkundige Ingenieur verwerf en is geregistreer as 'n Professionele Ingenieur. Hy is 'n genoot van die S.A. Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs en glo dit as u wil, beskik hy ook oor 'n O & M Diploma.

Wat Piet se praktiese opleiding betref het hy 'n tweejarige leerlingkursus by Evkom deurloop en daarna vir 'n tydperk by die Elektrisiteitsdepartement in Johannesburg gewerk (dit behoort hom eintlik vanoggend te diskwalifiseer tensy Wessel Barnard ons anders kan oortuig!). Hier was Piet betrokke met die beplanning van dienste aan die Suidelike voorstede en vir Soweto.

In Oktober 1956 is hy in Roodepoort aangestel as Assistent S.E.I. en in Augustus 1961 as S.E.I. en sedert 1969 as SEMI. Piet dien op die U.R. van ons Vereeniging sedert 1971 waar hy hom in besonder onderskei het as die VMEO se koördinerende verteenwoordiger op die SABS waar hy steeds uitstekende werk lewer. Natuurlik, Piet is getroud, en ek dink Ertny het baie daarmee te doen dat Piet so vêr in sy loopbaan kon gevorder het. In sy vrye tyd is Piet 'n geesdriftige hengelaar en het Transvaal in 1961 op die nasionale kampioenskappe verteenwoordig.

Meneer, die President, nou weet ons watter persoon Piet Botes werklik is. Ek persoonlik ken Piet al sedert 1964 en ek het hom leer ken as 'n man wat nie sal skroom om te sê hoe hy oor 'n saak voel nie en ek dink dit is juis hierin waarin Piet hom as aangewese President van ons Vereeniging sal onderskei en dat die belange van ons Vereeniging in baie bekwame hande geplaas sal word, wat beide ons huidige President en aangewese President betref.

Mr. President, ladies and gentlemen, I think it is fairly obvious to all of us that Piet Botes is more than suitably qualified to assume the important office of President Elect of our Association and it therefore gives me great pleasure to formally propose Mr. Botes as President Elect for 1977/79.

Thank you, Mr. President.

RAADSLID H. J. HUGO, ROODEPOORT:

Mnr. die President, Sy Edele die Minister, agbare Burgemeester, dames en here, wanneer iemand praat van 'n Universiteit dan dink ek altyd aan die storie, ek weet nou nie of dit 'n Van der Merwe-storie is nie, maar Oom Piet van der Merwe in die Vrystaat het 'n seun Danie gehad en die seun Danie was op Stellenbosch Universiteit. Lank het Dominee ek wonder of jy nie by Stellenbosch kan aangaan en net kyk hoe gaan dit met Danie nie — ek hoor nie van hom nie. Toe sê die Dominee, ja sekerlik Oom Piet, ek sal. Hy het toe gegaan, hy kom terug en hy sê vir Oom Piet, ek was in Stellenbosch en ek het jou seun gesien, lank met hom gepraat en hy sê, ek het slegte nuus vir jou. Dit lyk vir my of Danie oorhel na links. Toe sê Oom Piet, Ag nee, Dominee, moenie bekommerd daaroor wees nie, een van die dae, as dit oestyd is, dan kom hy terug en ek sê vir jou net 'n week in die mielielande dan hel ek hom weer oor na regs.

Mnr. die President, ek is dankbaar om te kan sê dat Piet Botes, wat ook hier uit die Vrystaat uit kom, was ook Stellenbosch toe gestuur, hy het daarheen gegaan en sy BA-graad gekry en sy Elektrotegniese Ingenieurs- en ook sy Meganiese Ingenieursertifikaat gekry, maar ek is dankbaar om te sê hy het nie na links oorgehel nie en ook nie na regs nie. Piet Botes se pad loop reguit in hierdie lewe en as daar een ding is wat mens hom nou, en ek praat nou nie as elektrotegniese ingenieur van Roodepoort van hom nie, maar as mens, en as mens is ek dankbaar om te sê dat sy eerste liefde is sy huis, hy is 'n man vir sy familie. Sy vrou en sy kinders is nommer een in sy lewe.

In his spare time, Mr. President — you wouldn't believe it — he is a great fancier of birds. In his backyard there are a number of aviaries where Piet keeps a variety of foreign and South African birds. He is an expert on birds, so much so that he is a judge of birds, which shows you that he is an all-round type of man. Furthermore, he is a very brave man, too; he is a keen, deep-sea fisherman and holds the colours of Transvaal for this sport. I don't think that every Engineer has the guts to go deep-sea fishing. He is also a freshwater fisherman and usually takes his family with him when he goes fishing.

Mr. President, on behalf of my Council and on behalf of the staff of our Municipality, we thank the Institute of the AMEU for honouring Piet Botes this morning. We trust that he will be a worthwhile President Elect and that he will be of great assistance to you and the Association. I thank you.

MR. K. G. ROBSON, President: And more nominations . . .

Dan is dit vir my 'n voorreg om mnr. P. J. Botes as Aangewese President van die VMEO te verklaar. Baie hartlik geluk, Piet.

MR. P. J. BOTES, PRESIDENT ELECT:

Mr. Minister, Mr. President, allow me to congratulate you on your election to the high office of President of this Association.

Furthermore, I wish you and your good lady a happy and successful two years of office. In my capacity as President Elect I wish to assure you, Mr. President, of my support during the next two years. However, in the light of the arrangements made and of what is in store for us, I do not think you need any assistance. May I, Mr. President, at this early stage, congratulate you on the arrangements and I have no doubt that this will be a memorable Convention.

Mnr. die President, dames en here, in die verlede was dit nooit moeilik vir my om my hand uit te steek na 'n mikrofoon nie, maar vir die eerste keer lyk die mikrofoon baie na 'n slang.

Mnr. die President, dames en here, dit is vir my 'n groot eer dat ek verkies is as Aangewese President van hierdie Vereniging, meer so vir die eer wat dan ook aan my stad hierdeur bewys word. Dit is die eerste keer dat 'n ingenieur van Roodepoort aangewys word tot so 'n hoë amp van hierdie Vereniging.

Ek wil dan my dank en waardering uitspreek teenoor al die lede van die Vereniging vir hierdie groot eer wat aan my betoon is. Veral wil ek my voorsteller, mnr. Von Ahlften, bedank vir mooi woorde wat hy aan my adres gerig het.

My innige dank ook aan Raadslid Hugo wat al die jare feitlik ononderbroke hierdie Konvensie en tegniese vergaderings saam met my bygewoon het. Dit dien gemeld te word dat Raadslid Hugo vanjaar vir die 20ste keer die Konvensie bywoon. Graag wil ek ook die lede van die Uitvoerende Raad bedank vir die ondersteuming wat ek van hulle ontvang het.

Roodepoort is behoorlik 'n miernes, alles word verander, maar gelukkig nog nie die Elektrotegniese Stadsingenieur nie. Ons is byvoorbeeld besig om:-

1. Binnekort stad te word;
2. Op soek na 'n oorkoepelende naam vir die stad;
3. Die aanbou van 'n Burgersentrum;
4. Aanbou van 'n hotel.

Hierdie fasiliteite sal nie voltooid wees in 1979 nie en gevolglik kan ons nie die Konvensie in Roodepoort aanbied nie.

Mnr. die President, ek is diep bewus van die hoë eise verbonde aan hierdie pos en vertrou dat ek met al my tekortkominge die diens sal kan lewer wat u van my verwag.

MNR. K. G. ROBSON, President:

Ek vra mnr. Botes om nou die voorsitstoel in te neem vir die Presidentsrede.

MNR. P. J. BOTES, Aangewese President:

Dames en here, dit is vir my 'n groot genoeë dat ek my vriend Ken Robson formeel as President van hierdie Vereniging aan u voorstel. Ken is a very competent speaker and we are looking forward to hearing what he has to say to us. Ladies and gentlemen, I now hand over to Ken Robson.

Sy Edele S. P. Botha, Minister van Arbeid wens Mnr. P. J. Botes geluk met sy verkiesing tot aangewese President, terwyl die President, Mnr. K. G. Robson en die Sekretaris Mnr. Bennie van der Walt toe kyk.



K. G. ROBSON, Pr. Eng.
City Electrical Engineer, East London.

Newly elected President
of the A.M.E.U.

PRESIDENTSREDE

Deur

K. G. ROBSON, Pr. Ing.
Elektrotegniese Stadsingenieur, Oos-Londen.

PRESIDENTIAL ADDRESS

By

K. G. ROBSON, Pr. Eng.
City Electrical Engineer, East London.

"The dogmas of the quiet past are
inadequate for the stormy present.
We must think anew, we must act anew,
We must disenthral ourselves".

— Abraham Lincoln.

INLEIDING

By die lewering van my Presidentsrede aan die 45ste Konvensie van die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suid-Afrika, is ek in die besonder bewus van die sonderlinge eer wat die lede van die VMEO aan die Stad Oos-Londen en sy elektrotegniese ingenieur bewys het.

Ek staan vandag voor u as die vierde opeenvolgende elektrotegniese ingenieur van die stad wat tot hierdie hoë amp verkies is. Omstandighede het my in 'n onafgebroke opvolgingslyn geplaas en ek is dankbaar vir die geleentheid om die bydraes ten opsigte van leierskap en diens van 'n lang reeks uitstekende voorgangers en presidente te kan erken.

Dramatiese veranderings wat elke sektor van ons nasionale lewe — staatkundig, ekonomies, sosiologies en natuurlik munisipaal — geraak het, het gedurende die afgelope twee jaar in Suid-Afrika plaasgevind. Die verhoging van oliebrandstofpryse sedert die einde van 1973, die gepaardgaande inflasie wat onmoontlik blyk te bekamp, die daling van die goudprys, die uitputting van ons buitelandse reserwes en die verminderde vloei van oorsese kapitaal het ons land tot 'n toestand gebring wat agterna onmoontlik sou geblyk het toe die Konvensie twee jaar gelede vergader het.

Die geweld wat uitgebreek het en nog steeds voortduur aan ons noordgrense en die onlangse konfrontasies in die Swart- en Kleurlingdorpsgebiede van baie van ons stedelike komplekse, het 'n klimaat van vrees en onsekerheid geskep.

Tradisionele politieke beleide en sjibbolette en, wat te betreur is, spirituele waarhede word bevraagteken, teengestaan en verwerp soos miskien nog nooit tevore in ons landsgeskiedenis gebeur het nie. Ons onstuimige gemeenskaplike lewe is siedend van die aspirasies, verwagtinge, oortuigings en eise van 'n verskeidenheid volkere.

'n Groot mate van die druk van ons tyd en situasie word gevoel deur die handels- en nywerheidsektore van die ekonomie met noodwendige uitwerkings op die geweldige arbeidskragte wie se lewensbestaan hulle voorsien.

Menings is gelug, tereg of ten onregte, dat ons huidige verswakte ekonomiese toestand die slegste is sedert die depressie van die dertigerjare. Vooruitsigte vir die boubedryf is donker en miskien die mees verontrustende verwikkeling is die verlaagde tempo waarteen behuising vir die minder gegoede groepe opgerig word. Werkloosheidsyfers neem steeds toe terwyl werksgeleenthede afneem.

In 1976 het die owerhede onwillig geblyk te wees om die ekonomiese toedrag van sake openbaar te maak.

Maar of dit nou 'n tydelike ekonomiese daling, 'n resessie of 'n depressie is, die feit bly staan dat die ekonomiese situasie versleg het en daar is jammer genoeg baie min bewyse van bestendiging of vermindering van die pryse van materiale en goedere.

Een belangrike faktor vir ons as elektrisiteitsvoorsieningsingenieurs is dat daar in geen ander tydperk in die ekonomiese geskiedenis van ons land 'n resessie was waar ons geweldige groot handels-, nywerheids- en mynbousektore so geheel en al van elektrisiteit as the primêre energiebron vir al hulle werksaamhede afhanklik was nie.

Nog 'n faktor van geskiedkundige belang was die totstandkoming op 26 Oktober 1976 van Transkei, die eerste onafhanklike Swart Staat in Suid-Afrika en afgevaardigdes sal bewus wees van die unieke posisie van die stad met betrekking tot sowel die Ciskei as die Transkei.

Oos-Londen, met sy strategiese ligging as rivierhawe, met spoor- en lugdiensgeriewe en as die middelpunt van 'n nuwe metropolitaanse kompleks wat op handels- en nywerheidsgebied ontwikkel, is lewensbelangrik vir hulle vooruitgang en groei.

Wat vir ons van spesiale belang behoort te wees, is die ontwikkelingspatroon wat beplan moet word vir 'n ekonomies- en tegnies-betroubare elektrisiteitsvoorsieningstelsel waar-

INTRODUCTION

In presenting my Presidential Address to this the 45th Convention of the Association of Municipal Electricity Undertakings of South Africa I am especially conscious of the singular honour which the members of the AMEU have conferred on the City of East London and its electrical engineer.

I stand before you today as the fourth successive electrical engineer of the city to have been honoured by election to this high office. Circumstance has placed me in the line of a continuing succession and I am grateful to be able to acknowledge the contributions in leadership and service of a long line of eminent predecessors and presidents.

Dramatic changes have taken place in South Africa during the past two years affecting every sector of our national life — political, economic, sociological and of course municipal. The increase in oil fuel prices since the end of 1973, the concomitant inflation which seems impossible to curb, the drop in the price of gold, the depletion of our foreign reserves and the reduced flow of external capital has brought our country to a position that appears in retrospect impossible to have imagined when the Convention assembled two years ago.

The violence which erupted and is continuing on our northern borders and the recent confrontations in the Black and Coloured townships of many of our urban complexes have created a climate of fear and uncertainty.

Traditional political policies and shibboleths and sadly, spiritual realities are being questioned, challenged and rejected perhaps as never before in the history of our country. Our turbulent common life is seething with the aspirations, hopes, convictions and demands of a diversity of peoples.

Much of the pressure of our time and situation is being felt by the commercial and industrial sectors of the economy with inevitable effects on the vast labour force whose livelihood they provide.

Opinions have been expressed, rightly or wrongly, that our present deteriorated economic condition is the worst since the depression of the 1930's. Prospects for the building industry are gloomy and perhaps the most disquieting development has been the reduced tempo of housing construction for the less affluent groups. Unemployment figures are rising and new job opportunities decreasing.

There appeared to be reluctance in 1976 in official quarters to declare publicly the state of our economic situation. But whether it be a temporary downturn, a recession or a depression the fact is that the economic situation has deteriorated and regrettably very little evidence exists of stabilisation or reduction in the prices of materials and goods.

One important factor for us as electricity supply engineers is that at no other period in the economic history of this country has there been a recession when our vast commercial, industrial and mining sectors have been so completely dependent on electricity as the primary source of energy for the whole of their operations.

Another factor of historic import was the establishment on 26th October, 1976, of Transkei, the first independent Black state in South Africa and delegates will be conscious of the unique position in which the city stands in relation to both the Ciskei and Transkei.

Strategically situated as it is with its river port, rail and air facilities and as the hub of a new metropolitan complex that is developing commercially and industrially, East London is vital to their progress and development.

What should be of special concern to us is the pattern of development to be devised for an economically and technically sound electricity supply system whose transmission

van die transmissielyne as simbool kan dien van die bande van onderlinge afhanklikheid van buurvolke.

Teen die agtergrond van die vinnig veranderende situasie, is dit jammer dat die VMEO weens konstitusionele beperkings nie in staat is om sy lidmaatskap tot potensiele ondernemings in die buurstate uit te brei nie.

ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE: ELEKTRISITEITSTARIEWE EN -KOSTE

Die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf gaan gebuk onder ongeëwenaarde verhogings van die koste van brandstof, geld, masjinerie, toerusting en arbeid. Die kostestruktuur van die bedryf het byna oornag verander en die uitwerking op die finansies van dié rade wat elektriese energie van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie aankoop, is uiters ernstig.

Byvoorbeeld, in die Grensonderneming wat die stad Oos-Londen voorsien, het die koste van gekoopte elektriese energie vir die tydperk vanaf die einde van 1967 tot 1971 met net 10,3 persent gestyg, vanaf die einde van 1971 tot die einde van 1974 met 22,6 persent, terwyl die koste tussen 1 April 1976 en 1 Januarie 1977 met 65,0 persent verhoog is. Vanaf die einde van 1974 tot die einde van 1977 sal dit na verwagting, gebaseer op huidige pryse, met 101,3 persent gestyg het.

Die geraamde uitgawe vir 1977 vir die Oos-Londense Elektrisiteitsonderneming toon 'n verhoging van 129 persent bo dié vir 1974, in vergelyking met die geraamde 20-persentverhoging van elektriese energie (kWh) aangekoop van Evkom. Sodanige stygings skep groot probleme vir munisipale elektrisiteitsondernemings wat voortdurend te kampe het met die probleem om voldoende fondse vir hulle kapitaal- en onderhoudsvereistes te verskaf, terwyl hulle terselfdertyd die algehele koste van elektriese energie wat aan hulle verbruikers verkoop word, moet inperk.

Die uitwerkings van die stygende koste van elektriese energie wat deur Oos-Londen van Evkom aangekoop word, blyk uit die uitgawe-tabel in die 1977-begroting van die elektrisiteitsfonds:-

Administrasie	1,94%
Benetting	2,48%
Kapitaalgelde	8,49%
Elektriese Energie Aangekoop	87,09%
	100,00%

Die volgende beknopte uittreksels uit Evkom se Jaarverslag vir 1975 is gepas:-

„Evkom se totale elektrisiteitsverkope vir die jaar 1975 het 57 869 miljoen kW.h beloop; dit is 10,0 persent meer as die totale verkope vir 1974. Die ooreenstemmende groeikoers vir 1974 was 12,9 persent. Die jaar 1975 was die sewende agtereenvolgende jaar waarin die hoeveelheid elektrisiteit verkoop, met meer as 9 persent toegeneem het. Teen die einde van die jaar het 'n algemene verslapping in die groeikoers egter merkbaar geword.

Die aanvraag op die gëintegreerde Evkom stelsel het op 24 Julie 1975 'n spits van 9 185 MW bereik. Die totale uitstuurvermoë van Evkom se kragstasies wat op daardie datum in handelsbedryf was, was 10 192 MW".

„Teenoor 'n totale inkomste van R460 miljoen het Evkom se koste R487 miljoen beloop wat 'n tekort van R27 miljoen gelaat het".

„Elektrisiteitsverkope aan . . . die mynbouklas wat in 1974 die verkope oorheers het, in 1975 deur sowel nywerheidsverbruikers as grootmaatverkope aan munisipaliteite oortref is. In die mynbouklas het die persentasie toename in 1975 afgeneem tot byna die helfte van die toename in die vorige jaar".

Ek het uit Evkom se Jaarverslae vanaf 1966 uittreksels geneem van die besonderhede van die persentasieverkoop van elektrisiteit aan Evkom se drie hoofverbruikersklasse en dit word hieronder in tabelvorm uiteengesit. 'n Belangrike gevolgtrekking is dat munisipaliteite in tien jaar met 9,0 persent gestyg het en die Jaarverslag vir 1976 sal heelwaarskynlik aandui dat die munisipale verbruikersklas Evkom se grootste verbruiker geword het.

lines could symbolise the bonds of the inter-dependence of neighbouring peoples.

In the context of the rapidly changing situation it is unfortunate that because of constitutional restrictions the AMEU is unable to extend its membership to potential undertakings in the neighbour states.

ELECTRICITY SUPPLY COMMISSION: ELECTRICITY TARIFFS AND COSTS

The electricity supply industry has been bludgeoned by unprecedented increases in the costs of fuel, money, plant and equipment and labour. The cost structure of the industry has changed almost overnight and the effect on the finances of those councils that purchase electrical energy from the Electricity Supply Commission has been extremely serious.

For example in the Border Undertaking which supplies the City of East London, for the period from the end of 1967 to 1971 the cost of electrical energy purchased increased by only 10,3 per cent, from the end of 1971 to the end of 1974 by 22,6 per cent while between April, 1976, and 1st January, 1977, the cost rose by 65,0 per cent. From the end of 1974 to the end of 1977 it is estimated that, based on present prices, it will have increased by 101,3 per cent.

The estimated expenditure for 1977 for the East London Electricity Undertaking shows an increase of 129 per cent over that for 1974, compared with the estimated increase in electrical energy (kWh) purchased from Escom of 20 per cent. Such increases create major problems for municipal electricity undertakings constantly beset by the problem of providing adequate funds for their own capital and maintenance requirements, while at the same time containing the overall cost of electrical energy sold to their consumers.

The effects of the escalating cost of electrical energy purchased from Escom by East London can be seen in the table of expenditure in the 1977 estimates of the Electricity Fund:-

Administration	1,94%
Reticulation	2,48%
Capital Charges	8,49%
Electrical Energy Purchased	87,09%
	100,00%

The following brief extracts from Escom's Annual Report for 1975 are pertinent:-

'Escom's total sales of electricity for the year 1975 reached 57 869 million kWh, an increase of 10,0 per cent over the total sales in 1974. The corresponding growth rate for 1974 was 12,9 per cent. The year 1975 was the seventh successive year in which a growth rate of more than 9 per cent in the number of kWh of electricity sold was recorded. However, towards the end of the year a general easing in the growth ratre became noticeable.

The demand on the integrated Escom system reached a peak of 9 185 MW on 24th July, 1975. The total sent-out capacity of Escom power stations in commercial service at that date was 10 192 MW".

"Against a total revenue of R460 million, Escom incurred costs amounting to R487 million, resulting in a deficit of R27 million".

"The sales of electricity to . . . the mining category, which up to 1974 had dominated the sales picture, was surpassed both by sales to the industrial consumers and by bulk sales to municipalities in 1975. In the mining category, the percentage increase in 1975 dropped almost to half that recorded the previous year".

I haxe extracted from Escom's Annual Reports from 1966 details of the percentage sales of electricity to Escom's three main categories of consumers and these are set out below in tabular form. What is significant in its implications is that in ten years supplies to municipalities increased by 9,0 per cent and it seems probable that the Annual Report for 1976 will show that the municipal category has become Escom's biggest consumer.

ESCOM: SALES OF ELECTRICITY TO CERTAIN CATEGORIES OF CONSUMERS — PERCENTAGE
EVKOM: ELEKTRISITEITSVERKOPE AAN SEKERE VERBRUIKERSKLASSE — PERSENTASIE

Year/Jaar	1966	1967	1968	1969	1970	1971	1972	1973	1974	1975
Municipal Munisipaal	21,7	22,3	22,9	23,0	23,2	24,3	25,6	27,3	29,0	30,7
Mining Mynbou	44,0	42,9	41,5	40,1	40,0	37,4	34,8	33,9	32,2	30,1
Industrial Nywerhede	24,7	25,2	25,7	27.2	27,6	29,0	30,4	30,1	30,7	31,2

Sedert die laaste Konvensie het die Uitvoerende Raad gepoog om met Evkom te onderhandel oor 'n spesiale tarief vir plaaslike besture. Die onderhandelings het nie vrugte afgewerp nie maar die VMEO behoort voort te gaan met sy vertoë ten einde te verseker dat die toevoerkoste aan munisipaliteite in verhouding tot hulle ander verbruikersklasse, billik en juis toegewys word. Die aanpassings deur Evkom wat gelei het tot verhoogde tariewe vir sy eie huishoudelike verbruikers, is 'n belangrike stap ter bereiking van hierdie oogmerk.

Daar is in die huidige tariefstruktuur geen onderskeid tussen klein en groot verbruikers in die grootkragverbruikersklas nie. Daar blyk voldoende gronde te wees vir 'n spesiale tarief vir groot verbruikers gebaseer op beide spanningsgrootte en aanvraag sonder om in stryd te wees met die fundamentele beginsel van 'n billike en juiste toewysing van toevoerkoste.

Evkom het teen die einde van 1975 5 100 kilometer 400-kV-transmissielyne in bedryf gehad en die 400-kV nasionale roosternetwerk is in omvang 'n indrukwekkende ingenieursprestasie. Dit kon ongetwyfeld nie sonder munisipale deelname en sonder die aansluiting by die nasionale netwerk van die ondernemings van alle stede dwarsdeur die land, tot stand gebring word nie.

Hierdie ontwikkeling het die gees van samewerking tussen en die onderlinge afhanklikheid van die verskillende Evkomondernemings en die munisipale ondernemings versterk. Die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf in hierdie gedeelte van Suidelike Afrika het te kampe met gedugte tegniese en ekonomiese probleme en nouer samewerking tussen die ontwikkel/transmissie- en die distribusie-ondernemings beloof veel vir die toekoms. Dit is met genoeë dat ek namens die VMEO ons waardering te boek stel dat Evkom trou gebly het aan die aanvaarde beleid ten opsigte van Evkom se regte as die ontwikkel- en transmissie-gesag en die munisipaliteite as die distribusie-instansies.

Ek wil graag daarop nadruk lê dat wanneer 'n vakature voorkom, oorweging geskenk moet word aan die aanstelling van 'n lid van die Kommissie gekies vir sy kennis en ondervinding van munisipale elektrisiteitstoevoer.

KONTRAKPRYSAANPASSINGS

Die jaar 1976 mag wel bekend staan as die Jaar van die Kontrakprysaanpassings! Vaste tenderpryse het in 'n betreklike kort tydperk heeltemal uit tenderdokumente verdwyn. Sedert die begin van 1976 het bykomende kosprysaanpassings op 'n aantal kontrakte wat deur die Stadsraad van Oos-Londen toegeken is, sowat een en 'n half persent per maand beloop.

Die styging van die pryse van kabels, skakeltuig en transformators het ernstige en verreikende gevolge gehad. Vaste tenderpryse sal grootliks bydra tot die bestendiging van koste en dit is te hope dat die elektrotegniese en verwante bedrywe verantwoordelikheid sal aanvaar vir 'n ondersoek na die hele grondslag waarop prysaanpassings geformuleer en toegepas is.

DIE ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSBEDRYF

In 'n artikel in Julie 1976 het professor R. K. Dutkiewicz, Direkteur, Energienavorsingsinstituut, Universiteit van Kaapstad, die voorspellings van mnr. D. Kotze gebruik vir sy raming van Evkom se toekomstige energieproduksie tot die jaar 2000. Gegrond op hierdie voorspellings sal die energieverbruik in 1980 97 863 GWh wees, in 1990 179 943 GWh en in 2000 330 930 GWh.

Die Voorsitter van Evkom, dr. R. L. Straszacker, het geraam dat 'n geïnstalleerde vermoë van 68 000 MW by die wisseling van die eeu benodig sal wees. Evkom het verklaar dat, as gevolg van die probleme verbonde aan die verkryging van buitelandse kapitaal, die deel van die kapitaalbydrae uit inkomste verhoog sal moet word ten einde aan sodanige aanvraag te voldoen. Maar wat van die munisipale elektrisiteitsondernemings wie se rade dit al hoe moeliker vind om die inkomste en kapitaal te bekom om te voldoen aan die onverbiddelike vereistes vir dienste en fasiliteite? Sodanige ondernemings is kapitaalintensiewe ondernemings en rade sal wel moontlik dieselfde besluit moet neem om aansienlike bedrae uit hulle inkomstefondse by te dra vir toekomstige kapitaalontwikkelings.

Dit moet beklemtoon word dat in 'n inflasionistiese ekonomiese klimaat, voorsieningsinstansies die reg het om te verwag, en dit ook moet aanmoedig, dat verbruikers hulle eie werksaamhede moet beheer om toe te sien dat elektriese energie meer doeltreffend benut word en om verkwisting te voorkom. Hulle moet verantwoordelikheid aanvaar vir die verbetering van hul lasfaktore.

Die wysigings wat Evkom onlangs in die fundamentele struktuur van sy tariewe aangebring het deur aansienlik verhoogde aanvraaggelde en verlaagde energieladings is logiese maatreëls wat daarop gemik is om jaarlikse aanvraaggroeikoers te verlaag en die stelsellasfaktor te verbeter. Dit is egter moeilik om te aanvaar dat hierdie beleid

Since the last Convention the Executive Council has endeavoured to negotiate with Escom a special tariff for local authorities. The negotiations have been unsuccessful but the AMEU should continue with its representations to ensure that the cost of supplies to municipalities, relative to their other categories of consumers, is equitably and correctly allocated. The adjustments made by Escom resulting in increased tariffs for its own domestic consumers is an important step towards this end.

There is in the existing tariff structure no differentiation in the large power user category between small and large consumers. There appears to be a strong case for a special tariff for large users based on both magnitude of voltage and demand, without conflicting with the fundamental principle of a fair and correct allocation of costs of supplies.

At the end of 1975 Escom had in service 5 100 kilometres of 400 kV transmision lines and in its extent the 400 kV national grid network is an impressive engineering achievement. Unquestionably this could not have been accomplished without the municipal participation and the connection of the undertakings of all the cities throughout the country to the national grid.

This development has strengthened the spirit of co-operation between and the interdependence of the various Escom undertakings and the municipal undertakings. The electricity supply industry in this part of Southern Africa is facing formidable technical and economic problems and closer association of the generating/transmitting and the distributing undertakings augurs well for its future. I am pleased on behalf of the AMEU to place on record appreciation to Escom for adhering to the accepted policy prescribing the rights of Escom as the generating and transmitting authority and the municipalities as the distributing authorities.

I would urge that when a vacancy occurs consideration be given to the appointment of a Member of the Commission selected for his knowledge and experience in respect of municipal electricity supplies.

CONTRACT PRICE ADJUSTMENTS

The year 1976 may well be known as the Year of the Contract Price Adjustment! In a comparatively short period firm tender prices have completely disappeared from tender documents. Since the beginning of 1976 additional cost price adjustments on a number of contracts placed by the City Council of East London have been of the order of one and one-half per cent per month.

The rises in the prices of cables, switchgear and transformers have had serious and far-reaching consequences. Firm price tendering will contribute significantly to the stabilising of costs and hopefully the electrical and allied industries will accept the responsibility of examining the whole basis on which price adjustments have been formulated and applied.

THE ELECTRICITY SUPPLY INDUSTRY

In an article in July, 1976, Professor R. K. Dutkiewicz, Director, Energy Research Institute, University of Cape Town, used the predictions of Mr. D. Kotze in forecasting Escom's future energy production up to the year 2000. On the basis of these predictions the energy consumption will be 97 863 GWh in 1980, 179 943 GWh in 1990 and 330 930 GWh in 2000.

The Chairman of Escom, Dr. R. L. Straszacker, has estimated that an installed capacity of 68 000 MW will be required at the turn of the Century. Escom has stated that to meet such demand and because of the difficulties associated with the raising of foreign capital, the proportion of the capital contribution ex revenue will have to be increased. But what of the municipal electricity undertakings whose councils are more and more hard pressed in finding the revenue and capital to meet the inexorable demand for services and facilities? Such undertakings are capital intensive operations and councils could very well have to take the same decision to contribute from their revenue funds substantial amounts for future capital developments.

It needs to be emphasised that in an inflationary economic climate, supply authorities have the right to expect and should encourage consumers to conduct their own operations to ensure the more efficient use and the prevention of waste of electrical energy. They must accept the responsibility of improving their load factors.

The revisions made recently by Escom in the fundamental structure of its tariffs by way of substantially increased demand charges and reduced energy charges are logical measures aimed at reducing the annual demand growth rate and improving the system load factor. However it is difficult to accept that this policy will be completely

heeltemaal suksesvol sal wees wanneer die verskil tussen die aanvraaggelde vir groot en klein ondernemings, van toepassing in Januarie 1977, in aanmerking geneem word:-

UNDERTAKING/ONDERNEMING
Border/Grens
Cape Eastern/Oos-Kaapland
Orange River/Oranjerivier
Cape Western/Wes-Kaapland
Natal Southern/Suid-Natal
Natal Central/Sentraal-Natal
Cape Northern/Noord-Kaapland
Eastern Transvaal/Oos-Transvaal
Rand/O.F.S./Rand/O-V.S.

Elektrisiteitstoevoer en -gelde geniet die aandag van die publiek soos nog nooit tevore nie en raadslede en munisipale elektrotegniese ingenieurs is terdeë hiervan bewus gemaak! Die onlangse aankondiging van die Minister van Ekonomiese Sake dat hy die Raad van Handel en Nywerheid versoek het om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die huidige tariefbeleid en -struktuur in elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika, word dus verwelkom.

Die eerste vertoë is deur die VMEO se Evkom-komitee aan die Raad voorgelê.

Wat duidelik geword het, is dat daar by die beplanning vir die groei van voorsieningsinstansies in Suid-Afrika, 'n geweldige potensiële mark van Swart verbruikers is.

Die verstommende styging van net onder 300 persent van die koste van oliebrandstof sedert die einde van 1973 en die stygende koste van steenkool beklemtoon die behoefte aan elektrisiteit in Swart dorpe teen die laagste moontlike koste. Dit bied 'n opwindende geleentheid vir die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf in hierdie land.

Ek vind dit betreurenswaardig dat geen beleidsbesluit tot dusver geneem is om elektriese installerings te voorsien in 'n deel van die huise wat die Staat in Swart dorpe oprig, sodat die koste van die elektriese installasie deel uitmaak van die totale kapitaaluitgawe nie.

Mdantsane, 'n Swart stad in wording 20 kilometer noord van Oos-Londen, word op 'n agentskapbasis deur die Stadsraad van Oos-Londen vir die Suid-Afrikaanse Bantoetrust ontwikkel. Ingesluit by die dienste wat verskaf word, is die volledige elektrisiteitsbenetting en straatverligtingsnetwerke. In die twaalf jaar-konstruksietydperk is meer as 16 000 huise opgerig waarin geen elektriese installasies aanvanklik voorsien is nie. Baie inwoners is egter nou besig om op eie koste hulle huise te laat bedraad vir elektrisiteit en aan die einde van 1976 was daar 1 219 huishoudelike verbruikers in Mdantsane. Die persentasie-toename in hierdie groep in 1975 en 1976 was onderskeidelik 117 en 59.

Ek is daarvan oortuig dat Swart huisbesitskemas 'n belangrike deel van die toekomstige huishoudelike verbruikersmark sal uitmaak. Die elektrotegniese ingenieur het 'n professionele en maatskaplike verantwoordelikheid en behoort dus toe te sien dat hy ten volle betrokke is in die ander dissiplines in die algemene beplanning van sodanige skemas.

Die ontevredenheid en oproerigheid in die Swart dorpe in 1976 het die dag gevestig op 'n lewensgehalte sonder die noodsaaklike element van die twintigste eeuse lewenswyse wat deur elektrisiteit en straatverligting verskaf word. Dit lyk vir my dat daar op hierdie besondere gebied 'n uitdaging en geleentheid vir konsortiums van ons nywerheids- en finansiële organisasies is om die nodige kapitaal vir so 'n verdienstelike projek te verkry.

Die onlangse besluit om Soweto te elektrifiseer is van allergrootste belang, maar met die oog op die tekort aan kapitaal moet ons ons nasionale prioriteite krities in oënskou neem. My mening is dat elektrisiteit vir Swart dorpe baie hoër voorrang moet geniet as 'n Swart televisiediens wat na raming R102 miljoen sal kos. Ons huidige televisiediens kan tog sekerlik in die tussentyd die kulturele behoeftes en vermaaklikheidsmaak van alle bevolkingsgroepe bevredig.

INGENIEURS IN DIE MUNISIPALE DIENS

Elektrisiteitsondernemings as die munisipaliteite se grootste handelsdepartemente, opvallend verskillend van ander munisipale departemente, en wie se hoofde volgens die wet vereis word om die elektrisiteitsnetwerke en -toerusting in 'n veilige en bevredigende toestand te hou, het te kampe met 'n voortdurende probleem om gekwalifiseerde ingenieurs te lok. Dit is 'n saak van blywende kommer en die beleid van die Staat en die Provinsiale Administrasies wat die vaslegging van die salarisse van alle departementshoofde tot gevolg het, is heelwaarskynlik die belangrikste aanleidende faktor. Mnr. E. de C. Pretorius het dit in sy 1975-presidentsrede beklemtoon.

Sprekers by die Konferensie van die Instituut van Munisipale Ingenieurs van Suidelike Afrika gehou in Oos-Londen

successful when the disparity between the following kVA demand charges for large and small undertakings in force in January, 1977, are taken into account:-

DEMAND CHARGE/AANVRAAGGELD (JANUARY 1977 JANUARIE	
R8,80 −5%	(R8,36)
R4,40 +22,5%	(R5,39)
R4,40 −5%	(R4,18)
R5,60 −5%	(R5,32)
R5,50 −5%	(R5,22)
R5,50 −5%	(R5,22)
R2,30 +75%	(R4,02)
R2,20 +47,5%	(R3,24)
R2,50 +65%	(R4,12)

Electricity supplies and charges are being given public attention as never before and councillors and municipal electrical engineers have been made aware of this with a vengeance! Therefore the recent announcement by the Minister of Economic Affairs that he has asked the Board of Trade and Industries to investigate and report on the present tariff policy and tariff structure in the supply of electricity in South Africa is welcomed.

The first representations have been submitted to the Board by the AMEU's Escom Committee.

What has become evident is that in planning for the growth of supply authorities in South Africa there is a vast potential market of Black consumers.

The staggering rise in the cost of oil fuel since the end of 1973 of just under 300 per cent and the escalating cost of coal highlight the need for electricity in the Black townships at the lowest possible cost. This presents an exciting opportunity for the electricity supply industry in this country.

I find it regrettable that no policy decision has yet been made to provide electrical installations in a proportion of the houses being erected by the Government in new Black townships, so that the cost of the electrical installation forms part of the total capital outlay.

Mdantsane, en embryo Black city, 20 kilometres north of East London, is being developed by the City Council of East London on an agency basis for the South African Bantu Trust. Included in the services provided is the complete electricity reticulation and street lighting networks. In the twelve year period of construction over 16 000 houses have been erected in which no electrical installations were provided initially. However, many residents of the township are now having their houses wired for electricity at their own cost and at the end of 1976 there were 1 219 domestic consumers in Mdantsane. The percentage increases in this group in 1975 and 1976 were 117 and 59 respectively.

I am convinced that Black home ownership schemes will comprise an important part of the future domestic consumer market. The electrical engineer has a professional and social responsibility and thus should ensure that he is fully involved with the other disciplines in the overall planning of such schemes.

The dissatisfaction and unrest in the Black townships in 1976 focused attention on the quality of life without the essential element of twentieth century living which electricity and street lighting provides. It seems to me that in this particular area lie both challenge and opportunity for consortiums of our industrial and financial organisations to raise the necessary capital for this worthwhile project.

The recent decision to electrify Soweto is one of major importance, but faced with the shortage of capital we need to examine critically our national priorities. My view is that electricity for Black townships should be much higher up the list of these priorities than a Black television service estimated to cost R102 million. Surely our present television service can cater for the cultural needs and entertainment tastes of all peoples for an interim period?

ENGINEERS IN THE MUNICIPAL SERVICE

Electricity Undertakings, as the municipalities' largest trading departments, markedly different from other municipal departments and whose heads are required by law to maintain the electricity networks and equipment in a safe and satisfactory condition, are faced with a continuing difficulty in attracting qualified engineers. This is a matter of abiding concern and the policy of the Government and of Provincial Administrations that has the effect of depressing salaries of all departmental heads is probably the most important contributory factor. Mr. E. de C. Pretorius underlines this in his 1975 Presidential Address.

Speakers at the Conference of the Institution of Municipal Engineers of Southern Africa held in East London in May,

in Mei 1976, het die staat van munisipale ingenieurswese en die status van die munisipale ingenieur in Suid-Afrika baie somber voorgestel.

Munisipale elektrotegniese ingenieurswese in Suid-Afrika het 'n indrukwekkende rekord van tegniese prestasies en groei en ook van diens oor 'n lang tydperk van 95 jaar, as die Munisipale Jaarboek korrek is in die optekening van sy oorsprong in Kimberley in 1882. Deur die jare heen het daar 'n sterk bindingskrag van tradisionele trots in hierdie gespesialiseerde terrein van ingenieurswese ontwikkel en ek sy geen twyfel dat die professionele beeld van munisipale elektrotegniese ingenieurs in ons gemeenskappe van 'n hoë standaard bly.

Die destydse president van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs, mnr. R. Layburn, het in 1975 opgemerk dat:-

1976, presented a sombre picture of the state of municipal engineering and the status of the municipal engineer in South Africa.

Municipal electrical engineering in South Africa has an impressive record of technical achievement and growth and also of service over a long period of 95 years if the Municipal Yearbook is correct in recording its beginning in Kimberley in 1882. Down the years there has developed a strong binding force of traditional pride in this specialised field of engineering and I am in no doubt that the professional image of municipal electrical engineers in our communities remains of a high standard.

In 1975 the then President of the South African Institution of Civil Engineers, Mr. R. Layburn, remarked that:-

> "It is vital that men of the highest calibre be appointed and retained in Government, Provincial, Municipal and quasi-Government bodies with the responsibilities for planning and decision making".

Hierdie woorde het in die huidige omstandighede 'n aktuele toepaslikheid.

Die VMEO behoort die aandag te vestig op stappe wat geneem kan word om jong gegradueerde elektrotegniese ingenieurs aan te spoor om tot die munisipale diens toe te tree. Dit bied hulle 'n loopbaan wat hulle werklewens op tegniese en bestuursgebied sal stimuleer, verryk en vervul. Ek is vol vertroue dat hierdie geslag van jong manne in Suid-Afrika gehoor sal gee aan die roeping van munisipale ingenieurswese wat nie alleen ingenieursuitdagings bied nie, maar ook geleenthede vir gemeenskapdiens.

Ervare munisipale ingenieurs kan baie uitrig in alle noedanigheid as beleidmakers by hulle verskillende invloedpunte. Wat oorgedra moet word is dat sodanige diens bekwaamheid, toegewydheid en eerbaarheid verg en miskien meer as enigiets anders, 'n aansienlike mate van onbevooroordeelde idealisme.

In the present circumstances these words have a timely relevance.

It behoves the AMEU to direct attention to the steps that should be taken to encourage and inspire young graduate electrical engineers to enter the municipal service. It offers them a career that will stimulate, enrich and fulfil technically and managerially their working lives. I am confident that this generation of young men in South Africa will respond to the call of municipal engineering which presents not only engineering challenges but opportunities for community service.

Much can be done by experienced municipal engineers in their capacity as policy makers at their various points of influence. What is required to be transmitted is that such service demands competence, dedication and integrity and perhaps more than anything else, a goodly measure of openminded idealism.

MUNISIPALE BESTUUR

Wanneer ekonomiese druk toeneem, moet nywerheid, handel en plaaslike bestuur noodwendig ondersoek instel na hulle standaarde van werkverrigting op bemarkingsgebied ten opsigte van opbrengs, diensgehalte, werkkoste, bestuur, opleiding, personeelverhoudings en werksgeleenthede, om van die belangrikste te noem.

Dit is ongelukkig so dat baie mense in ons gemeenskappe vir wie 'n groot verskeidenheid munisipale dienste voorsien word, voortdurend die werkverrigting van munisipale departemente swartsmeer en kritiseer. Natuurlik kan en moet munisipale verrigtinge in baie gebiede meer doeltreffend wees, maar ek is seker dat die algemene werkverrigting van munisipale elektrisiteitsondernemings en baie ander munisipale departemente gunstig afsteek by die private sektor.

Rade behoort die nodige fondse te voorsien vir 'n versnelde program van bestuurs- en leierskapsopleiding waarby die beste moderne tegnieke gebruik moet word.

Plaaslike bestuur is miskien die edelste vorm van regering van gemeenskappe maar ons moet altyd onthou dat dit volgens die praktisyne — raadslede en beamptes — deur die regeerdes beoordeel word.

Dit het agter geraak by nywerheid wat betref die opleiding van Swart middelbestuurders en in ons veranderende situasie is dit gebiedend noodsaaklik dat raadslede en hulle hoofbestuur hulle gesamentlik en persoonlik daarop toelê om hierdie doel te bereik.

Ek is hier in Oos-Londen — soos baie van u ongetwyfeld ook in u eie situasies — bemoedig deur dit wat bereik is deur Swart Skakel- en Veiligheidskomitees wat gedurende die afgelope jare aangestel is, maar hierdie soort opleiding behoort natuurlik uitgebrei te word. Nietemin, wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat eensgesinde en doeltreffende personeelverhoudings vereis dat Blanke bestuursopleiding, veral op die middel en toesighoudende vlak, dieselfde aandag geniet. Personeelverhoudings in 'n rustelose samelewing vereis versigtige en simpatieke hantering en senior bestuurders moet nie afsydig staan van probleme wat dit meebring nie.

MUNICIPAL MANAGEMENT

When economic pressures build up industry, commerce and local government must of necessity examine in detail their standards of performance in the market place in respect of output, quality of service, cost of operation, management, training, staff relationships and job opportunities, to name some of the most important.

It is unfortunate that many people in our communities for whom a diverse range of municipal services is provided continually denigrate and criticise the performance of municipal departments. Obviously in many areas municipal operations can and must be more effective. But I am sure that the overall performance of municipal electricity undertakings and many other municipal departments compares favourably with that of the private sector.

Councils should provide the funds required for an accelerated programme of management and leadership training using the best of the modern techniques.

Local government is perhaps the noblest form of government of communities of people but we should have in mind always that it is by its practitioners — councillors and officials — that it is judged by the governed.

It has lagged behind industry in producing trained Black middle managers and in our changing situation it is imperative that councillors and their top managements make a corporate and personal commitment to this objective.

I have been encouraged in East London — as no doubt many of you have in your own situations — by the achievements of Black Liaison and Safety Committees appointed in recent years, but obviously this type of training needs to be extended and broadened. Nevertheless what must not be overlooked is that harmonious and effective staff relationships require that White management training, particularly at middle and supervisory level, receives the same attention. Staff relationships in a restless society require meticulous and sympathetic handling, and senior managers of goodwill must not remain detached from the problems they present.

TEGNIESE OPLEIDING

Die Natalse Tak van die VMEO het uitstekende werk verrig en sy Komitee vir Tegniese Opleiding het voorstelle ingedien vir 'n skema vir die opleiding van munisipale vakleerlingelektrisiëns. Ek beveel hierdie voorstelle aan vir die aandag van plaaslike besture wat by hierdie Konvensie verteenwoordig word. Dit moet beklemtoon word dat, indien die Departement van Arbeid die gedagte van 'n Nasionale Opleidingskema kan ondersteun, dit slegs goeie vrugte sal afwerp as wetgewing ingestel word om plaaslike

TECHNICAL TRAINING

Outstanding work has been done by the Natal Branch of the AMEU whose Technical Training Committee has submitted proposals for a scheme for the training of municipal apprentice electricians. I commend these proposals to the attention of local authorities represented at this Convention. It should be underlined that if the Department of Labour is able to support the concept of a National Training Scheme, it will succeed only if legislation is introduced to make it obligatory for all local authorities to contribute on

te verplig om op 'n billike grondslag by te dra tot 'n Nasionale Opleidingsfonds.

Die beginsel dat dieselfde diensstandaard ten opsigte van sekuriteit, onafgebrokenheid en herstelling van toevoere in Swart dorpe van toepassing moet wees, kan nie betwis word nie. Dit sal vereis dat voldoende gekwalifiseerde personeel in hierdie dorpe beskikbaar is.

Baie tyd is onherroeplik verspil by die opleiding van Swart vakleerlinge en tegnici wat nodig sal wees om hierdie stelsels en netwerke ooreenkomstig statutêre vereistes in stand te hou en te bedien. Daar is dus 'n dringende behoefte aan meer inrigtings vir die opleiding van ambagskoolonderwysers en -instrukteurs, bykomende hoër- en ambagsskole en tegniese kolleges, en opleidingsentrums vir Swart vakleerling-elektrisiëns op 'n groot spoedkursusskaal.

VERLIESBEHEERBESTUUR

Elektrisiteitsverbruikers het die reg om te verwag dat voorsieningsinstansies, wat diensgeorienteerd is en as alleenhandelaars werk, doeltreffend bestuur moet word. Munisipale ingenieurs moet dus die betreklike nuwe maar groeiende begrip van verliesbeheerbestuur bestudeer. Dit vereis beplande ondersoeke na hoë finansiële verliese wat voortspruit uit beserings opgedoen deur personeel en uit skade aan toerusting en materiale vanweë swak ontwerp, minderwaardige vervaardiging, ondoeltreffende bestuursbeheer, onveilige en onopgeleide praktyke.

Heelwaarskynlik die ernstigste wat betref produksieverlies, verkwiste man-ure en herstel- en vervangingskoste is die beskadiging van munisipale ondergrondse dienste deur siviele ingenieurs- en konstruksiemaatskappye.

Belangrike ondersoekingswerk is onderneem deur 'n komitee van die Oos-Londen Tak van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs met die doel om kontraktuele prosedures vir die opsporing, sigbaarstelling en beskerming van belangrike ondergrondse dienste vas te stel.

Uit statistieke beskikbaar gestel deur die Ongevallekommissaris beloop die direkte koste van beserings aan werkers en hulle afhanklikes, mediese onkoste ensovoorts, ongeveer R30-miljoen per jaar terwyl 31-miljoen man-dae volgens skatting jaarlikse verlore gaan as gevolg van beroepsongevalle. Die beseringsvoorkomssyfer, d.w.s. die getal ongevalle per miljoen gewerkte ure, vir die sesmaandetydperk geëindig Junie 1976 vir plaaslike besture (insluitende Evkom-ondernemings) was 11,15. 'n Vermindering van hierdie syfer tot 5,0 kan in drie jaar bereik word indien raadslede en departementshoofde hulle toelê op hierdie oogmerk.

Frank E. Bird, Uitvoerende Direkteur van die International Loss Control Institute in Atlanta en 'n Adjunk-professor, School of Business Administration, Georgia State University, wat erken word as heelwaarskynlik die mees vooraanstaande deskundige op die gebied van verliesbeheerbestuur, het die begrip in hierdie woorde omskryf:-

an equitable basis to a National Training Fund.

The principle that the same standard of service must apply to the consumers in Black townships in respect of security, continuity and restoration of supplies cannot be disputed. This will demand that adequate qualified personnel are available in these townships.

Much time has been irretrievably lost in the training of Black apprentices and technicians who will be needed to maintain and operate these systems and networks in accordance with statutory requirements. Thus the urgent needs are for more institutions for the training of trade school teachers and instructors, additional secondary and trade schools and technical colleges and training centres for Black apprentice electricians on a massive crash course scale.

LOSS CONTROL MANAGEMENT

Consumers of electricity have a right to expect that supply authorities, which are service orientated and operate as monopoly producers, shall be effectively managed. Municipal engineers therefore must examine the comparatively new but expanding concept of loss control management. This requires planned investigations into high financial losses which arise from injuries to personnel and from damage to equipment and materials through bad design, inferior manufacture, ineffective management control, unsafe and untrained practices.

Possibly, the most serious in terms of loss of production, wasted man hours and cost of repairs and replacements is the damage caused to municipal underground services by civil engineering and construction companies.

Important investigatory work has been undertaken by a committee of the East London Branch of the South African Institution of Civil Engineers with the purpose of establishing contractual procedures for the detection, exposure and protection of important underground services.

From statistics made available by the Workmen's Compensation Commissioner the direct costs of injuries to workers and their dependants, medical expenses and the like amount to some R30 million per annum, while an estimated 31 million man days are lost annually as a result of occupational accidents. The Injury Frequency Rate, i.e. the number of disabling injuries per million man hours worked, for the six months' period ended June, 1976, for Local Authorities (including Escom Undertakings) was 11,15. A reduction of this figure to 5,0 could be achieved in three years if councillors and heads of departments committed themselves to this objective.

Frank E. Bird, Executive Director of the International Loss Control Institute in Atlanta and an Adjunct Professor, School of Business Administration, Georgia State University, who is recognised as probably the foremost authority on Loss Control Management, has defined the concept in these words:-

> "Loss control management is the application of professional management techniques and skills through those programme activities (directed at risk avoidance, loss prevention and loss reduction) specifically intended to minimise losses resulting from the pure (non-speculative) risks of business".

Hy het op grond van navorsingstudies geraam dat 30 ongelukke wat masjinerie en eiendom beskadig, voorkom vir elke ernstige of belemmerende besering. Die totale jaarlikse koste van beserings en skade is dus geweldig groot en die verantwoordelikheid om hierdie koste te verlaag moet nie deur hoofbestuur in Suid-Afrika ontduik word nie.

DIE VMEO

Ingevolge een van sy oogmerke, is 'n belangrike besluit in 1971 geneem dat die VMEO as die gesaghebbende liggaam wat die belange van munisipale elektrisiteitsondernemings in Suid-Afrika verteenwoordig, betrek behoort te word by internasionale besprekings en ontwikkelings op die gebied van elektrotegniese ingenieurswese. Die VMEO is daardie jaar vir die eerste keer verteenwordig in die Suid-Afrikaanse afvaardiging wat die vergadering van die Internasionale Elektrotegniese Kommissie in Brussels bygewoon het.

Die Uitvoerende Raad het hierdie beleid dwarsdeur die tussenkomende jare gehandhaaf en het voortgegaan om verteenwoordigers na die kongresse van die IEK te benoem.

Die VMEO het ook in oorleg met die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee vir Verligting vir mnr. J. K. von Ahlften benoem tot die Suid-Afrikaanse afvaardiging wat die agtiende sitting van die Internasionale Kommissie vir Verligting in 1975 in London bygewoon het.

Suid-Afrika se internasionale skakels is swak en ons moet daarna strewe om hierdie kontakte in belang van die professie van elektrotegniese ingenieurswese in die algemeen

Based on research studies he has calculated a ratio of 30 plant and property damage accidents for each serious or disabling injury. The total annual cost of injuries and damage is therefore enormous and the responsibility for reducing these costs must not be evaded by top management in South Africa.

THE AMEU

In terms of one of its objects an important decision was made in 1971 that the AMEU as the authoritative body representing the interests of municipal electricity undertakings in South Africa should be involved in international discussions and developments in the field of electrical engineering. In that year for the first time it was represented on the South African delegation which attended the meeting of the International Electrotechnical Commission in Brussels.

The Executive Council has maintained this policy through the intervening years and has continued to appoint representatives to the Congresses of the IEC.

Also the AMEU, in collaboration with the South African National Committee on Illumination, appointed Mr. J. K. von Ahlften to the South African delegation that attended the eighteenth session of the International Commission on Illumination in London in 1975.

South Africa's international links are tenuous and we should strive to maintain these contacts in the interest of the profession of electrical engineering in general and the

en die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf in die besonder, te handhaaf.

Op plaaslike gebied het VMEO-verteenwoordigers aansienlike bydraes gelewer tot verskeie komitees en werk groepe van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en het saamgewerk met die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad. Dit is vir my 'n genoeë om die VMEO se erkenning van die belang van sowel die werk as die invloed van hierdie belangrike organisasies te boek te stel.

Die VMEO verskil van soortgelyke plaaslike bestuursinstitute in Suid-Afrika ten opsigte van die grondwetlike lidmaatskap van raadslede, ingenieurs en affiliaatlede en die krag van die Vereniging lê opgesluit in die spesiale verhouding tussen hierdie lede. Ondersteun deur staatsdepartemente, die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, en sy erkenning deur die Provinsiale Munisipale Verenigings, handhaaf die VMEO 'n posisie van invloed in die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf sowel as in plaaslike bestuur in Suid-Afrika.

SLOT

Ek glo dat die magte van verandering wat elke sektor van ons nasionale lewe raak, sekere noodsaaklikhede en geleenthede aan ons oplewer wat aldus opgesom kan word:-

— dat ons die ontwerpparameters en -maatstawwe vir ons distribusiestelsels krities ondersoek;

— dat die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en die elektrotegniese en verwante bedrywe in Suid-Afrika die uitdaging van ons tyd en situasie in hulle navorsings- en vervaardigingsprogramme aanvaar;

— dat ons die nuwe geslag van bestuurders voorberei en toerus om in te pas by die nuwe ekonomiese, nywerheids- en sosiologiese patroon wat aan die opduik is;

— dat ons groter getalle Swart, Kleurling en Asiatiese tegnici en ambagsmanne opvoed en oplei en die nodige geleenthede vir hulle vordering skep;

— dat munisipale elektrotegniese ingenieurs hulself ten volle laat betrek in beleidmaking en beplanning ten opsigte van die voorsiening van elektrisiteitstoevoere en -installasies in Swart dorpe;

— dat verkwisting van energie en verliese weens beroepsbeserings en skade aan masjinerie en toerusting verminder word;

— dat die menslike hulpbronne wat in die bevolking van hierdie land verborge lê, tot hulle volle potensiaal ontwikkel en benut word;

— dat die energiebronne van hierdie vasteland bewaar, gebruik en ontwikkel word in 'n ware gees van ingenieursamewerking ten bate van almal wat die voordele daarvan sal geniet.

Mnr. die President, baie dankie vir die geleentheid om iets te sê oor die Sekretariële Verslag vir 1975 en 1976. Ek is seker maar die aangewese persoon om dit te doen want gedurende die onderhawige tydperk was ek as President intiem gemoeid met die doen en late van die VMO.

Die verslag is so volledig as wat prakties moontlik is. Soos die Sekretaris dit dan ook stel, moet dit egter saamgelees word met die verslae van die verskillende komitees en verteenwoordigers. Laat my egter toe om enkelepunte te beklemtoon of daarop uit te brei.

Uitvoerende Raad

Die UR het gedurende sy ampstermyn vier keer vergader en, as my geheue my nie parte speel nie, het al die ingenieurlede al die vergaderings bygewoon. Die Dagbestuur wat, benewens die twee vermelde lede, ook die President en die Aangewese President saam met hulle raadslede as lede gehad het, het ook vier keer vergader en al die ingenieurlede daarvan het al hierdie vergaderings bygewoon. Weens die koste aspek en die feit dat raadslede ook na hulle eie sake moet omsien, was dit nie altyd moontlik vir hulle om vergaderings by te woon nie.

Die verskillende komitees en individuele lede van die UR het hard gewerk, sommige baie hard. Die feit dat die betrokke verslae sowat een helfte van die agendastukke van hierdie Konvensie uitmaak, is sprekende bewys daarvan. Hiermee dan ook my gelukwense aan die verantwoordelike persone vir puik verslae.

Die uitdienstreding van mnr. H. C. Dreyer van Paarl het aanleiding gegee tot samesprekings wat die Dagbestuur met die Dagbestuur van die Verenigde Munisipale Bestuur gevoer het, voortspruitend waaruit die VMB besluit het om by die Kaaplandse en ek dink die Natalse Provinsiale Rade aan te beveel dat in die Plaaslike Bestuursordonnansies van dié provinsies 'n bepaling bygevoeg word dat, soos in die geval is in Transvaal, die ontslag van 'n elektrotegniese stadsingenieur onderworpe is aan die goedkeuring van die Administrateur. Ons hoop en vertrou dat die betrokke owerhede gehoor sal gee.

Ek wil graag melding daarvan maak dat een van die UR-lede, mnr. Jules von Ahlften, onlangs verkies is tot President van die SANKV (SANCI)

Takke

As lede van die UR het ons die notules van alle takvergaderings ontvang. Ek kan u verseker dat die takke uitstekend funksioneer en waardevolle werk verrig en dat hulle notules puik is. Dit was seker een van die wysste stappe van die VMEO om die stigting van takke te magtig. Dit kom my egter voor of daar regverdiging is vir 'n vyfde tak wat die ondernemings in die Sentraal- en Suid-Vrystaat, die Sentraal- en Noord-Wes-Kaapland en Suid-Wes-Transvaal insluit.

Kongresse van ander liggame

Dit is goed dat die VMEO hom meer en meer na buite laat geld, ook op internasionale vlak. (Ek het self ondervind dat elektrotegniese ingenieurs meer as politici vermag!)

Dit is verblydend dat ander organisasies met munisipale inslag ook begin agterkom dat die VMEO bestaan. (Ons is immers een van die oudste verenigings met munisipale verbintenis — amper 62 jaar oud!) Dit strek egter nie die ander provinsies tot eer, en ek hoop die raadslede hier teenwoordig sal dit in die oor knoop, dat slegs die Transvaalse Munisipale Vereniging die VMEO na sy kongresse uitnooi; die ander se deure is vir ons toe. Ons is die TMV innig dankbaar daarvoor, ook dat hulle vandag hier 'n amptelike verteenwoordiger het in die persoon van Raadslid Kobie van Zyl van Rustenburg.

Publikasies

Ons moet die Sekretaris gelukwens met die publikasie van die Verrigtinge van die 44e Konvensie en die 6e Tegniese Vergadering. Die tegniese versorging daarvan is puik. Baie dankie en geluk ook dat ons dit so spoedig kon ontvang, iets waaraan ons voorheen nie gewoond was nie. Daar moet egter net gewaak word dat oorywerigheid in dié verband nie ten koste van deeglike redigering is nie.

Wat redigering betref, lê die Dagbestuur sekere aanbevelings aan die UR voor wat, indien dit geïmplimenteer kan word, die meeste probleme in dié verband uit die weg behoort te ruim.

Finansies

Wat geldsake betref, is die VMEO so kerngesond as wat kan kom. Fyner besonderhede verskyn in die verslag van die ouditeure en dié m.b.t. inkomste en uitgawe. Ek vereenselwig my met mnr. W. Barnard se skriftelike kommentaar op hierdie verslae.

Die huidige ledegelde van die VMEO is so lank terug as 1971 vasgestel en is sedertdien nie verhoog nie en ek sien geen rede dat dit in die afsienbare toekoms verhoog sal moet word nie. Voorwaar 'n prestasie in ons tyd! en Evkom kan maar seker daarvan kennis neem.

Dit is interessant om daarop te let dat die wins op publikasies vir die paar 1976 die ongelooflike bedrag van nagenoeg R5 100 beloop het, wat reiskoste, insluitende die koste van twee afgevaardigdes na internasionale kongresse, tw. R2 624 meer as gedek het. Ons is ons Sekretaris en geaffilieerdes ons opregte dank verskuldig.

Afsluiting

Ek wil net noem dat ons Sekretaris onlangs onbestrede herkies is as stadsraadslid van die stad Roodepoort, en die eer het hom te beurt geval om as Onderburgemeester verkies te word. Baie geluk, Bennie. Ons hoop net dat as jy volgende jaar Burgemeester word, dié amp tweede viool sal speel.

Mnr. die President, ek stel voor dat die Sekretariële Verslag vir 1975 en 1976, met dank en waardering aan die Sekretaris, ontvang en aanvaar word.

MR. K. J. MURPHY, Somerset West:

I would like to point out a very small error on the front page of Mr. van der Walt's report, viz. that the Good Hope Branch meets twice annually. The Good Hope Branch actually meets four times a year, i.e. quarterly. Would you make that correction please?

En vir die res daarvan, meneer, wil ek my graag vereenselwig met mnr. Eugene Pretorius se aanmerkings met betrekking tot mnr. van der Walt se werk. Baie dankie.

BENNIE VAN DER WALT, Secretary/Sekretaris:

Mr. President, my I extend to you my personal congratulations on your election to the high office of President of the AMEU. I had the privilege of working very closely with you since I assumed the secretaryship of this Association in 1973 and I can honestly say that you have rendered an outstanding service to the AMEU during that period and no doubt will continue to do so during your tenure of office as President. May God bless you and your wife in the task that lies ahead.

Mnr. die President, vergun my om die uittredende President, mnr. Eugene Pretorius van harte te bedank vir sy onderskraging te alle tye in die uitvoering van my pligte. Ek het baie geheg geraak aan mnr. Pretorius, want 'n wonderlike samewerking en verstandhouding het tussen ons twee bestaan. Mnr. Pretorius was 'n baie bekwame President van die VMEO en ek wens hom nog baie gelukkige jare toe by die VMEO. Baie dankie, Eugene ook vir jou gelukwensinge met my verkiesing as Raadslid en Onderburgemeester van Roodepoort.

Ek neem ook die geleentheid waar om mnr. Piet Botes, 'n Roodepoorter van harte te felisiteer met sy verkiesing tot Aangewese President. As 'n Raadslid van Roodepoort kan ek getuig dat mnr. Botes 'n pligsgetroue en hardwerkende persoon is en 'n goeie hoof van sy Departement. Ek glo mnr. die President, dat hy u nie teleur sal stel nie.

Voorts wil ek ook graag my dank betuig teenoor die uittredende Uitvoerende Raad wat soos 'n span saamgewerk het. Vanweë dié feit kon hulle baie vermag het in belang van die lede van die VMEO. Die talle verslae wat aan u voorgelê word is die duidelikste bewys van die bereidwillige samewerking wat lede van die Uitvoerende Raad op onbaatsugtige wyse gelewer het gedurende die afgelope twee jaar.

Mr. President, as you have said in your Presidential Address, it is the policy of the Executive Council that the AMEU must as far as is possible be represented at the various national conferences in South Africa and even at certain relevant international meetings. This is one way of building a sound image of the AMEU. I regret to state that whilst the Transvaal Municipal Association regularly invites the AMEU to send delegates to attend its Congresses, and I may say the TMA is represented here at this Convention, the other three Provincial Associations, viz. Natal, Cape and OFS still cannot see their way open to extend similar invitations to the AMEU although we invite these Associations to our Conventions. It is worthwhile to mention that a growing co-operation exists amongst the other municipal institutes.

I would like to emphasise again that the AMEU is working in close collaboration with the SABS and those members serving in one of the many SABS committees, deserve a word of appreciation for their continued assistance and contributions made towards the aims of the SABS and may I also thank the directorate and staff of the SABS for a most amiable understanding.

There are many other organisations also on which our members serve and I want to predict that this will be expanded as the image of the AMEU grows in importance.

Mnr. die President, die Uitvoerende Raad gaan op versoek van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, die tydsduur van die Konvensie is hersiening neem, veral vanweë die huidige ekonomiese klimaat. Soos ek die VMEO leer ken het, bestaan sy lede uit studerende mense en is hulle 'n verantwoordelike klomp manne wat uit hul byeenkomste alles haal. As ons in gedagte hou dat die basiese koste van sulke byeenkomste in elk geval aangegaan moet word en terwyl talle belanghebbendes van oor die hele Suider-Afrika na die byeenkomste kom, sal die Uitvoerende Raad die aangeleentheid met die grootste versigtigheid moet oorweeg.

Sir, it is interesting to know that in staging this Convention, I estimate that my office has spent a minimum of 2 000 man hours up to date in organising this Convention. Then there is your own time and that of your staff who was heavily involved in the arrangements, planning and conduct of this Convention which may easily double the number of hours. I took out a survey that shows that eight Municipal Institutes held meetings over a 5-day period; two over a 4-day period; one over a 3-day period; three over a 3-day period; three over a 2-day period and one over a 1-day period. This excludes the Congresses of the Provincial Municipal Associations, some of whom held Congresses of a period of five days. It therefore seems to me that a Convention held every two years over four days is justified.

Furthermore, the main justifications for holding these conventions may be summarised as follows:-

1. For its educational value;
2. For its informal discussions between sessions;
3. It ensures the continued health and growth of the organisation;
4. It encourages its members to active participation;
5. It enhances the public standing of the organisation.

Branches:

In regard to the four Branches, I wish to comment that it serves a very good purpose as a study forum; exchange of knowledge, resolving problems and referring matters of national interest to the Executive Council of the AMEU. The Branches are really playing a big part in the activities of the AMEU.

Publications and Sponsorships:

Once again it is my pleasure to express our sincere appreciation to our Affiliates who so readily provided the advertisements for the two publications, viz. the 44th Convention Proceedings 1975 and the 6th Technical Meeting Proceedings 1976. It is due to this financial support that we were able to print such prestige publications and with printing costs escalating all the time, I trust that the AMEU will always be given the financial support by our Affiliates.

(1) Limited number 1975 copies available.
Names/addresses Information Desk.
(2) Advertising space available.

I also place on record our thanks for the various sponsorships organised by our Affiliates. This makes for a better understanding and co-operation amongst our members.

Finansies:

Die administrasie van die geldsake van die VMEO is deel van my pligte. Ek strewe daarna om 'n sterk fonds op te bou vir die VMEO, sodat dit nie weer nodig sal wees om ledegelde te verhoog nie. Trouens terwyl alles opgegaan het in die prysstruktuur gedurende die afgelope jare, het die heffings van die VMEO konstant gebly en hoop ek dat dit so kan bly vir baie jare om te kom. Dit is 'n feit dat mense nie geassosieerd wil wees met 'n finansieël swak organisasie van watter aard ook al, daarom is dit 'n doelwit wat ek te alle tye sal uitbou mnr. die President en afgevaardigdes. Dit is nou vir my aangenaam om my sekretariëleverslag en die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 1976 aan u voor te lê vir u goedkeuring.

MR. W. BARNARD, Johannesburg:

Mr. President, as you said, time is short and the report is short and it seems to me the previous speakers have encroached very much on my field, so you will excuse me if I am very brief. I feel I cannot add very much to the report which has been laid on the table and which, unlike the Presidential Address, I think gives rather an optimistic and a very promising vision of the future for the Associaiton. I would like also to add to what the previous speakers have said about the Secretary. I think it is important, if you want to establish yourself on a sound financial basis, to be prepared to spend money and I think that recently in spending money on a prestige publication, we have cast our bread on the waters and it has come back ten fold. I think we have a first class publication; we enjoy tremendous support from our Affiliates and, as I have already said in my report, I doubt that they can find a better medium for their advertising.

Mnr. die President, ek het ook melding gemaak in my verslag dat ons fondse het wat ons moet belê. Ons het nou besluit dat ons van die fondse in Munisipale en Evkomeffekte en -obligasies gaan belê. Ek voel baie gelukkig oor die finansiële posisie waarin die VMEO verkeer. Dankie.

RAADSLID G. D. BORNMAN, Johannesburg:

Mr. President, I am afraid I was not briefed on this one, but it seems to me, having looked at the results of your Organisation, that they are much better than those of certain other organisations we know of and I would like to second the adoption of the Financial Report placed before you. Thank you.

RAADSLID S. D. JOUBERT, Springs:

Mnr. die President ek wil net vooraf u gelukwens met u Sekretariaat; aan die persone wat weer gekies is en u hartlik bedank vir die pragtige samewerking en die reelings wat getref is om ons van daar ver af so tuis te laat voel. Baie dankie. Dit is vir my 'n baie besondere eer om die kans gegun te word om 'n paar woorde aan u te te rig.

It is with some misgiving that I undertake the task of addressing such an illustrious gathering. You must remember that we on the Highveld are used to having our municipal taxes met by the taxpayer presenting some bags of mealies or pumpkins, etc., in payment.

This reminds me of the very overweight American Negress who, when asked her surname by the Judge, replied "Mrs. Electricity". When the Judge questioned her about her queer surname, she replied "Well sir, my name is Dinah and my husband's name is Mo, so if that does not make electricity, then I don't know".

This fat "Mrs. Electricity" reminds me of the malady that most South African women suffer from: If they had less span they would be more spick.

Ek het die voorreg gehad om u finansiële verslag te lees. Dit weerspiël 'n baie gesonde toestand van sake en ek wil u daarmee felisiteer.

Wat my veral opgeval het, was dat u in staat was om die uitgawes so laag te kon hou dat die inkomste uit ledegelde eersgenoemde kon dek.

Die inkomste wat verkry word uit advertensiegelde, kongresbywoning se bydraes, rente uit belegging en inkomste uit die verkoop van publikasies, dra alles by tot 'n pragtige surplus. Inderdaad 'n navolgenswaardige voorbeeld van gesonde besigheidsbeginsels en samewerking wat uniek is.

In this day and age, with the cost of all commodities skyrocketing daily, and with the substantial surplus in mind, a justifiable case could easily be made out in support of a reduction of members' subscriptions. I contend though that this would be a shortsighted view, and not in the best interests of the Association.

Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie Vereniging die kulminasie van al die munisipale elektrisiteitsondernemings in Suid-Afrika is, en waar hy in die brandpunt staan van alle kennis en tegnologiese vordering op die gebied van kragopwekking en retikulasie, moet hy inderdaad finansiëel in staat gestel word om hierdie versamelde kennis te versprei tot al die uithoeke van ons land en selfs oorsee. „Meer fondse gee meer amperes".

Kyk ons na die sekretariële dienste, met mnr. Bennie van der Walt aan die spits, sien ons dat inkomste verkry uit beleggings deur die Vereniging gemaak, bykans die koste dek en dit getuig van die ywer en ondernemingsgees van die kant van mnr. van der Walt. Saam met die uitstekende werk van die komitee vir geldsake, onder voorsitterskap van mnre. Wessel Barnard en Jules von Ahlften, wil ek hiermee mnr. van der Walt van harte gelukwens met die mooi resultate wat bereik is.

Verhoging in kragverbruik is altyd 'n aanduiding van 'n dorp se vooruitgang, en dit is waarom my vriend Jules gedurig soos 'n hoender sy eiertjie lê. Dit laat my dink aan die kêrel wat sy broer na 'n psigiater toe gebring het, en aan hom verduidelik dat sy broer vir vier maande lank glo hy is 'n hoender wat eiers lê. Verbaas vra die psigiater waarom hy dan nou eers na hom toe kom. Wel mnr., sê die broer, u sien, ons is maar baie arm en die eiers het handig te pas gekom.

Nogmaals baie dankie, mnr. die President.

VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GELDSAKE OOR DIE FINANSIELE RESULTATE VIR DIE JARE WAT OP 31 DESEMBER 1975 EN 31 DESEMBER 1976 GEËNDIG HET

'n Ondersoek van die balansstate vir hierdie twee jaar kan net groot tevredenheid met die finansiële posisie waarin die Vereniging hom bevind, verskaf.

Nog onlangs, op 1 Maart 1973, was daar 'n tekort van R566 en sedertdien het die Vereniging van krag tot krag gegaan. 'n Opvallende kenmerk van die balansstate is die aansienlike verhoging in die inkomste uit advertensies. Dit het in so 'n mate toegeneem dat die koste verbonde aan die druk van die Handelinge nou deur dié inkomste gedek word.

Dit is 'n merkwaardige prestasie en dit kan net aan die uitstekende finansiële bestuur van die Sekretariaat toegeskryf word.

Ons wil ook graag ons opregte waardering jeens die Geaffilieerdes uitspreek vir hulle aansienlike en volgehoue steun in die verband. Ek is seker dat ons geaffilieerde organisasies nie maklik 'n winsgewender reklamemedium as ons puik publikasie sal vind nie.

Sommige lede sal dalk meen dat die ledegeld vanweë die vereniging se sterk finansiële posisie verminder kan word. Ons meen dat dit 'n kortsigtige houding sal wees en die posisie moet inteendeel eerder verstewig word sodat die Vereniging se werksaamhede uitgebrei kan word ten einde deur middel van groter deelname aan beide nasionale en internasionale aktiwiteite ruimer doelstellings te bereik, wat vir die Suid-Afrikaanse elektrisiteitsondernemings van belang is. Dit kan net maar tot die voordeel van die land as geheel strek en die uiters belangrike rol van die munisipale elektrotegniese ingenieur met betrekking tot die lewering van 'n noodsaaklike diens bestendig.

Ons meen dat as die VMEO 'n belangrike rol in dié verband gaan speel, hy deur 'n gesonde finansiële posisie gerugsteun moet word.

Ten besluite moet daar oorweeg word hoe die Vereniging se geld ten beste belê kan word. Die Komitee vir Geldsake skenk verdere aandag hieraan en sal mettertyd verder hieroor verslag doen.

REPORT OF THE FINANCE COMMITTEE ON THE FINANCIAL RESULTS FOR THE YEARS ENDING 31 DECEMBER, 1975, AND 31 DECEMBER, 1976

An examination of the Balance Sheets for these two years can only result in great satisfaction at the financial position in which the Association finds itself.

It was only a short while back, on 1 March, 1973, that there was a deficit of R566 and from that point onwards the Association has gone from strength to strength.

A significant feature of the Balance Sheets is the considerable increase in advertising revenue to the extent that the cost of printing the Proceedings is now being covered by this income.

This is a very remarkable achievement and can only be attributed to the excellent financial management of the Secretaries.

We would also like to express our sincere appreciation to the Affiliates for their substantial and continuing support in this regard. I am sure, with the very fine publication now being produced, our Affiliates wil not easily find a more profitable advertising medium.

Some members might feel that because of the Association's strong financial position, the subscriptions could be reduced. This, we consider would be a short-sighted attitude and on the contrary the position should rather be consolidated so that the Association's activities can be broadened to achieve wider objectives by greater participation in both national and international activities of concern to the South African electricity supply industry. This can only be of considerable benefit to the country as a whole and establish the vital role of the Municipal Electrical Engineer in providing an essential service.

We consider that if the AMEU is to play an important role in this regard it should be placed in a position to operate from a sound financial base.

Finally, consideration should be given to the best investment of the Association's funds. The Finance Committee is giving further attention to this and will report further in due course.

W. BARNARD,
Saamroeper — Komitee vir Geldsake/Convenor — Finance Committee.

PUBLISITEITSVERSLAG

„Munisipale Administrasie en Ingenieurswese" onder hoofredaksie van mnr. Robert Calburn, B.S.(Oxon), is sedert Januarie 1974 die amptelike lyfblad van die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suid-Afrika.

In hierdie verslag oor die onderhawige tydperk sedert die 44ste Konvensie, moet in die besonder melding gemaak word van die redakteur se indrukwekkende dekking van die Konvensie-verrigtinge en -funksies wat in die uitgawe van Junie 1975 verskyn het. Die inhoud en ruime vertoon van foto's het die Vereniging ongetwyfeld tot eer gestrek in 'n publikasie wat erken word as die gesaghebbende kommunikasiemiddel vir munisipale sake.

Daarbenewens is die volgende artikels in verband met die Vereniging se bedrywighede ook gepubliseer:-

Referaat oor "Cable Fault Location", deur mnr. Martin Baur (Augustus 1975).

Referaat oor "A Modern Approach to the Reticulation of Residential Townships", deur mnr. V. A. Raynal (September 1975).

Artikel oor "Sportsfield Lighting, deur mnr. F. Strutt (Oktober 1975).

Referaat oor "Vacuum Circuit Breaker Switchgear", deur mnr. G. Auton (Augustus 1976).

Referaat oor "The Practical Application of C.I.E. 12/2", deur mnr. P. Hartill (September 1976).

Beknopte „Nuusbrokkies oor Persone" ten opsigte van uitdienstredings en aanstellings van ingenieurs het ook van tyd tot tyd verskyn, sowel as verslae oor ontwikkelings op die gebied van ingenieurswese in verskeie munisipale elektrisiteitsondernemings. Hierdie berigte van aktuele belang het lede op hoogte van sake en in voeling met mense en projekte gehou.

Daar moet egter weer eens 'n beroep gedoen word op diegene wat betrokke is by sodanige belangwekkende ontwikkelings en gebeurlikhede, om stof vir publikasie in te dien.

Alle artikels en bydraes het opvallend in die tydskrif verskyn onder die Vereniging se naam en wapen en waardering word uitgespreek teenoor diegene wat stof en foto's vir publikasie ingedien het.

PUBLICITY REPORT

Since January, 1974, "Municipal Administration and Engineering", under the General Editorship of Mr. Robert Calburn, B.A.(Oxon), has been the official journal of the Association of Municipal Electricity Undertakings of South Africa.

In this report for the period under review since the 44th Convention, special mention must be made of the Editor's impressive coverage of the Convention Proceedings and functions published in the June, 1975, issue. The text and lavish display of photographs undoubtedly brought special honour to the Association in a publication which has come to be recognised as the authoritative communication medium for Municipal Affairs.

In addition the following articles related to activities of the Association were published:-

Paper on "Cable Fault Location", by Mr. Martin Baur (August, 1975).

Paper on "A Modern Approach to the Reticulation of Residential Townships", by Mr. V. A. Raynal (September, 1975).

Article on "Sportsfield Lighting", by Mr. F. Strutt (October, 1975).

Paper on "Vacuum Circuit Breaker Switchgear", by Mr. G. Auton (August, 1976).

Paper on "The Practical Application of CIE 12/2", by Mr. P. Harthill (September, 1976).

Brief "Personality News Items" of retirements and appointments of engineers appeared from time to time as well as reports of engineering developments in various Municipal electricity undertakings. These items of topical interest served to keep members informed and in touch with people and projects.

However, the appeal must be made again to those involved in such newsworthy developments and events, for wider support in submitting material for publication.

All articles and contributions have been published prominently in the journal under the Association's name and Coat of Arms and appreciation is expressed to those persons who contributed copy and photographs for publication.

Raychem Termination systems

Raychem first introduced heat-shrinkable tubing and moulded parts in the late 1950's. Millions of termination systems have been used in applications up to 1 kV throughout the world for more than ten years. Concurrently, extensive research and field trials were conducted to develop new heat-shrinkable materials capable of operating at voltages up to 36 kV. These materials which are resistant to low temperatures, ultra violet radiation, and extreme atmospheric pollution, have for many years proved their performance throughout the world at these high voltages. Out of these new materials developed a unique termination system consisting of a heat-shrinkable non-tracking weather resistant outer protection with a specially formulated electrical stress control tubing, conclusively proved to terminate all types of plastic and paper insulated cables. The terminations have shown excellent performance and are designed to meet, or even exceed, the life of the cable itself. These systems are now specified by many electrical utilities throughout the world. They are acknowledged to be simple, highly reliable and much cheaper to install than traditional termination systems. Standard kits are available to provide a minimum of terminations to meet maximum variation in cable diameters and insulation thickness. This means substantially reduced inventories. Shrinking is fast and requires no special tools or skills. Normally a standard electrician's torch is used but a large range of electrically powered shrinking devices are available.

Raychem (Pty) Ltd.

Head Office:
42 Industry Road
P.O.Box 134
Olifantsfontein 1665
Tel: 012-611628/29/30
Twx: 3-0593 SA

Durban Office:
407 Picadilly House
Aliwal Street
P.O.Box 54
Durban 4001
Glenashley 4022
Tel: 031-323679

Die Konvensie in Durban in 1975 het 'n redelike mate van radio-dekking geniet en die geleentheid het veral op die voorgrond getree as gevolg van die onderhoud met die President, mnr. E. de C. Pretorius, wat gedurende die Konvensieweek deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie uitgesaai is.

Die Hoofredakteur, mnr. Robert Calburn, word gelukgewens met sy uitstekende bydrae tot die werk en invloed van die Vereniging. Sy redaksionele huldeblyk aan die Vereniging het ongetwyfeld en in die besonder daartoe gelei dat die Vereniging in 'n groter mate erkening geniet as 'n invloedryke en allerbelangrike sektor van Plaaslike Bestuur in Suid-Afrika.

The Convention in Durban in 1975 was given a fair measure of radio coverage and the occasion was especially marked by the recorded interview with the President, Mr. E. de C. Pretorius, transmitted by the South African Broadcasting Corporation during Convention week.

General Editor, Mr. Robert Calburn, is commended for his outstanding contribution to the work and influence of the Association. In particular his editorial tribute to the Association undoubtedly served to enhance its image as an influential and vitally important sector of Local Government in South Africa.

K. G. ROBSON,
Publisiteitsbeampte/Publicity Officer.

VERSLAG VAN DIE AANBEVELINGSKOMITTEE VIR NUWE ELEKTRIESE TOEBEHORE 1975-1976

Die Komitee bestaan uit die volgende persone:-

Mnre/Messrs.	P. J. BOTES	—	Sameroeper (VMEO)/Convenor (AMEU)
	J. A. LOUBSER	—	VMEO/AMEU
	D. P. VILJOEN	—	Johannesburg Elektrisiteitsdepartement Johannesburg Electricity Department
	L. B. CUMMING	—	S.A.I.E.I./S.A.I.E.E.
	G. H. KOHLER	—	EVKOM/ESCOM
	E. J. CHAPPLE	—	EVKOM/ESCOM
	F. J. PRINS	—	SABS
	B. C. LAWRENCE	—	SABS
	J. V. GRANT	—	SABS
	A. F. W. EGGERS	—	HPK/GPO
	R. A. LEIGH	—	Johannesburg Elektrisiteitsdepartement Johannesburg Electricity Department
	J. T. WILLIAMS	—	S.A.I.E.I./S.A.I.E.E.
	J. A. MORRISON	—	E.I.A.N./E.E.A.I.A.
	D. J. J. CONRADIE	—	SAVRI/SAACE
	D. F. KNEALE	—	EKV(SA)/ECA(SA)

Die VMEO behartig die administrasie van die komitee en dit behels heelwat korrespondensie. Die SABS lewer 'n hoogsgewaardeerde bydrae deur die toetsing van die toebehore en dra by tot die besluite wat geneem word. So ook verskaf Johannesburg Elektrisiteitsdepartement die byeenkomplek en huisves alle toebehore wat voorgelê word vir oorweging. Namens die komitee doen die verteenwoordigers van Johannesburg sekere inspeksies op verbeterde toerusting in oorlegpleging met die vervaardigers.

Mnr. H. P. Alexander (EVKOM) Natal, het versoek dat die een of ander leiding gegee moet word wat betref enige spesiale faktore wat in aggeneem moet word wanneer goedkeuring verleen word. Dit word normaalweg gedoen en wanneer geen melding gemaak word in die brief van goedkeuring nie word geen spesiale voorsorgmaatreëls nodig geag nie. Die klousule wat betrekking het op die verkryging van die Ingenieur se toestemming kan egter nie van afgesien word nie.

REPORT OF THE RECOMMENDATIONS COMMITEE FOR NEW ELECTRICAL COMMODITIES 1975-1976

The Committee consists of the following persons:-

The AMEU handles the administration of the committee which is involved in a substantial amount of correspondence. The SABS renders a highly valued contribution in the testing of the commodities and also contributes to the resolutions taken. Johannesburg Electricity Department provides the meeting place and accommodates all commodities submitted for consideration. On behalf of the Committee the members of Johannesburg carry out certain inspections on improved equipment and consult with the manufacturers.

Mr. H. P. Alexander (ESCOM) Natal, requested that some guidance should be given concerning any special factors to be taken into account in giving approval. This is normally done, and when no mention is made in the letter of approval no special precautions are considered necessary. The clause regarding obtaining permission of the Engineer, however, cannot be waived.

MNR. PIET BOTES

Datum/Date	Aantal items goedgekeur Number of items approved	Aantal items terugverwys Number of items deferred	Aantal items nie goedgekeur Number of items not approved
1975 - 06 - 05	6	1	1
1975 - 07 - 30	9	1	2
1975 - 10 - 30	9	2	0
1976 - 02 - 12	10	—	2
1976 - 06 - 10	6	1	0
1976 - 09 - 08	1	1	2
1976 - 11 - 04	2	2	0
TOTAAL/TOTAL	43	8	7

Van die sewe (7) items wat nie goedgekeur is nie was vyf (5) van 'n soort kabellas waar die gevoel was dat dit buite die bevoegheid van die Komitee val.

'n Aansoek vir 'n ligspoor was afgewys weens die feit dat dit nie gepolariseerd was nie. Die Komitee het 'n staande besluit geneem dat in die toekoms slegs ligspore wat gepolariseerd is aanbeveel sal word vir gebruik.

'n Volledige lys van die aanbevelings sal elke twee jaar beskikbaar gestel word. Wanneer lede goedkeuring van nuwe toebehore oorweeg moet hulle aandring op 'n kopie van die VMEO-goedkeuringsbrief waarin alle spesiale vereistes gemeld sal word.

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om almal wat op die Komitee dien te bedank vir hulle samewerking en veral aan die Elektrisiteitsdepartement van Johannesburg vir die verskaffing van die vergaderplek asook die versnaperings wat voorgesit word.

Of the seven (7) items not approved five (5) were for a type of cable joint which fell outside the jurisdiction of the Committee.

An application for a light track was turned down because it was not polarised. The Committee took a standing resolution to the effect that in future only polarised light tracks will be recommended for use.

A comprehensive list of the recommendations will be made available every two years. When members consider the use of newly approved commodities, they must insist on a copy of the AMEU-approval letter in which all special conditions will be mentioned.

I wish to take this opportunity of thanking all Committee members for their co-operation and especially the Johannesburg Electricity Department for the provision of the meeting place and for the refreshments provided.

P. J. BOTES
Sameroeper/Convenor

Afgevaardigdes geniet verversings.

MR. K. G. ROBSON, President:

We have apologies for non-attendance from the Editor of Municipal Administration and Engineering, Mr. Robert Calburn, but it is my pleasure to welcome in his place Mr. John Arundel, who is the Engineering Editor of that journal. I have nothing further to add to my report, but I would ask Mr. John Arundel to come forward and contribute to the discussion on the Publicity Report.

MR. JOHN ARUNDEL, MA&E:

Mr. President, it certainly is a pleasure to be here today and an honour to speak on the Publicity Report. Mr. Robert Calburn, the General Editor of the Magazine, asked me to apologise for his absence and to read to you his comments on the Publicity Report. These are as follows:-

Although MA&E has been your official journal since January, 1974, my endeavours to bring about that happy situation go back much farther than that. Indeed it must be at least 15 years ago that I attended a meeting of your Executive Council held in the Electricity Department of Johannesburg — in the days of Mr. Kane — for a discussion on the question of the Association's adopting **Municipal Affairs** (as the magazine was then known) as its official organ. MA&E is the country's only local government magazine of a general nature, covering every aspect of local government activity, including engineering. That means that it is read by councillors and senior executive officials, administrative and engineering, throughout local government, which in turn means that the extensive coverage it gives to AMEU matters reaches all those people, and an even wider circle of readership, academic and otherwise; which I take it is what the Association really wants. It is only to give you that assurance that I have ventured to mention the magazine here, and I would like you all to be assured that, in co-operation with your Publicity Officer and with your indefatigable Secretary, Mr. Bennie van der Walt, MA&E will continue to do everything it can — and with very great pleasure, too — to give the AMEU the fullest and most effective publicity possible.

As a local government commentator, I am most impressed by the AMEU as a benefit to local government. I am convinced that that benefit is in large measure due to its affiliate membership — the electrical industry of the Republic. The AMEU has acted wisely in bringing in the electrical industry and giving it affiliate membership of the Association. In its membership of the AMEU, and through its lively participation in the Association's conventions, the electrical industry has a platform from which to address local government directly on any difficulties which it wishes to air, or matters which it thinks worthy of special attention. The AMEU is so far unique — though the grapevine has it that it will, happily, not remain so — in its affiliate membership derived from electrical trade and industry. It has set a very important example by instituting that arrangement.

With my good wishes for the Association's future, Mr. President, I venture to couple the hope that MA&E may be privileged for a long time to render it such small assistance as within it lies. Thank you.

MR. K. G. ROBSON, President:

Thank you, Mr. Arundel. Please convey to Mr. Calburn our thanks for his continued interest in the affairs of the AMEU and for the publicity he is giving it through the pages of Municipal Administration and Engineering.

MR. J. K. VON AHLFTEN, Springs:

Mr. President, it has crossed my mind that a quarterly newsletter would be an effective method of advertising our Association's affairs. I see that Mr. van der Walt does issue quarterly newsletters on the activities of the Recommendations Committee, but I wonder if we couldn't publish this on a quarterly basis in the Journal, covering the activities of IEC, SABS, the Recommendations Committee and other information. At the moment occasionally one sees an AMEU news item in the Journal, but this is not often.

MR. K. G. ROBSON, President:

Thank you for your proposal, Mr. von Ahlften. The problem is to give effect to it. One of the great disappointments when you handle publicity matters — and I speak from several years of experience as Publicity Officer — is that everyone is far too modest and it is extremely difficult to get anything out of anybody particularly, for some strange reason, a photograph. I think it will depend on the man who is responsible for publicity to endeavour to gather this kind of information and pass it to the Editor of the Journal who, I am sure, will publish it on a quarterly basis appearing under the Coat of Arms of the Association. But one comes up against this almost insurmountable difficulty of getting people, not only to write about themselves, but also to write about some of the things that are being done in their Undertakings. May I make another appeal to the members of the AMEU — ALL the members — to give this matter their support. There is always something of interest to the other man who is going to read the Journal and I think, Mr. von Ahlften, that we should take up your suggestion — it is one worthy of keeping in mind and, if I may say this to the Secretaries of the various Branches, it really isn't sufficient just to refer the Publicity Officer, or for that matter the Editor of the Journal, to the minutes of your meetings, because these people have not the time to read these minutes in the hope of finding what you consider to be of interest and would like to have published. If you want something to be published in the Journal, then give the information clearly and concisely to the Publicity Officer or the Editor of the Journal.

MNR. P. J. BOTES, Roodepoort:

Eerstens wil ek die SABS en daardie Voorstadjie van Roodepoort — Johannesburg bedank vir die bydraes wat hulle lewer om van hierdie komitee die sukses te maak wat dit is. Ek wil eger ook onder u aandag bring dat die organisasie verbonde aan die werksaamhede van hierdie komitee baie tyd van die Sekretaris is beslag neem. Graag wil ek 'n regstelling maak ten opsigte van item 2 op Bulletin nr. 129 van Februarie 1977. Dit gaan oor „Nie-gepolariseerde stelsels" want ek vind die bewoording skep verwarring. Die bewoording behoort te lees „Nie-gepolariseerde verligtingstelsels" in Engels "Non-polarised lighttracks". Dit hou geen verband met gepolariseerde en nie-gepolariseerde aardbeveiligingstoestelle nie.

The following request was received from Escom's Cape Western Undertaking:-

"In view of the number of fatal household accidents that occur in South Africa every year as a result of incorrect or poor connections in 15 amp plugs, could not regulations be formulated which would compel the suppliers of such goods to fit plugs correctly before sale".

I personally am not sure whether this is practical. An indication in due course on how members feel on this subject will be appreciated.

During the year, Mr. Kohler, who has served on this Committee as Escom's representative for a number of years, has now retired and I wish to express my sincere appreciation of the services rendered to the Committee by Mr. Kohler.

Thank you, Mr. President.

MR. J. A. LOUBSER, Benoni:

If the statistics of the past 2 years are compared with those of earlier years, it will be observed that far less items were finally disapproved than was the case in the past. The reason for this is that the Committee has referred a considerable number of products back to the suppliers/manufacturers with proposals for amendments to make them acceptable. This is certainly a step in the right direction, which should be welcomed by all.

Unfortunately, as a result of this policy of the Committee, considerably more correspondence has to be handled. In addition, the facts that meetings take up to 1½ hours each and that 15 highly qualified people are involved, lead one to wonder whether the time is not ripe for a fee to be charged for this service. An advantage which would result from this is that commodities would not lightly be submitted to the Committee for approval.

As a further thought, the allocation of a mark of some sort or another as an indication that the equipment concerned has been found suitable for use by the Committee, could also be considered.

During the 44th Convention, it was reported that the Committee had recommended that the Standard Wiring Regulations be amended in such a manner as to provide for a new wiring system which should have a great influence on the cost of the installation. Applications for these systems are still being received and, although finality has not as yet been reached in this connection, members can nevertheless be assured that each case will be treated on its merits.

The Committee will inform you of any such approval in due course.

I wish to associate myself with the words of thanks expressed by the Convenor, and also to express thanks to our Secretary for the competent manner in which he handles the administration of the Committee.

VERSLAG VAN DIE EVKOM-SUBKOMITEE VIR 1975 EN 1976

1. **Spesiale Tarief vir Munisipaliteite**

Die Komitee het die afgelope twee jaar baie tyd aan vergaderings met Evkom en aan korrespondensie met die Verenigde Munisipale Bestuur bestee in 'n poging om 'n spesiale elektrisiteitstarief vir plaaslike owerhede te verkry.

Dié toedrag van sake duur nog voort maar dit blyk 'n verlore saak te wees aangesien Evkom in die eerste plek nie bereid is om 'n spesiale tarief te oorweeg nie en tweedens het die Sekretaris van Nywerhede daarop gewys dat meeste munisipaliteite skynbaar tot bevredigende tariefooreenkomste met hulle verbruikers geraak het.

Daar is egter nog 'n poging deur die Verenigde Munisipale Bestuur aangewend op grond van die feit dat munisipaliteite organisasies sonder winsbejag is wat 'n noodsaaklike diens aan baie verbruikers lewer wat nie dié geld kan verhaal nie en blykbaar is daar regverdiging daarvoor om verbruikers ten koste van die handel en nywerheid te subsidieer.

2. **Bekendmaking van Evkom-verhogings**

Lede het versoek dat Evkom jaarliks die voorgestelde verhogings in September moet aankondig of minstens ses maande kennis van tariefverhogings moet gee sodat daar in die plaaslike bestuur se jaarlikse begroting daarvoor voorsiening gemaak kan word. As gevolg van die verhogings wat deesdae so kort op mekaar volg, steenkoolpryse wat elke kwartaal aangepas word, en 'n toeslag twee maal per jaar is dit nie moontlik nie. Evkom het egter beloof om so lank as moontlik voor die tyd kennis te gee maar dit blyk dat dit 'n bevredigende oplossing is dat al die plaaslike besture outomatiese prysaanpassingsklousules moet hê waarvolgens enige styging in Evkom-tariewe verhaal sal kan word sonder om the Raad of the Provinsiale owerheid se magtiging vir die styging te verkry.

3. **Aankoop van 'n Plaaslike Evkom-netwerk**

Hierdie aangeleentheid is bevredigend afgehandel aangesien uitstaande skuld aan Evkom afbetaal is. Evkom is in sommige gevalle bereid om dit te oorweeg dat die plaaslike bestuur die uitstaande lening oorneem.

4. **Toevoeronderbrekings — Middelburg, Tvl.**

Die munisipaliteit van Middelburg het die VMEO genader met die oog daarop om hulle steun te verkry om korting te vra ten opsigte van heffings vir oormaataanvraag wat te wyte is aan heraansluiting van Evkom se toevoer nadat dit onderbreek is.

Evkom is die saak goedgesind maar hy wys op tegniese probleme veral waar daar nie aanvraagdrukkers vir aanvraagmeting gebruik word nie.

Gevolglik is daar ooreengekom om by alle lede per omsendbrief vas te stel wat die omvang van die probleem is. Die uitslag van 'n vraelys wat uitgestuur is, dui daarop dat Middelburg feitlik die enigste plek is waar dié probleem opgeduik het en 'n oplossing kan wees om in sulke gevalle met Evkom in aanraking te kom ten einde magtiging te verkry om die vasgestelde gewone maksimum aanvraag te oorskry voordat dit gedoen word.

5. **Spanningsvalsekering**

'n Tegniese memorandum oor spanningsvalsekering wat deur Evkom opgestel is, is aan al die lede gestuur.

Plaaslike Besture wat hulle eie kragsentrales of groot

REPORT OF THE ESCOM SUB-COMITTEE FOR 1975 AND 1976

1. **Special Tariff for Municipalities**

The Committee has over the last two years devoted a considerable amount of time, both at meetings with Escom and in correspondence with the UME, in an attempt to obtain a special electricity tariff for Local Authorities.

This is still continuing but appears to be a lost cause, in that as firstly, Escom are not prepared to consider a special tariff and secondly, that the Secretary for Industry pointed out that most Municipalities have apparently reached satisfactory tariff arrangements with their consumers.

A further approach has, however, been made through the UME on the basis that Municipalities are non-profit organisations supplying an essential service to many consumers who are unable to pass on these charges and there appears to be justification to subsidise them at the expense of commerce and industry.

2. **Notification of Escom Increases**

Members have asked that Escom should declare proposed increases each year in September or give at least six months' notice of tariff increases so that provision can be made in the Local Authority's annual budget.

With the frequency of present-day increases, coal adjustments every quarter and surcharge twice per year, this is not feasible. However, Escom have undertaken to give as much notice as possible, but a more satisfactory solution appears to be for all Local Authorities to have excalation clauses which will automatically recover any increase in Escom charges without the need to obtain Council or Provincial authority for the increase.

3. **Purchase of an Escom Local Reticulation Network**

This matter has been satisfactorily finalised on the basis of paying Escom the outstanding debt. In some cases Escom are prepared to consider permitting the Local Authority to take over the outstanding loan.

4. **Supply Failures — Middelburg, Tvl.**

Middelburg Municipality requested the AMEU to approach Escom with a view to getting their agreement to rebate excess demand charges resulting from restoration of supply after failure of Escom's supply.

Escom are sympathetic but pointed out technical difficulties, especially where printometers are not used for demand metering.

It was therefore agreed to circularise all members to establish the extent of the problem. The result of a questionnaire sent to Local Authorities indicates that Middelburg is virtually the only place where this problem has arisen and a solution could be, in such instances, to contact Escom for authority to exceed the established normal maximum demand before this is done.

5. **Volt Dip Proofing**

A technical memo on Volt Dip Proofing, drawn up by Escom, was sent to all members.

Local Authorities operating their own power stations or

pompinstallasies het, moet spesiale aandag aan die memorandum skenk, maar blykbaar hoef die meeste Plasslike Besture geen stappe te doen nie.

6. **Grond wat vir Evkom- en ander hoogspanningskraglyne in nuwe voorstede opsygesit word**

Die VMEO is gevra om kommentaar te lewer op „Grond wat vir Evkom- en ander hoogspanningskraglyne in nuwe voorstede opsygesit is". 'n Memorandum is voorgelê en belangstellende lede kan by die sekretariaat inligting daaroor verkry.

7. **Gemeenskaplike vore: HPK-gebruikskode**

Die finale gebruikskode is aan al die takke gestuur en aangesien baie ongunstige kommentaar ontvang is, is die HPK in kennis gestel dat die VMEO die kode onaanvaarbaar vind.

Die ongunstige kommentaar is nou met die HPK bespreek en die kode word met inagneming van die kommentaar gewysig — voorsiening word ook gemaak vir die lê van waterleidings in die gemeenskaplike vore.

large pumping plants, should pay special attention to the memo, but for the majority no action appears necessary.

6. **Ground Reserved for Escom and Other HV Power Lines in New Townships**

The AMEU were asked to give their comments on "Ground Reserved for Escom and other HV Power Lines in New Townships". A memo was submitted and is available from the secretaries to members who are interested.

7. **Common Trenches — GPO Code of Practice**

The final code of practice was sent to all branches and, as many adverse comments were received, the GPO was notified that the AMEU found the code unacceptable.

The adverse comments have now been discussed with the GPO and the code is being amended, taking the comments into account — also to make provision for sharing trenches with water services.

W. BARNARD,
Saamroeper/Convenor.

Mr. J. C. (Jack) Waddy, Past President of the AMEU receives his Honorary Membership Certificate from Mr. K. G. Robson, President.

The first concerns the importance of good international nomenclature in meetings. At one meeting, concerned with electrical heating of buildings, the considerable discussion regarding the installation included requirements for the cold tails. After long discussion one delegate innocently asked — but what is a cold tail? There was an ominous silence. It took me, the Chairman, to break the tension by saying: It is the north European version of hot pants.

The second one may be remembered by Emil de Villiers when at the Bucharest Meeting of TC 64 of which I am Chairman. I was having some difficulty understanding what the Russian delegation really meant. After some efforts the interpreter of the Russian delegation — a charming lady called Olga — said:-

"Mr. President! The USSR delegation does not wish to delay the work of the committee so please proceed. At the teabreak we will ask the South African delegation to express our thoughts in good English".

And this happened with the USSR delegation seated alphabetically at the back flanked by the United Kingdom and USA while the South African delegation under its French name Afrique du Sud was seated at the front.

The third happened at a select party for Presidents of National Committees outside Munich. There was beer, German Champagne, umpha-umpha band and dancing. I enjoy dancing and at one stage the President of the USSR delegation came to me and said, "Mr. Middlecote — if in Council tomorrow we vote on the vital question of the best dancer of the IEC, the USSR National Committee will vote for South Africa."

I'm pleased that you, President Ken Robson, will be accompanying me to Moscow next week. We have already decided on a suitable code to replace the conventional S.O.S — it is "Please send the pepper" — to match the salt we might be compelled to dig.

With those words may I thank Mr. Von Ahlften for his report.

Verslag van die WNNR se Advieskomitee Insake Elektrotegniese Ingenieurswese

Hierdie verslag dek die werksaamhede van die Nasionale Navorsingsinstituut insake Elektrotegniese Ingenieurswese (NNEI) vir die afgelope twee jaar, want geen jaarverslag is in 1976 aan die Tegniese Vergadering te Rustenburg voorgelê nie.

U verteenwoordiger het die vergadering van die Advieskomitee in November 1975 bygewoon, maar was in November 1976 afwesig, aangesien die halfjaarvergadering van die Uitvoerende Raad toe plaasgevind het.

Die Advieskomitee kom jaarliks onder die voorsitterskap van die Vise-president van die WNNR byeen. Die werksaamhede van die NNEI word dan in hersiening geneem en die voorgestelde navorsingsprogram vir die komende jaar word bespreek. Die jaarverslae word om die beurt in Engels en Afrikaans voorgelê en 'n beknopte oorsig van die werksaamhede van die Afdeling vir Elektrotegniese Kragingenieurswese onder leiding van dr. R. B. Anderson, wat moontlik vir munisipale elektrisiteitsondernemings van belang kan wees, word gegee.

1. **WEERLIGMETING**

Die lecue-aandeel van die werk wat die afgelope twee jaar in die Afdeling vir Elektrotegniese Kragingenieurswese gedoen is, is gewy aan weerlignavorsing. Onder die hoofdoelwitte tel die bestudering van die uitwerking van weerlig op transmissie- en distribusiekragdrade, op hoë radiomaste en op gevoelige halfgeleidingstoerusting.

'n Landswye opmeting van weerligdigtheid is derhalwe met die hulp van 'n aantal instansies, waaronder EVKOM, die SAS en H, die HPK, die SAUK, ens., op tou gesit. Dit het die aanskaf van 400 weerligtellers behels, waarvan ongeveer 310 teen die einde van die weerligseisoen deur die Republiek en Suidwes-Afrika versprei was, met enkeles ook in Lesotho.

Van al die maande het Januarie die hoogste gemiddelde weerligdigtheidswaarde, hoewel nie noodwendig die maksimum vir enige jaar nie. Uit onlangse ontledings wil dit voorkom asof die wisseling van die weerligpatroon op die lange duur die elfjarige sonstralingsiklus navolg: die gegewens wat tot dusver gein is, dui daarop dat die maksimum weerligdigtheid tussen 1970 en 1973 voorgekom het, terwyl die 1975/76-seisoen s'n die laagste is wat sover opgeteken is. Selfs op die kort termyn getuig dié verskynsel by benadering van soninvloed.

2. **WEERLIGSTUWING OP KRAGSTELSELS**

Ondersoek word ingestel na weerligstuwing op 11 kv-kragdrade. Onklaarrakings en onderbrekings word deur 'n opnamestasie onder 'n 11 kv-draad geregistreer en dan geboekstaaf, sodat die foutsyfer deur middel van weerligtellers wat in die nabyheid opgestel is, met die weerligdigtheid in verband gebring kan word. Die waarde van hierdie werk berus daarin dat die verbreiding van oorspanning deur opmetings bepaal kan word en dan na frekwensie van die oorsaak, d.w.s. weerlig, herlei kan word.

Die meting van weerligstuwings op EHS-drade is veral van waarde omdat die volledige verbreiding van die oorspanningsgroottes van sodanige stuwings daardeur bepaal kan word. Die inligting is van grondliggende belang vir insig in die weerliggedrag van die verskillende transmissiedraadontwerpe.

3. **STELSELSTROORNISSE**

Dié is 'n nuwe hofie wat deur die Koördinerende Komitee: Hoogspanning ingevoer is om items soos die oorgangsverskynsel in nywerheidstelsels (vanweë skakeling en kortsluitings, byvoorbeeld), magnetiese wanbalans, die kwessie van bofrekwensie, penne en elektromagnetiese steurnis (EMS) te dek. 'n Groot deel van hierdie werk word in medewerking met ander Afdelings gedoen, en 'n EMS-groep is bygevolg in wording.

Wat die Elektrotegniese Kragingenieursafdeling betref, is ses ad hoc-ondersoeke die afgelope jaar op 'n kontrakgrondslag in samewerking met verskeie lede van die nywerheidsektor gedoen. 'n Interessante verwikkeling in dié verband was die gebruik van spanningsantennas om die bofrekwensie van Cabora Bassa se HS-g.s.-draad en van 'n 220 kv-transmissiedraad van EVKOM in die Noord-Kaap te meet. Die groot voordeel van die antenna-tegniek in dié gevalle was die feit dat die meting sonder kontak geskied en dat die spanning op enige deel van die draad bepaal kan word sonder om die lewering op te skort.

Report on the CSIR Advisory Committee for Electrical Engineering

This report covers the activities of the National Electrical Engineering Research Institute (NEERI) over the past two years as no annual reports were submitted to the Technical Meeting in Rustenburg in 1976.

Your representative attended the Advisory Committee meeting in November, 1975, but was absent in November, 1976, as this coincided with the date of the mid-year Executive Council meeting.

The Advisory Committee meets once a year under the Chairmanship of the Vice-President of the CSIR, when the work of NEERI is reviewed and the proposed research programme for the following year is discussed. The annual reports are submitted alternatively in English and Afrikaans and the work being done in the Power Electrical Engineering Division under Dr. R. B. Anderson, which may be of interest to municipal electrical engineers, is briefly reviewed.

1. **LIGHTNING MEASUREMENTS**

The major portion of the work done in the Power Electrical Engineering Division over the past 2 years was devoted to research into lightning. The principle objectives included the study of the effects of lightning on transmission and distribution power lines, on tall radio masts, and also on sensitive semiconductor equipment.

A national survey on lightning density was instituted with the aid of organisations including ESCOM, the SAR and H, the GPO, the SABC, etc., which involved the purchase of 400 lightning flash counters and of these approximately 310 had been distributed throughout the Republic and South West Africa by the end of the lightning season with some also installed in Lesotho.

The month of January had the highest mean value of lightning density, although not necessarily the maximum for any year. There is some evidence from recent analysis that long-term variations in lightning activity from year to year may follow the 11-year solar radiation cycle: among the data so far available the maximum lightning density occurred between 1970 and 1973 whereas the 1975/76 season was the lowest on record to date, and this roughly fits the evidence of solar influence even in the short-term.

2. **LIGHTNING SURGES ON SYSTEMS**

Lightning surges on 11 kv power lines are being investigated and records of faults and interruptions as recorded in a recording station beneath an 11 kv power line are kept so that the fault incidence may be related to the frequency of occurrance of lightning in the area. The value of this work lies in the distributions of overvoltages which can be obtained from these measurements and which can be related to the frequency of the cause, i.e. lightning.

Lightning surge measurements on EHV lines are of particular value since these enable complete distributions of the overvoltage magnitudes of such surges to be determined and this information is of fundamental importance in giving an understanding of the lightning performance of various transmission line designs.

3. **SYSTEM DISTURBANCES**

This is a new heading introduced by the High-Voltage Co-ordinating Committee to cover such items as transients in industrial systems (due to switching and short-circuits, for example), magnetic imbalance, harmonics, spikes and electromagnetic interference (EMI). Much of this work is being undertaken in collaboration with other Divisions, and as a consequence an EMI group is in the process of being established.

As far as the Power Electrical Engineering Division is concerned, six ad hoc investigations were carried out during the past year on a contract basis with various organisations in the industrial sector. An interesting extension of this work has been the application of the voltage antenna measuring technique to the measurement of harmonics on the Cabora Bassa HV-dc line and on a 220V kv EXCOM transmission line in the northern Cape. The main advantage of the antenna technique in these cases has been the fact that it is an out-of-contact measuring technique and that the voltage measurements can be carried out at any position along the line without interruption of the service.

4. **ISOLERING**

Die werk op hierdie gebied brei bestendiglik uit, veral met betrekking tot die toepassing van isolasietoetse om die dienlikheid van die verskillende isolasie-stelsels van hoogspanningsmotore te bepaal onderwyl die motore in gebruik is.

5. **ELEKTRIESE VOERTUIE**

Die Komitee insake Battery-aangedrewe Voertuie

Die Hoof van die Afdeling en een van die personeellede dien op die Komitee insake Battery-aangedrewe Voertuie, wat, onder die voorsitterskap van die Direkteur van die Instituut, belas is met die administrasie van navorsing en die advisering van die Departement van Nywerhede oor alle tegniese sake rakende battery-aangedrewe voertuie. Die Komitee is ook verantwoordelik vir die evaluering van prototipes of battery-aangedrewe produksiemotors wat vir toetsing beskikbaar gestel word, en moet ooreenkomstig sy bevindinge verslag doen. Die werk behels teoretiese ondersoek soos die ontleding van die faktore en parameters wat die gebruiksafstand bepaal wat 'n battery-aangedrewe voertuig met een lading kan behaal. Tweedens het voertuig-taksering die doel om 'n geskikte toetsmetodiek vir battery-aangedrewe voertuie te skep en om die meriete van prototipes wat deur die vervaardigers of hul agente voorgelê word, vas te stel.

Wat die taksering van batterye betref, word daar besef dat die vermoë van 'n battery-aangedrewe voertuig afhang van die battery self se vermoë. In gevalle waar die battery se spesifikasies onvolledig, twyfelagtig of onbekend is, word sodanige battery getakseer. Tot dusver is een tipe battery vir evaluering aan die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde voorgelê, wat ten volle toegerus is om toetse van hierdie aard, wat die bepaling van die energie-digtheid en die lewensiklus met snelle lading-ontladingsdiens behels, te doen.

6. **ALGEMEEN**

Buiten die Afdeling vir Elektrotegniese Kragingenieurswese, is die volgende afdelings van die NNEI werksaam: outomatisering, elektronika van die vaste toestand, sinjaalverwerking, opleiding en inligting en elektroniese instrumentasie.

Ten slotte wil ek die Direkteur van die NNEI graag 'n pluimpie gee vir die volgehoue knap werk wat, ten spyte van 'n personeeltekort en beperkte verblyfgeriewe, in al die afdelings van die Instituut verrig word.

4. **INSULATION**

The work in this field is steadily expanding, mainly in the direction of the application of insulation tests to the assessment of the performance of various insulation systems in high-voltage motors during service.

5. **ELECTRIC VEHICLES**

The Battery-Driven Vehicle Committee

The head of the Division and one staff member serve on the Battery-Driven Vehicle Committee which, under the chairmanship of the Director of the Institute, is charged with the responsibility of administering research and advising the Department of Industries on all technical matters regarding battery-electric vehicles. The Committee is also responsible for the evaluation of any prototypes or production battery-driven vehicles which become available for tests, and to report its findings accordingly.

This work involves theoretical investigations such as an analysis of the factors and parameters determining the range which a battery-driven vehicle can achieve on one battery charge. Secondly, vehicle assessment has the objective of devising suitable testing procedures for battery-driven vehicles and of assessing the performance of prototype vehicles submitted by manufacturers or agents.

Regarding battery assessment it is appreciated that the performance of a battery-driven vehicle hinges on the capability of the battery. In cases where battery specifications are incomplete, doubtful or unknown, assessment of such batteries is undertaken. So far, one type of battery has been submitted for evaluation by the South African Bureau of Standards, which is fully equipped to carry out such tests, which include an energy density evaluation and a life cycle test under fast charge-and-discharge duty.

6. **GENERAL**

In addition to the Power Electrical Engineering Division the following Divisions of NEERI are active:-

Automation,
Solid state electronics,
Signal processing,
Electronic instrumentation,
Training and information.

J. K. VON AHLFTEN,
Verteenwoordiger/Representative.

MNR. NAUDÉ VAN WYK, WNNR/CSIR:

Mnr. die President ek het vanoggend probeer besluit of hierdie byeenkoms sal bekend staan as „die Konvensie van die Dasse" of „die Konvensie van die Groot Brag van die Maties". Nou as 'n Ikey het ek die eerste een baie waardeer. Onder huidige ekonomiese toestande is 'n das natuurlik baie nuttig, maar die tweede een het ek bietjie dik vir 'n daler gevind. Ek het gemerk dat een van die oud-Maties (en hier is nou klem op die **oud**) het 'n bietjie gesukkel met sy bril daar bo-op die verhoog en ek wil net vir hom sê hy moet hom nou nie so blind staar op hierdie ou klein ongelukkie wat daar op Coetzenberg verlede Saterdag gebeur het nie. Mnr. die President, eerstens wil ek u graag gelukwens met u Presidentsrede en namens die WNNR wil ek u ook gelukwens met u verkiesing as President vir die volgende twee jaar en u die beste toewens. Ook aan mnr. Botes, nieteenstande die feit dat hy 'n Matie is, ook geluk met sy verkiesing as Aangewese President.

RESEARCH PROGRAMME AT THE NATIONAL ELECTRICAL ENGINEERING RESEARCH INSTITUTE

A. POWER ELECTRICAL ENGINEERING

The work of the Power Electrical Engineering Division is of most direct interest to your organisation and has been very adequately covered in the report by your representative, Mr. Jules von Ahlften. All I propose to do as far as this is concerned, is to up-date the report on aspects that have taken place since the Advisory Committee meeting in November last year and add a few remarks regarding background.

I. **Research on Lighting**

Our work concerns 3 aspects of lighting:

(1) Measurements of the parameters of the lighting stroke itself such as waveform and magnitude of the stroke, number of components in the stroke, polarity of the stroke and the striking distance. For this work we have a 60-meter metal tower, insulated from ground, suitably instrumented to measure all the required parameters and observed photographically by two cameras and a television video recording system.

(2) The effects of lighting on systems such as transmission lines, structures and even aircraft are studied. Observations on transmission lines are carried out on a 400 kV line at Appollo, an 11 kV rural distribution line near Pretoria and the 500 kV Cabora Bassa dc line. Recording surge characteristics over an extended period is required to give a statistically representative sample as to what can be expected under our conditions on the

Highveld.

(3) A national scheme of monitoring lightning flashes to ground, covering the whole of the RSA and SWA is in progress. Monthly maps displaying contours of equal numbers of strokes to ground per square kilometer for the period, are prepared by computer. It is expected to continue this work for about 10 years to include possible long-term variations. The assistance of all the bodies collaborating with this is very greatly appreciated.

It is our belief that sufficient statistics from the above three programmes would assist distribution engineers greatly in the planning of their protection systems in the future.

II. Insulation

The work being carried out jointly between this Institute and the Rand Water Board on the evaluation of insulation quality in high voltage motors continues. Some 80 motors are now regularly measured, 40 each year. It is hoped to expand the experiment to include possibly some 300 motors annually and negotiations are at present in progress with ESCOM, ISCOR and the Chamber of Mines. It is hoped that, by sharing the costs between these organisations and the CSIR, a much more meaningful programme can be carried out. This will immediately benefit the participating organisations in that they will have a continuous record of the insulation behaviour of their machines and, from the scientific point of view, the objective is to gather information to eventually derive a set of non-destructive measurements which can indicate when a machine should be rewound.

III. Battery-driven vehicles

As part of its contribution to the overall assessment as to the possible role that battery-driven vehicles can play in alleviating petrol shortage and air pollution problems in the country, this Institute has entered into a 2-year contract with the GES (Gesellschaft für Elektrischen Strassenverkehr) in West Germany to evaluate two vehicles, a minibus and a light delivery van in everyday use in the CSIR's transport fleet. We co-operate in South Africa with Siemens Limited which does the electrical maintenance, and we are assisted by United Car and Diesel Distributors and Volkswagen SA on mechanical aspects. The attached Press release gives the main point concerning the experiment. A big advantage to us is that we will be exchanging experience with the GES, which is conducting a much larger experiment.

Our Institute is still very anxious to test any vehicle for performance if it is made available to us, and we are adequately equipped to do so.

It is hoped that in the foreseeable future the South African Government would be able to give some clear directives as to the possible role these vehicles could play in our overall transport hierarchy.

B. OTHER ASPECTS OF THE PROGRAMME

There are many other fields in which we are active, not of a power engineering nature, but which might be of interest to you.

I. Electronic Instrumentation

We have a division for Electronic Instrumentation which undertakes ad hoc tasks of developing electronic instruments if these are not available on the commercial market. They also undertake small scale automation projects, often of a very simple nature but sometimes including microprocessors. The main aim here is using existing know-how to design for a specific requirement. The division also includes a calibration facility for calibrating electronic measuring instruments and the service includes the repair of the instrument if necessary.

Many of you may wish to make use of these facilities if by chance you cannot get the required help from your local agent or other commercial source.

In addition to our main group in Pretoria, we have small sub-groups in Cape Town and Durban.

II. Information services

We are running in our Training and Information Division, a service to interested parties on the availability of electronic equipment, agents, etc. We are also prepared to discuss with you your requirements and to make a recommendation as to possibly one or two items that should suit your problem best. This service is free of charge.

III. Integrated circuits

Perhaps not of much interest to you as municipal electrical engineers, but we are currently running a microcircuit facility which can produce integrated circuits from the basic concept through design to production.

The concept is particularly aimed at producing simpler circuits at low cost and quick turn around time.

C. CONCLUSION

In conclusion I would like to emphasise that you should never accept that your problem may be too trivial to bring to us. We are here to serve the South African industry. For this reason, we are most grateful for the contribution which your representative has made in the past on our Advisory Committee and we value the opportunity to keep in contact with you also by being invited to attend your Convention.

WNNR TOETS TWEE BATTERY-AANGEDREWE VOERTUIE / CSIR TESTS TWO BATTERY-DRIVEN CARS

Die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR) is tans besig om twee batteryaangedrewe voertuie te toets in samewerking met die Gesellschaft für Elektrischen Strassenverkehr (GES), die Wes-Duitse koördinerende liggaam vir navorsing op hierdie gebied, en Siemens Beperk.

Die voertuie, 'n Volkswagen-bakkie en 'n Mercedes Benz-mikrobus, is in Wes-Duitsland deur die betrokke twee motor-vervaardigers ontwerp en gebou. Soveel moontlik van die onderstelle van die oorspronklike petrolaangedrewe modelle is behou.

Die elektriese aandryfstelsels van die twee voertuie is deur Siemens AG ontwikkel terwyl Varta die batterye verskaf het.

Sowat 20 van die Volkswagen- en 30 van die Mercedes Benz-voertuie word tans in Europa deur die GES getoets. In die tweede fase van die Europese toetsprogram sal 70 Volkswagen- en 60 Mercedes Benz-eenhede gebruik word. Uiteindelik sal altesaam 500 voertuie by die toetsprogram ingesluit wees.

Die navorsingskontrak tussen die WNNR, Siemens en die GES maak voorsiening vir die toets van die voertuie as deel van die WNNR se voertuigvloot. Die WNNR dra ook finansieël tot die toetsprogram by en sal aan die GES verslag doen oor die gedrag van die voertuie onder Suid-Afrikaanse toestande. In ruil hiervoor sal Suid-Afrika insae kry in navorsingsresultate wat die GES versamel.

Siemens het die voertuie na hul aankoms in Suid-Afrika in werking gestel en sal die elektriese stelsels van albei versien.

Mnre United Car and Diesel Distributors (verspreiders van Mercedes Benz-voertuie in Suid-Afrika) en Volkswagen SA sal die voertuie meganies in stand hou. Onderhoudspersoneel is vir hierdie doel by die moedermaatskappye in Wes-Duitsland opgelei.

The Council for Scientific and Industrial Research (CSIR) is testing two electric vehicles in collaboration with the Gesellschaft für Elektrischen Strassenverkehr (GES), the West German co-ordinating body for research in this field, and Siemens Limited.

The battery-driven vehicles, a LDV and a microbus, were designed and built in West Germany by Volkswagen and Mercedes Benz respectively, retaining as much as possible of the chassis of the original petrol-driven models.

The electrical traction systems for these two vehicles were developed by Siemens AG and the battery packs are supplied by Varta.

About 20 of the Volkswagen and 30 of the Mercedes Benz vehicles are currently being tested by GES in Europe. The second phase of the programme which is now being planned, will expand the programme to 70 Volkswagen and 60 Mercedes Benz units and it is expected that finally it will include a total of 500 vehicles.

The research contract between the CSIR, Siemens and GES provides for testing the vehicles as part of the CSIR's transport fleet. The CSIR also contributes financially to the research project and will report to the GES on the performance of the vehicles under South African conditions and in return it will have access to research results gathered by the GES.

Siemens commissioned the vehicles after their arrival in South Africa and will maintain the electrical systems of both.

Messrs. United Car and Diesel Distributors (distributors of Mercedes Benz vehicles in South Africa) and Volkswagen of SA will carry out the mechanical service of the vehicles. Maintenance staff have been trained for this purpose at the parent companies in West Germany.

Die inisiatief vir die plaaslike toetsprogram, waarvan hierdie projek deel vorm, het uitgegaan van en word beheer deur die Suid-Afrikaanse Komitee vir Batteryaangedrewe Voertuie onder voorsitterskap van mnr. J. D. N. van Wyk, Direkteur van die WNNR se Nasionale Navorsingsinstituut vir Elektriese Ingenieurswese (NNEI).

Hierdie Komittee adviseer die Departement van Nywerheidswese oor die moontlike gebruik van batteryaangedrewe voertuie in Suid-Afrika en koördineer navorsing op dié gebied. Die komitee bestaan uit verteenwoordigers van universiteite, motor- en batteryvervaardigers, oliemaatskappye, Evkom, die Suid-Afrikaane Spoorweë, munisipaliteite en die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde.

Die WNNR se navorsingskontrak met die GES strek aanvanklik oor twee jaar maar kan verleng word.

TEGNIESE BESONDERHEDE VAN VOERTUIE

Albei die voertuie gebruik loodsuurbatterye.

Twee batterye is saam met elke voertuig verskaf. Die een word ten volle gelaai op 'n spesiale rak gehou terwyl die ander een in die voertuig is. Die batterye kan binne sowat 5 minute met behulp van 'n hanteerwaentjie omgeruil word.

Die voertuie bestuur maklik aangesien daar geen koppelaarpedaal is nie maar slegs 'n versneller- en rempedaal soos in 'n outomatiese voertuig.

Albei rem gedeeltelik deur die elektriese motors in kragopwekkers om te skakel. Sodra die rempedaal getrap word, begin die motor om die batterye te laai. Hoe harder die rem getrap word, hoe meer krag word opgewek en hoe groter is die remaksie. Word die maksimum remvermoë van die motor bereik en die rem nog harder getrap, vul gewone meganiese remme die stelsel aan.

Indien die voertuie versigtig bestuur word, word die meganiese remme slegs gebruik wanneer stilgehou word en word die meeste van die remenergie na die batterye teruggestuur. In stadsverkeer, waar dikwels gerem word, kan die afstand per lading op hierdie wyse aansienlik vergroot word.

Die Mercedes Benz-voertuig herlaai die batterye ook as mens slegs jou voet van die versnellerpedaal aflig en die voertuig laat vryloop. Die voertuig hanteer dan soos 'n konvensionele voertuig wat teen kompressie rem.

A local testing programme of which this project forms part, was initiated and is being controlled by the South African Committee for Battery-Driven Vehicles, under the chairmanship of Mr. J. D. N. van Wyk, Director of the CSIR's National Electrical Engineering Research Institute (NEERI).

This committee advises the Department of Industries on the possible use of battery-driven vehicles in South Africa and co-ordinates research in this field. It consists of representatives from universities, vehicle and battery manufacturers, oil companies, Escom, the S.A Railways, municipalities and the SA Bureau of Standards.

The original research contract with GES is for a period of two years but can be extended.

TECHNICAL DETAILS OF VEHICLES

Both vehicles use lead acid batteries.

Two batteries were supplied with each vehicle, so that one can be kept on charge on a special rack, whilst the other one is in the vehicle. Change-over of batteries is performed with a handling trolley, in about 5 minutes.

Driving the vehicle is easy; there is no clutch, but only accelerator and brake pedals, similar to an automatic transmission vehicle.

The vehicles are braked by changing over their electric motors into generators. As soon as the brake pedal is depressed, the motor starts charging the batteries. The harder the brake pedal is depressed, the higher the current generated which results in an increased braking action. Should the braking limit of the motor be reached, and the brake pedal depressed even more, standard mechanical brakes augment the system.

If the vehicle is driven with care, the mechanical brakes come into operation only when stopping and most of the braking energy is thus returned to the batteries. In city driving where brakes are used quite often, the distance covered per charge can in this way be extended.

The Mercedes Benz vehicle also charges its battery whenever the accelerator pedal is released and the vehicle is allowed to "freewheel" with braking. The vehicle then handles like a conventional vehicle braking against compression.

Die battery-aangedrewe Mercedes Benz mikrobus (links) en Volkswagen bakkie wat tans deur die WNNR getoets word.

The battery-driven Mercedes Benz microbus (left and Volkswagen LDV which are at present being tested by the CSIR.

'n Spesiaal ontwerpte elektries aangedrewe hidrouliese waentjie word gebruik om die batterystelsels van die voertuie uit te haal en weer terug te plaas.

A specially-designed electrically-driven hydraulic cart is used to remove and replace the batery packs.

	Volkswagen	Mercedes Benz
Tara (massa sonder vrag met batterye) Tare (approximate mass of vehicle with batteries but without any load)	2 260 kg	2 970 kg
Massa van battery Mass of batteries	850 kg	1 060 kg
Vragdravermoë Load-carrying capacity	450 kg (800 kg 2de fase/ 2nd phase)	1 455 kg
Maksimum toelaatbare snelheid Maximum allowable speed	70 km/h	70 km/h
Klimvermoë met volle vrag Hill-climbing capacity loaded	20% helling/ gradient	13% helling gradient
Batteryspanning Battery voltage	144 V	180 V
Ligte, toeter, windskermweërs, ens. Lights, hooter, wipers, etc.	12 V	12 V
Maksimum energie in battery Maximum energy capacity of batteries	21,6 kWh	32,5 kWh
Vermoë van aandryfmotor Rated power of drive motor	16 kW	31 kW
Herlaaityd van batterye Recharging of batteries	± 8 uur/hrs	± 8 uur/hrs
Afstand per lading* Distance covered per charge*	60-80 km	30-80 km

*Hierdie afstand word bepaal deur die wyse waarop bestuur word en die roete, met ander woorde, stadsverkeer, of 'n oop pad en of die pad oorwegend gelyk is of nie.

*This distance is determined by the way in which the car is driven and the road, i.e. whether town driving or on the open road as well as the general gradient of the road.

MR. K. G. ROBSON, President:

Thank you, Mr. van Wyk. May I, on behalf of the AMEU, acknowledge with gratitude the contributions that you have made so painstakingly over so many years. One is struck by the fact that you are looking for results in ten years' time and one realises that this takes a lot of dedication to duty. Your contributions over a number of years at our Conventions are significant and are very much appreciated. Of particular interest to me is your work on the battery vehicle and we wish you well in this particular field.

MNR. E. de C. PRETORIUS, Potchefstroom:

Net 'n kort vragie in verband met elektriese voertuie, mnr. die President. Ek wil net van mnr. Van Wyk weet of daar alreeds 'n evaluering gemaak is van die invloed van die grootskaalse laai van batterye vir elektriese voertuie. Watter invloed dit gaan hê op krag-netwerke in verband met die opwerking van nuwe spitslaste en tweedens die opwerking van golfvorming in toevoerspanning.

MNR. J. D. N. VAN WYK:

Mnr. President, daardie Komitee wat omsien na die toekoms-beplanning van elektriese voertuie in die land, het 'n sub-komitee gehad wat na hierdie saak gekyk het. Die verhoging in spitslas glo ons nie is van groot belang nie, dis waarskynlik van die omvang van 5% of so, die rede is natuurlik dat, selfs as 'n mens tot 'n maksimum elektriese voertuie gebruik, is daar net 'n beperkte persentasie van die huidige voertuie wat jy kan vervang. Met ander woorde dit is nie 'n vervanging van 'n binnebrand-voertuig nie, dit is 'n bykomstige hulpmiddel. Daar is wel een saak wat miskien van groter belang is en waarna ons moet omsien, en dit is die moontlike besoedeling wat op die netwerke kan kom as gevolg van die gelykrigters van die laai-toestelle indien hulle nie behoorlik ontwerp is nie. Dit is in saak wat ons komitee na gekyk het en daar is nou as 'n staande item aan die hoogspannings-koördinerende komitee opgedra om na hierdie saak om te sien. My eie komitee het gevoel dat daar streng spesifikasies neergelê moet word waaraan hierdie laai-toestelle moet voldoen, voordat daar te veel in die land versprei is en groot probleme skep.

Verslag van die Nasionale Komitee van die Internasionale Elektrotegniese Komitee (IEK)

Voordat ek 'n beknopte verslag oor die werksaamhede van die Nasionale Komitee van die IEK die agelope twee jaar voorlê, wil ek noem dat die VMEO verteenwoordig is op die Suid-Afrikaanse afvaardiging wat hierdie Internasionale Konferensies onder leiding van die SABS bygewoon het.

Die Uitvoerende Raad is die mening toegedaan dat die VMEO se deelname aan konferensies van hierdie aard nie alleen uit 'n nasionale oogpunt wenslik is nie, maar van belang is om op die hoogte te bly met die internasionale vordering op die gebied van munisipale elektrisiteitsvoorsiening. As die senior woordvoerders van hierdie Vereniging word die Presidente van die VMEO die geleentheid gegun om dié internasionale konferensies saam met verteenwoordigers van Tegniese Komitees, soos TK 64 wat belas is met internasionale bedradingstandaarde, by te woon wanneer die Uitvoerende Raad dit nodig ag.

Die Konferensies van 1975 en 1976 is gevolglik deur mnr. E. de C. Pretorius as President van die VMEO, met mnr. P. J. Botes as die SABS se koördineringsverteenwoordiger, bygewoon. Laasgenoemde se verslag oor 1976 se Konferensie verskyn elders in die Verrigtinge.

Die agendas en notules van die onderskeie Internasionale Komitees van die IEK word gereeld aan u verteenwoordigers op die Nasionale Komitee voorgelê vir kommentaar en/of goedkeuring, en indien nodig vergader die Nasionale Komitee om sake wat hulle van belang ag, te bespreek.

Die verteenwoordiging deur die VMEO op die IEK se onderhawige nasionale komitees sien as volg daar uit:-

1. TK 64: Elektriese installasies in geboue.
   Verteenwoordiger: Mnr. J. A. Loubser.
   Toekomstige werk: Nog 'n klompie jare.
2. WK 23 C: Wêreldwye Prop-en-kontaksokstelsel.
   Verteenwoordiger: Niemand buiten mnr. L. B. Cumming, wat die Stad Johannesburg verteenwoordig, nie.
   Toekomstige werk: Nog een of moontlik twee jaar aan die dimensionele standaarde.
3. WK 23 B: Proppe, kontaksokke en skakelaars.
   Verteenwoordiger: Geen Nasionale Komitee van die IEK nie.

Report on the National Committee of the International Electrotechnical Commission (IEC)

Before submitting a brief report on the activities of the National Committee of the IEC over the past two years mention must be made of the fact that the AMEU has been represented on the South African delegation under leadership of the SABS attending these International Conferences of the IEC since 1970.

The Executive Council is of the opinion that participation by the AMEU in international conferences of this nature is not only desirable from a national point of view but also important to keep abreast of international developments as far as the municipal electricity supply industry is concerned. The President of the AMEU, as the senior spokesman of this Association, is thus afforded the opportunity to attend these international Conferences together with those representatives on Technical Committees, such as TC 64 dealing with international wiring standards, where the Executive Council is of the opinion that this is necessary.

The 1975 and 1976 IEC Conferences were attended by Mr. E. de C. Pretorius as President of the AMEU and Mr. P. J. Botes as SABS co-ordinating representative and the latter's report on the 1976 Conference appears elsewhere in the proceedings.

The agendas and minutes of the various international Committees of the IEC are regularly submitted to your representatives on the National Committee for comments and/or approval and when necessary the national committee convenes meetings to discuss those matters which it deems of importance.

As far as the AMEU representation on the IEC national committees under discussion is concerned the situation is as follows:-

1. TC 64: Electrical installations of buildings.
   Representative: Mr. J. A. Loubser.
   Future work: Another few years.
2. SC 23 C: World-wide plug and socket outlet system.
   Representative: None apart from Mr. L. B. Cumming representing the City of Johannesburg.
   Future work: One more year or probably two years on the dimensional standards.
3. SC 23 B: Plugs, socket outlets and switches.
   Representative: No IEC National Committee.

Toekomstige werk: Nog etlike jare. Hierdie Komitee behartig dimensionele Standaarde en tegniese spesifikasies.

4. TK 23: Elektriese toebehore.

   Verteenwoordiger: Geen.

   Toekomstige werk: Nog baie jare. Hierdie Komitee tree hoofsaaklik in 'n toesighoudende en koördinerende hoedanigheid op vir al sy komitees, met inbegrip van WK 23 B en WI 23 C.

Wanneer een van die IEK se internasionale komitees werk aanpak wat vir Suid-Afrika van belang is, kan die SABS 'n nasionale komitee van die IEK in die lewe roep om kommentaar te lewer oor die IEK se dokumentasie en om moontlik ook oorsese vergaderings by te woon. Aangesien die SABS geneig is om hierdie internasionale standaarde vir nasionale spesifikasies en gebruikskodes in te voer, is daar 'n hegte verband tussen die werk van die IEK en die opstel van die nasionale spesifikasies en kodes.

Die SABS teenpresteer die bostaande IEK-komitees met die volgende komitees:-

1. TC 64: Eweknie van Projek No. 0751/5001: Bedradingskode (Hersiening van die Bedradingsregulasies).

   Verteenwoordiging: Mnre. E. de C. Pretorius, J. K. von Ahlften, A. J. van den Berg en J. A. Loubser.

2. WK 23 C en WK 23 B: Eweknie van Projek No. 0751/5013: Internasionale Prop-en-kontaksokstelsel.

   Verteenwoordiging: Dié Komitee sal gevorm word wanneer die betrokke IEK-standaarde voltooiing nader. Vanweë in- en uitvoer moet die SABS-spesifikasie identies aan die IEK-standaarde wees.

3. WK 23 B: Eweknie van Projek No. 0751/5006: Hersiening van SABS 164: Tweepool- en aardingspenproppe en -kontaksokke.

   Verteenwoordiging: Mnre. J. A. Loubser en H. Barnard.

4. WK 23 B: Eweknie van Projek No. 0751/5005: Hersiening van SABS 163: Muur- en toestelskakelaars.

   Verteenwoordiging: Soos in (3) hierbo.

5. WK 23 B en die toekoms moontlik TK 23: Eweknie van Projek No. 0751/5009: Proppe, kontaksokke en koppelstukke vir nywerheidsgebruik.

   Verteenwoordiging: Soos in (3) hierbo.

Dit is derhalwe duidelik dat daar 'n hegte verband in die werksaamhede van die bostaande Komitees is. Items (3) en (4), wat bestaande spesifikasies is, verg nie so 'n noue ooreenkoms met die IEK-standaarde nie, maar items (2) en (3), en in die toekoms ook (1), sal die IEK-standaarde getrou navolg.

Daar is in detail oor die saak verslag gedoen, omdat dit die VMEO moontlik sal help om die bestek van die werk wat deur die onderskeie verteenwoordigers aangepak moet word, af te baken.

Die SABS het die volgende wenke aan die hand gedoen:-

(a) Die VMEO moet op grond van die projekte wat deur die SABS onderneem word, besluit watter IEK-komitees verteenwoordiging op die ekwivalente Nasionale Komitees van die IEK regverdig, met dien verstande dat die VMEO reeds meedoen aan die werk van die SABS-komitee.

(b) Verkieslik moet albei die funksies wat in (a) uiteengesit word, deur een persoon behartig word.

(c) Wat sake betref wat vir die VMEO, en op 'n nasionale grondslag ook vir die SABS, van minder belang is, sal bywoning van buitelandse vergaderings nie die moeite werd wees nie.

(d) Wat sake betref wat van groter belang is, moet die persoon wat die IEK se nasionale komitee dien, verkieslik ook die IEK-vergaderings bywoon, veral wanneer verteenwoordigers van ander afdelings dit nit kan bybring nie.

(e) Wanneer buitelandse vergaderings oor 'n bepaalde onderwerp bygewoon word, moet een persoon deurlopendheid handhaaf.

(f) Die werk kan waarskynlik gekoördineer word deur 'n VMEO lid wat met die SABS se koördinerende verteenwoordiger skakel, of deur laasgenoemde self.

Die bostaande sake en voorstelle sal gevolglik, saam met enige voorstelle wat op die Konvensie uit die bespreking van hierdie verslag voortspruit, aan die nuwe Uitvoerende Raad voorgelê word vir oorweging en aanbevelings. Die vorderingsverslae van die VMEO-verteenwoordigers oor die werksaamhede van die bostaande Komitees is vervat in die verslag van die SABS se koördinerende verteenwoordiger.

Future work: Several years. This Committee deals with dimensional standards and technical specifications.

4. TC 23: Electrical Accessories.

   Representative: None.

   Future work: Many years. This committee operates mainly in a supervisory and co-ordinating capacity for all its committees, including SC 23 and SC 23 C.

When an IEC international committee undertakes work which is of interest to South Africa an IEC National Committee may be formed by the SABS with a view to commenting on the IEC documentation and possibly attending overseas meetings. As the Bureau is tending to adopt these international standards in national specifications and codes of practice there is a close relationship between the IEC work and the work of drawing up the national specifications and codes.

The SABS Committees equivalent to the above IEC committees are as follows:-

1. TC 64 — Equivalent to Project No. 0751/5001: Wiring Code (Revision of the Wiring Regulations).

   Representation: Messrs. E. de C. Pretorius, J. K. von Ahlften, A. J. van den Berg and J. A. Loubser.

2. SC 23 C and SC 23 B: Equivalent to Project No. 0751/5013: International plug and socket outlet systems.

   Representation: This committee will be formed when the relevant IEC standards are near completion. Due to imports and exports the SABS specification must be identical to the IEC standards.

3. SC 23 B: Equivalent to Project No. 0751/5006: Revision of SABS 164: Two-pole and earthing-pin plugs and socket outlets.

   Representation: Messrs. J. A. Loubser and H. Barnard.

4. SC 23 B: Equivalent to Project No. 0751/5005: Revision of SABS 163: Wall and appliance switches.

   Representation: As in (3) above.

5. SC 23 B and possibly in future TC 23: Plugs, socket outlets and couplers for industrial purposes.

   Representation: As in (3) above.

It can be seen that there is a close relationship in the work between these committees in the above cases. Items (3) and (4), being existing specifications, do not call for such a close resemblance to the IEC standards but items (2) and (5) and, in future (1), will follow the IEC standards closely.

This matter has been reported in detail because this may assist the AMEU to define the extent of work to be undertaken by the various representatives and the SABS has put forward the following suggestions:-

(a) The AMEU should decide, from the projects being undertaken by the SABS, which IEC Committees warrant representation on the equivalent IEC National Committees, presuming that the AMEU is already participating in the work of the SABS Committee.

(b) It is better for the same person to undertake both functions as described in (a).

(c) For those subjects of lesser importance to the AMEU, and to the SABS on a national basis, attendance at IEC meetings overseas would not be worthwhile.

(d) For subjects of greater importance the person appointed to the IEC National Committee should ideally be in a position to attend IEC meetings, particularly when delegates from other sections are not able to do so.

(e) If overseas meetings on a specific subject are attended the representative should be unchanged in order to maintain continuity.

(f) This work could probably be co-ordinated by an AMEU member liasing with the SABS co-ordinating representative or by the latter himself.

The above matters and suggestions will be submitted to the incoming Executive Council for consideration and recommendations together with any suggestions which may be forthcoming from the discussions on this report at the Convention. The progress reports of the AMEU representatives on the activities of the above committees are contained in the report of the SABS co-ordinating representative.

J. K. VON AHLFTEN,
Verteenwoordiger/Representative.

41ste Vergadering van die IEK — Nice, 17 - 29 Mei 1976

1.00 **ALGEMEEN**

Dit was vir my 'n groot voorreg om die VMEO te verteenwoordig by bogenoemde vergadering. Ek het heelwat ondervinding opgedoen oor die internasionale opset.

Mnr. J. V. Grant en N. Bennett van die SABS het baie van die Komitees vergaderings bygewoon en albei dien as Sekretarisse van Sub-komitees. Mnr. A. A. Middlecote het op die Komitee van Aksie van IEK gedien, maar moet nou aftree na nege jaar diens en kan alleen herkies word na die verloop van n aantal jare. Ek het die voorreg gehad om met heelwat internasionale persoonlikhede te gesels en almal het 'n groot dunk van mnr. Middlecote se optrede in die Komitee van Aksie. Melding is gemaak dat hy moontlik een van die kandidate vir die Presidentskap kon gewees het as toestande anders was.

Ek het ook op uitnodiging van mnr. Middlecote die Algemene Vergadering van die IEK bygewoon. Alhoewel genoem word dat politiek nie enige rol speel in die verrigtinge nie, het Rusland geprotesteer teen die benoeming van verteenwoordigers van Duitsland, aangesien Oos-Duitsland blykbaar nie verteenwoordig is nie.

Die nuwe lede van die Komitee van Aksie wat verkies was, is Amerika, Australië en Turkye.

In Junie 1977 word die IEK byeenkoms, die „World Electrotechnical Congress" en „International Exhibition Electro-77", te Moskou gehou.

Ek wil net graag my dank uitspreek vir die geleentheid wat my gegun was om hierdie byeenkoms te kon bywoon. Die volgenoue bywoning van byeenkomste van hierdie aard, waar die verteenwoordiging van Suid-Afrika versterk word, word baie sterk deur my aanbeveel. Misverstande oor ons land kan uit die weg geruim word.

Ten slotte wil ek graag my dank teenoor die verteenwoordigers van die SABS betuig vir die hulp en leiding.

2.00 **BYWONING VAN KOMITEES**

Die VMEO, wat verbruikers verteenwoordig, stel belang in 'n hele aantal items wat by so 'n vergadering bespreek word.

Weens 'n gebrek aan ondervinding is 'n mens geneig om soveel subkomitee vergaderings as moontlik by te woon.

Ek was van voorneme om die volgende vergaderings by te woon:-

14D Klein kragtransformatore.
16 Aansluitmerke en ander herkenningstekens.
23B Kontakproppe, sokuitgange en skakelaars.
23C Internasionaal aanvaarbaare kontakprop- en sokuitgangstelsels.
28 Ko-ordinering van isolering.
28A Ko-ordinering van isolering vir laagspanning toerusting.
59 Werkverrigting van huishoudelike elektriese toestelle.
61 Veiligheid van huishoudelike elektriese toestelle.
61E Kommersiële verversingstoerusting.

Ek het byvoorbeeld uitgevind dat subkomitee 14D slegs met miniatuur transformatore wat in speelgoed, ens., gebruik word belas is en gevolglik het ek nie die vergadering bygewoon nie.

Ten einde tyd aan te vul in die begin het ek subkomiteevergaderings 59A Skottelgoedwassers en 59H Mikrogolftoestelle bygewoon weens oorvleueling met ander meer belangrike vergaderings.

Bo en behalwe bogenoemde het ek die Hoofkomitee TC23 Elektriese Toebehore bygewoon.

3.00 **SOSIALE BYEENKOMSTE**

Ek het die openingseremonie op Maandag 17 Mei 1976, die Presidentsaand op Donderdag 20 Mei 1976 en die puik tuinparty wat deur die Stad van Nice aangebied was in Arenes de Cimiez, bygewoon.

Die volgende is 'n uittreksel uit die toespraak van die President, Dr. V. I. Popkov van Rusland, by geleentheid van die openingseremonie:-

> "As we begin our work here today, in this 41st General Meeting of the IEC — it is perhaps well to reflect a moment on some of the values to be derived from assembling together for this kind of meeting. We are all specialists in one field or another, and it is therefore, only natural that we see the IEC from the standpoint of our own work, since the vast majority of contacts with IEC is through work in international standards related to our special interests. At these annual meetings, the IEC becomes a tangible entity, where engineers

41st IEC General Meeting — Nice, 17 - 29 May, 1976

1.00 **GENERAL**

It has been a great privilege to be able to represent the AMEU at the abovementioned meeting. I gained substantial experience regarding the international setup.

Messrs. J. V. Grant and N. Bennett of the SABS attended a lot of the Committee meetings and each serves as Secretary of Sub-Committees. Mr. A. A. Middlecote served on the Action Committee of the IEC, but must now retire after nine years' service and can only be re-elected after a number of years have elapsed. I had the privilege of talking to a number of international personalities and everybody held a high opinion of the action taken by Mr. Middlecote in the Action Committee. It was mentioned that he could possibly have been one of the candidates for Presidency if conditions were different.

In teenstelling, is die toevloei van tegniese kundigheid vanaf die Weste na die behoeftige volke 'n heeltemal ander saak: Dit lei tot die uitvoering van sigbare en betekenisvolle projekte en die verhoging van standaarde, en dit help hierdie volke om hulleself te help — wat, terloops, ook die beleid of die sienswyse van die Suid-Afrikaanse Regering is.

Na die verdeling van die Indiese subkontinent in 1947 en die totstandbrenging van Indië en Pakistan, kon nòg politieke nòg ekonomiese druk daarin slaag om die toenemende spanning te verlig wat tussen hierdie twee lande ontstaan het as gevolg van verskille oor die verdeling van die water van die ontsaglike Indusrivierbekken. Uiteindelik het 'n onverklaarde oorlog uitgebreek.

DR. H. OLIVIER was born in Sutherland, Cape Province, on the 25th January, 1914, and matriculated at Umtali High School 1932. Graduated B.Sc.(Hons.) in civil engineering, December, 1936, at the University of Cape Town; graduated M.Sc. in Engineering, Cape Town University, 1948: Thesis: "Notes on Steam-electric Power Engineering with Special Reference to the Civil Engineer"; graduated Ph.D. in Engineering, University College, University of London, 1953: Thesis: "New Aids to Planning — Engineering Developments of Hydro-potential in Relation to Climate"; received the first Doctorate of Engineering awarded by the University of the Witwatersrand in December, 1967 (Multi-purpose Water Resources Development with Special Reference to Irrigation); awarded Doctorate of Science (Honoris Causa) by the University of Cape Town during the Jubilee Celebrations in August, 1968; awarded Doctorate of Science (Honoris Causa) by the University of Rhodesia on the occasion of the Inauguration of their Civil Engineering Faculty Buildings on 10th December, 1975.

He is the Senior Partner of Henry Olivier and Associates: Specialist Civil Engineering Advisers and Managers to the South African Government in the field of Water and Power and a Member of the Council of the South African Institution of Civil Engineers; Member of the Executive of the South African National Committee on Large Dams; South African representative on the International Committee on the Hydraulics of Dams (ICOLD); and a Member of the Executive Committee of the South African British Trade Association (SABRITA).

Engineering for Interdependence in Southern Africa

by

HENRY OLIVIER

C.M.G., Pr.Eng., M.Sc.(Eng.), Ph.D.(Eng.), D.Eng., FICE, F.SAICE., F.ASCE., FRSA(G.B.)

Since World War II we have experienced great evulsions in world affairs and relationships..

First we saw the era of Political Diplomacy phased out. The world map, which has been coloured predominantly red for so long, changed colours rapidly as Britain relinquished colony after colony in all parts of the world. The era of Empire had ended. Independent nations and new place names emerged.

This was followed by an era of Economic Diplomacy. The emphasis was on economic ties and relationships and on reconstruction and development. To this end major international banking institutions were created such as the International Bank for Reconstruction and Development (World Bank) and the International Monetary Fund.

However, as the emphasis on reconstruction faded and only development remains, there emerged problems due to the widening gap between the "Have" and the "Have not" nations, the rich and the poor, the West and the Third World.

Thus, during the past decade or so, a new era was ushered in: Technical Diplomacy. Technical support rather than grants and gifts. It became clear that a flow of money from the positive to the negative nations rarely succeeded in its ultimate objectives for the simple reason that the funds seldom reached down to the needy grass roots, i.e. the ordinary people.

In contradistinction a flow of technical know-how from the West to the needy nations is a very different story: it results in the accomplishment of visible and meaningful projects, the uplift of standards and helps these nations to help themselves — which, incidentally, is also the policy, or philosophy, of the South African Government.

After partitioning of the Indian sub-continent in 1947 and the creation of India and Pakistan neither political nor economic pressure could achieve anything as regards reducing growing tensions between these two countries on account of disputes about the sharing of the waters of the vast Indus river basin — eventually undeclared war broke out.

DR. H. OLIVIER

Uit wanhoop is 'n oplossing in ingenieurswese gesoek en gevind onder die beskerming van die Wêreldbank. Die oplossing is ses jaar (1954-1960) bestudeer en is vervat in die Indus-waterverdrag van 1960 wat deur Indië en Pakistan onderteken is. Die wêreld se grootste enkele ingenieursprojek is van stapel gestuur teen 'n koste van $1 200 miljoen wat hoofsaaklik in die vorm van gratis toekennings deur ses lande (die „vriendelike" lande genoem) bygedra is.

Die ingenieursoplossing was om water van die drie oostelike takriviere na die Indus te lei oor die gebied van Pakistan, ten einde hulle in die weste te vergoed vir die verlies van die drie westelike riviere wat aan Indië toegeken is. Dit het die bou van massiewe damme soos Mangla in die Jhelum- en Tarbela in die Indusrivier beteken, benewens sewe studamme oor die Industakriviere en 'n netwerk tussenrivier-verbindingskanale van 1 100 km wat ontwerp is om 'n voldoende hoeveelheid water oor te plaas vir die besproeiing van 'n gebied so groot as die hele gebied onder standhoudende besproeiing in Egipte, en om as 'n neweproduk hidro-elektriese energie te ontwikkel.

Hier was vir die wêreld 'n voorbeeld van hoe tegniese samewerking, wat ook die behoorlike toewysing en administrasie van fondse behels, toestande kan skep vir vreedsame naasbestaan en tot wedersydse voordeel vir al die partye.

Suidelike Afrika, wat naasteby omskryf kan word as alles suid van die ewenaar, is 'n uitgestrekte landmassa met geweldige potensiaal wat om verskeie redes nie behoorlik tot voordeel van die mens benut is nie, behalwe in Rhodesië en die industrieel en tegnologies ontwikkelde kragbron — die Republiek van Suid-Afrika.

Hoe kan ons die ontsaglike probleme en uitdagings aandurf en die ewe groot geleenthede benut wat hier bestaan?

Politiek sal nie juis deug vir die gevoelige jong republieke met verskillende skakerings van politieke verwantskap en opvattings nie.

Ekonomiese indringing sal slegs in 'n beperkte mate slaag, want die vrees vir ekonomiese oorheersing en voogdyskap is oorweldigend by al die ontwikkelende state wat pas onafhanklik geword het.

Tegnologiese samewerking kan en sal werk. Onderlinge afhanklikheid gesmee op die aambeeld van tegniese samewerking bring vir al die partye selfrespek, wedersydse voordele, stygende lewenstandaarde en vreedsame, gelukkige naasbestaan mee.

Ek is nie bevoeg om alle aspekte van tegnologie of selfs alle sfere van die ingenieurswese te behandel nie en sal my derhalwe beperk tot my eie studierigting — water- en kragingenieurswese.

Water is die bron van lewe. Dit is die katalisator vir alle ontwikkelings: industrieel en landboukundig. Dit is die oorvloedigste maar ook die skaarsste materiaal op aarde. Ongeveer 'n helfte van die reën wat op die aarde val, keer terug na die atmosfeer as gevolg van verdamping en transpirasie en kan derhalwe nie benut word om in die mens se behoeftes te voorsien nie, altans nie dadelik nie. Van die oorblywende water op die aarde, word 97 persent in sout oseane aangetref, is 2 persent opgesluit in ysgletsers en is slegs 1 persent vars water. Slegs 'n klein gedeelte van die vars water is bo-op die grondvlak sigbaar. Die grootste gedeelte vloei ondergronds of word daar opgegaar.

Volgens huidige beramings, sal die wêreldbevolking dubbeld meer wees teen die jaar 2000. Om die mens se bedrywighede slegs teen die huidige tempo te handhaaf, sal drie kubieke meter water nodig wees tenoor elke twee kubieke meter wat vandag vereis word.

Terwyl die vinnig dalende hoeveelheid water wat per persoon beskikbaar is, ernstige kommer wek, besorg die verswakkende gehalte van die beskikbare voorraad weens besoedeling, ook hulpbronbeplanners groot hoofbrekens.

Water is bowenal die grondslag van energie. Energie is nie bloot die getal kilowatt-uur wat jaarliks per hoof verbruik word nie — dit is ook die maatstaf van 'n volk se gesondheid en produktiwiteit: die kalorieë of kilojoules per hoof per jaar.

Alle beskaafde vooruitgang word op energie gebaseer. Die mees geïndustrialiseerde of beskaafde volke het derhalwe die hoogste verbruik van kilowatt-uur per hoof in 'n jaar. Hulle het ook die hoogste voedingstandaarde in kalorieë (kilojoules) per hoof per jaar. Nasionale produktiwiteit is 'n regstreekse maatstaf van nasionale fiksheid.

Die strawwe droogtes wat onlangs in die noordwestelike gebiede van Afrika en in Ethiopië ondervind is, het die wêreld se aandag gevestig op hierdie hele kwessie van voedingstandaarde en die politieke en ander gevolge wat uit die verontagsaming van hierdie aspek van energie kan voortspruit.

'n Mens moet bietjie terugstaan en die toneel uit 'n inge-

In desperation an engineering solution was sought and found under the auspices of the World Bank. The solution was studied for six years (1954-1960) and was enshrined in the Indus Waters Treaty of 1960 signed between India and Pakistan. The world's biggest single water engineering project was launched at a cost of $1 200 million contributed mainly in the form of free grants from six countries (called the "friendly" countries).

The engineering solution was to transfer the waters of the three eastern tributaries to the Indus across Pakistan to compensate her in the west for the loss of the three Western rivers which were allocated to India. This meant the construction of massive dams such as Mangla on the Jhelum and Tarbela on the Indus rivers, seven barrages across the Indus tributaries, and a 1 100-kilometre network of interriver link canals designed to transfer a volume of water sufficient to irrigate an area equal to the whole area under perennial irrigation in Egypt and, as a by-product, the generation of hydro-electric energy.

Here was an example to the world as to how technical cooperation, which involves the proper allocation and administration of funds, can force conditions for peaceful co-existence and mutual benefits to all parties.

Southern Africa, which may be loosely defined as everything south of the equator, is a vast land mass with immense potential which, for various reasons, has not been exploited properly for the benefit of man except in Rhodesia and in the industrial and technologically endowed powerhouse — the Republic of South Africa.

How do we address ourselves to the massive problems, challenges, and equally massive opportunities which exist here?

Politics will not work easily with sensitive young Republics with varying hues of political affiliations and outlook.

Economic penetration will work only to a limited extent as the fear of economic domination and paternalism is uppermost in the minds of all the newly independent developing states.

Technological co-operation can and will work. Interdependence forged on the anvil of technical co-operation leaves all parties with self-respect, mutual benefits, rising standards of living and peaceful and happy co-existence.

I am not qualified to cover all aspects of technology or even all spheres of engineering disciplines and will therefore confine myself to my own discipline — Water and Power Engineering.

Water is the elixir of life. It is the catalyst for all development: industrial and agricultural. It is the most abundant and the most scarce material on earth. About one half of all precipitation which falls on the earth is returned to the atmosphere by evaporation and transpiration and is thus lost, at least immediately, to man's needs. Of the remaining water on earth approximately 97 per cent is found in the salt oceans, 2 per cent is locked in the form of ice glaciers and only 1 per cent is fresh water. Of the fresh water only a fraction is exposed on the surface and the larger proportion flows or is stored underground.

At current projections the world population will double by the year 2000. In order merely to maintain human activity at its present pace three cubic metres of water will be needed for every two cubic metres required today.

While the rapidly decreasing amount of water available per person is a serious cause for concern the diminishing quality of the available supply due to pollution also gives resource planners cause for concern.

Water is above all the basis of energy. Energy is not just the amount of kilowatt-hours consumed per head per annum — it is also the yardstick of a nation's health and productivity: the calories of kilo-joules per head per annum.

All civilised progress is based on energy. Thus the most highly industrialised or civilised nations have the highest consumption of kilowatt-hours per head of population a year. They also have the highest nutritional standards in calories (kilo-joules) per head per annum. National productivity is a direct measure of national fitness.

The recent terrible droughts experienced in the north-western areas of Africa and in Ethiopia have focussed international attention on this whole question of nutritional standards and the political and other consequences which can flow from neglecting this aspect of energy.

One has to stand back then and survey the scene, from an

nieurswese-ekonomiese oogpunt betrag en eers na Suid-Afrika kyk en miskien later ook na Afrika.

Water en energie is die sleutels. Water is die sleutel tot voedselproduksie ten einde 'n land voortdurend van energie te voorsien; dit word benodig om die installasies van die reusagtige hitteontwikkelingstelle vir elektriese energie af te koel in dit kan op sigself elektriese energie ontwikkel as die water van 'n opvanggebied agter 'n groot dam soos Kariba of Cabora Bassa opgedam en van die beskikbare hoogte laat val word om die statiese drukhoogte in kinetiese energie te verander, wat op sy beurt in elektriese energie-eenhede verander word. Dit is egter nie nodig om sulke enkele groot skemas aan te pak nie. By die hidroprojekte in Noord-Skotland en in die Sneeuberge (Australië) word krag ontwikkel deur een rivier in 'n ander een te laat vloei, ensovoorts en word dieselfde energie ontwikkel deur van 'n aantal damme, tonnels of kanale en kragstasies gebruik te maak. In hoofsaak is hidroëlektriese energie die hoeveelheid water wat per tydseenheid beskikbaar is, vermenigvuldig met die valhoogte of waterdrukhoogte wat beskikbaar is. 'n Klein rivier met 'n hoë val kan derhalwe dieselfde hoeveelheid krag en energie lewer as 'n groot rivier met 'n klein val. Die ideale toestand is wanneer 'n mens 'n groot rivier met 'n hoë drukhoogte of val het, soos die Zambezi by Kariba en Cabora Bassa. Daar is natuurlik nie veel van hierdie soort terreine oor nie, maar dit beteken nie dat die hidropotensiaal van Suidelike Afrika beperk is nie, veral nie as dit op 'n koöperatiewe streekgrondslag ingespan word nie.

Tot onlangs was die groot afstande van Afrika die eintlike probleem. Dit was nie moontlik om elektriese energie ekonomies oor groot afstande oor te bring nie. In 1960 het Kariba die weg gebaan deur hoëspanningskrag oor afstande van tot 600 km te lei, en in 1976 het Cabora Bassa werklik 'n deurbraak gemaak deur 'n groot hoeveelheid krag oor 'n afstand van 1 400 km te lei na die Apollo-omsetterstasie op Irene naby Pretoria.

Om elektriese energie te versprei, te verruil, te verkoop of te koop, het 'n mens 'n transmissienetwerk nodig. As die landbou 'n oorskot oplewer, kan 'n mens die gewasse wissel of na ander gebiede uitvoer. Op die gebied van elektrisiteit is 'n mens beperk tot die transmissienetwerk wat beskikbaar is of wat teen 'n redelike koste opgerig kan word.

Evkom het stilweg en sonder lofsang hulle hoëspanningtransmissienetwerk van 400 kV oor die hele Republiek uitgebrei, benewens die oprigting van voerlyne vir laer spannings. In 1973 het die nasionale netwerk transmissielyne van 400 kV reeds oor 4 500 km gestrek, en die beplande uitbreiding maak voorsiening vir 8 000 km teen 1978, bo en behalwe die kraglyn van 1 400 km lank wat tans die nasionale netwerk met Cabora Bassa verbind.

Hierdie nasionale netwerk, wat in die hart van 'n nywerheidskompleks met 'n hoë aanvraag na elektriese energie geleë is en wat na die noorde van Suidelike Afrika uitgebrei kan word soos dit tans gedemonstreer word in die geval van Cabora Bassa, sal die hoeksteen van onderlinge energie- en waterafhanklikheid in Suidelike Afrika vorm, tot wedersydse voordeel van al die betrokkenes.

'n Netwerk soos hierdie maak dit moontlik om die elektriese krag wat deur alle beskikbare bronne gelewer word, te absorbeer en te integreer, hetsy dit termiese, kern- of hidroëlektriese bronne is. Verder kan daar in die spitsaanvrae na energie, gegrond op 'n daaglikse of jaarlikse laskenkromme, voorsien word vanaf die mees ekonomiese bron, bereken volgens beskikbaarheid en doeltreffendheid. Die daaglikse laskenkromme wissel gewoonlik van uur tot uur en bereik spitse wat van korte duur maar veel hoër as die gemiddelde vir die dag kan wees. Hierdie spitsstuwings onstaan weens verskeie redes: spitsuurverkeer, skielike koue weer of die gewoontes van verbruikers in 'n bepaalde omgewing. Die jaarlikse laskenkromme toon ook seisoenswisselings met spitstydperke. In die moderne praktyk word reusagtige turbogenerators in termiese kragstasies gebruik, hetsy dit met steenkool of kernkrag werk. Die generators werk teen die mees ekonomiese bedryfskoste wanneer dit 'n feitlik konstante toevoer lewer, d.w.s. basislasenergie lewer. Reserwevermoëns moet derhalwe beskikbaar wees om hierdie skielike, kortstondige opstuwings in die aanvraag te behartig. Die doeltreffendste manier om in hierdie spitsaanvrae te voorsien, is deur hidroëlektriese of gasaangedrewe turbogenerators te gebruik. Hierdie waterturbines kan binne enkele oomblikke in diens of in volle werking gestel word. 'n Hidro-aanleg „verbruik" nie water nie. Nadat die energie van die vallende water in elektriese energie omgesit is deur die turbogenerators, vloei die ontkragte water weer ongehinderd terug na die rivier. Daar is ook geen besoedeling nie.

Evkom, in samewerking met die Departement van Waterwese, het onlangs groot water- en hidroëlektriese projekte in die Tugelabekken van stapel gestuur, soos die Tugela-Vaal-(Drakensberg-) skema waar 'n pompopgaarprojek met 'n geïnstalleerde ontwikkelingsvermoë van 1 000 MW, ingeskakel sal word by die oorplasing van 11 m3/s water uit die

engineering-economic viewpoint, and look first at Southern Africa and may be one day, Africa.

Water and energy are the keys. Water is the key to food production for maintaining national energy; it is required to cool the plant for the mighty thermal generating sets for electrical energy and it can generate electrical energy by itself if the waters of a river catchment are concentrated behind a large dam such as Kariba or Cabora Bassa and dropped through the available height to transform the pressure from static head to kinetic energy which in turn is transformed into units of electrical energy. But it is not necessary to have such single big schemes. In the North of Scotland and Snowy Mountain (Australia) hydro-projects the power is produced by transferring one river to the other and so on and to produce the same energy by using a number of dams, tunnels or canals, and power stations. In essence hydro-electric energy is the quantity of water available per unit of time multiplied by the height of drop, or head, available. Thus a small river with a high fall could produce the same power and energy output as a large river with a small fall. The ideal situation is when you have a large river with a high head or fall such as the Zambezi at Kariba and Cabora Bassa. Of course there are not many such sites left, but this does not mean that the hydro potential of Southern Africa is limited, particularly if harnessed on a regional co-operative basis.

Up to recently the great problem was the vast distances of Africa. Thus it was not possible to transmit electrical energy economically over long distances. In 1960 Kariba showed the way with high voltage transmission distances of up to 600 kilometres and in 1976 Cabora Bassa really broke through with the transmission of a large block of power over a distance of 1 400 kilometres to Apollo converter station at Irene, near Pretoria.

To disseminate, barter, sell or buy electrical energy one needs a transmission network. If there is a glut in agricultural output one can change the crop pattern or export to another region. In the electrical field one is confined to the transmission grid available or which can be constructed at reasonable cost.

Quietly and unsung Escom have expanded their high voltage 400 kV transmission network over the length and breadth of the Republic, in addition to the lower voltage feeders. By 1973 the length of 400 kV national grid transmission lines had reached 4 500 kilometres and the expansion planned budgets for 8 000 kilometres by 1978 apart from the 1 400 kilometres of line which now links the national grid with Cabora Bassa.

It is the existence of this national grid, situated in the heart of an industrial complex with a high demand for electrical energy and which can be extended northwards into Southern Africa, as now demonstrated by the Cabora Bassa example, which will form the cornerstone of energy and water interdependence in Southern Africa — to the mutual benefit of all concerned.

Such a grid makes it possible to absorb and integrate the output of electrical generation from all available sources: thermal, nuclear and hydro-electric. Furthermore the peak demands of energy, whether on a daily or annual load curve, can be met from the most economic source according to availability and efficiency. The daily load curve generally varies hour by hour and reaches peaks which may be of short duration but much higher than the average for the day. Such peak surges arise due to various causes: rush-hour traffic, sudden cold snaps, or the habits of consumers in a given locality. The annual load curve also has seasonal variations with peak periods. In modern practice very large turbo-generators are used in thermal stations whether coal- or nuclear-fired and these operate most economically when run at nearly constant output, i.e. producing base load energy. Spare capacity must therefore be available to meet these sudden short duration surges in demand. The most efficient means of supplying such peak demands is by hydro-electric or gas-driven turbo-generators. These water turbines can be brought into service or on "stream" in a matter of minutes. A hydro-plant does not "consume" water. When the energy of the folling water has been transformed by the turbo-generators into electrical energy the de-energised water returns peacefully to the river. There is also no pollution.

Escom, in collaboration with the Department of Water Affairs, have recently launched big water and hydro-electric projects in the Tugela basin, such as the Tugela-Vaal (Drakensberg) scheme where a pumped storage project with an installed generating capacity of 1 000 Megawatts is to be coupled with the transfer of 11 m3/s of

Tugela na die dorstige Vaalrivierbekken.

Ondersoek word tans ingestel na ander groot hidroëlektriese projekte.

In Suidelike Afrika is die posisie oor die algemeen dat ons, om dit eenvoudig te stel, dink aan die „nat" noorde en die „droë" suide.

Noord van die Republiek is daar die magtige riviere, soos die Zaire (Kongo), Rufiji, Rovuma, Shire, Kunene en die Zambezi.

'n Konserwatiewe beraming van die totale potensiële vermoë van Suidelike Afrika se riviere is 60 000 MW, waarvan ongeveer 8 000 MW in die Republiek, die tuislande en die buurstate ontwikkel kan word. Die totale hidropotensiaal van die Zambezi en sy takriviere is sowat 11 000 MW, of dieselfde as die huidige totale geïnstalleerde vermoë van die Republiek. Verder na die noorde, word die potensiaal van die magtige Zaire op 40 000 MW gereken, of drie-en-dertig keer soveel as die geïnstalleerde vermoë van Kariba.

Indien die hoëspanning-transmissienetwerke wat reeds in die Republiek, Zambië, Rhodesië en Mosambiek bestaan, uitgebrei word om 'n Pan-Afrika-netwerk te vorm wat Zaïre, Malawi en Tanzanië insluit, word die ontwikkeling van al hierdie hidropotensiaal moontlik tot die wedersydse voordeel van almal. Dit kan binne 'n dekade verwesenlik word!

Dit sal nie altyd net Suid-Afrika wees wat elektrisiteit invoer nie. As gevolg van Suid-Afrika se huidige ekonomiese oorheersing van die kontinent is hy op die oomblik die enigste afsetgebied. Met 'n Pan-Afrika-kragtransmissienetwerk sal dit egter moontlik wees om elektrisiteit op die beste benutting- of mees ekonomiese grondslag uit te voer of in te voer. Daar sal bykomende ontwikkeling wees, soos die infrastruktuur om die nodige damme, tonnels en kragstasies te bou. Dit sal in aansienlike mate help om die huidige afgeleë gebiede oop te stel.

Dit is nie al nie. Die Pan-Afrika-netwerk sal dit moontlik maak om die hidro- en termiese potensiaal van al die gebiede in die streek te integreer, wat beteken dat die steenkoolreserwes wat tans onontgin lê in lande soos Botswana, Swaziland, Rhodesië, Zambië, Mosambiek en andere, vir ekonomiese vooruitgang en vir die verdere verstewiging van die streek se landsbegrotings, asook vir die beste benutting van die hele streek se mannekragbronne aangewend kan word.

Wat voedsel betref, is daar geen rede waarom Suidelike Afrika nie die graanskuur van Afrika en van dele van die Derde Wereld kan word nie.

Die ontwikkelende of armer lande bevat meer as twee derdes van die wereld se bevolking, maar hulle produseer minder as 44 persent van die wêreld se voedsel. Betreffende die produksie van plaasdierprodukte, is die balans selfs swakker, want hierdie lande produseer slegs ongeveer 22 persent van die totale hoeveelheid vleis, melk en eiers. Hierdie onewewigtigheid sal boonop vinnig vererger. Terwyl die ontwikkelde lande hulle voedselopbrengs per hoof gehandhaaf en verbeter het, het die ontwikkelende lande 'n skerp daling in die opbrengs per hoof getoon. Dit het reeds laer as die syfers van 1954 gedaal.

Sy Keiserlike Majesteit, die Shahanshah van Iran, het verklaar dat hierdie vraagstuk miskien van groter belang is, d.w.s. 'n groter moontlike, uiteindelike uitwerking op internasionale betrekkinge kan hê, as die olie- en energiekrisis. Die viervoudige styging in oliepryse gedurende die afgelope paar jaar, het natuurlik die koste van meganisasie, kunsmis en landboukundige chemikalieë opgejaag, wat 'n nadelige uitwerking op die landboukundige ontwikkeling in die armer lande gehad het en tot die onewewigtigheid bygedra het.

Honger ken geen grense nie. Die hele vraagstuk verdien die dringende aandag van al die lande wat in staat is om 'n bydrae te lewer tot 'n bestendige voedselvoorraad vir die benoeftige Derde Wêreld.

Die lande wat nog reserwevermoëns vir landboukundige ontwikkeling het, in Suid-Amerika waar slegs 16 persent van die potensiële bewerkbare grond tot dusver benut word, Australië en Nieu-Seeland met meer as 'n derde in reserwe en Rusland met presies 'n derde. Selfs die ouer lande in Europa kan hulle bewerkbare grond met 20 persent uitbrei. Noord-Amerika het 86 persent van sy potensiële bewerkbare landbougrond onder die ploeg gesteek. In hierdie geval heers daar egter ietwat pessimisme of die verwagte graansurplus van 30 miljoen in die V.S.A. teen 1985, genoeg sal wees om te voorsien in meer as een jaar se behoeftes van die armer lande teen die huidige tempo van bevolkingsaanwas.

Die Direkteur van Landbou-ekonomie in die Departement van Landbou van die Verenigde State het die volgende pessimistiese mening uitgespreek in 'n onlangse oorsig van die wêreld se voedselposisie:-

„Op die lang duur, as 'n blik in die een-en-twintigste eeu gewerp word, is daar geen oplossing vir die wêreld se

Tugela water to the thirsty Vaal river basin.

Other big hydro-electric projects are under investigation.

In Southern Africa the position is generally such that, in simplified terms, we think of the "wet" north and the "dry" south.

To the north of the Republic there are the mighty major rivers such as the Zaire (Congo), Rufiji, Rovuma, Shire, Cunene and the Zambezi.

A conservative estimate of the total potential capacity of the Southern African rivers is 60 000 megawatts of which approximately 8 000 megawatts can be installed in the Republic, the Homelands, and in neighbouring territories. The total hydro potential of the Zambezi and its tributaries is of the order of 11 000 megawatts, or the same as the total present installed capacity of the Republic. Further to the north the mighty Zaire (Congo) river is rated at 40 000 megawatts or thirty-three times the installed capacity at Kariba.

If the high voltage transmission grids which already exist in the Republic, Zambia, Rhodesia and Mocambique are extended to form a pan-African grid including Zaire, Malawi and Tanzania the development of all this hydro-potential to the mutual benefit of all, becomes possible. It can be achieved in a decade!

South Africa will not always do the importing of electricity. By virtue of her present economic dominance of the continent she is for the moment the only market. But with a pan-African power transmission grid, it will be possible to export and import electricity on the best use or most economic basis. There will be further by-products, such as the infrastructure requirements to build the necessary dams, tunnels and power stations. This would help materially to open up the presently remote areas.

This is not all. The pan-African grid will make it possible to integrate the hydro and thermal potential of all the territories in the region which means that the coal reserves now lying fallow in countries like Botswana, Swaziland, Rhodesia, Zambia, Mocambique and others could be put to economic use and further bolster the budgets of the region, and make best use of the manpower resources of the whole region.

On the nutritional front there is no reason why Southern Africa should not become the granary for Africa and parts of the Third World.

The developing or poorer countries comprise more than two-thirds of the world's population but they produce less than 44 per cent of the world's food. As regards the production of farm animal products the balance is even more unfavourable because these countries produce only about 22 per cent of the total quantity of meat, milk and eggs. Moreover, the imbalance position will get rapidly worse. Whereas the developed areas have maintained and improved their output of food per head of population, the developing territories have shown a plunging decline in output per head of population which has already dropped to below 1954 figures.

His Imperial Majesty, the Shahanshah of Iran, is on record as saying that this question is perhaps of greater importance, i.e. with greater potential ultimate impact on international relations than the oil and energy crisis.

The quadrupling of oil prices over a few years' span, has of course, forced up the prices of mechanisation, fertilizers and agricultural chemicals, which has affected adversely the agricultural development in the poor countries and is yet another factor in increasing the imbalance.

Hunger knows no boundaries. The whole question deserves urgent attention by all countries that are able to contribute towards a stable food supply to the needy third world.

The countries which still have reserve capacity for agricultural development are South America, where only 16 per cent of potential arable land has so far been used, Australia and New Zealand with more than a third in reserve and Russia with exactly a third. Even the older countries in Europe can extend their arable land by 20%. North America has put 86 per cent of its potential culturable land under the plough. Here, however, there is some pessimism as to whether by 1985 the anticipated grain surplus of 30 million tons in the U.S.A. will be able to cope with more than one year's requirements of the poorer countries at the present population growth rate.

The Director of Agricultural Economics in the United States Department of Agriculture in a recent review of the world food situation expressed the following pessimistic opinion:-

"In the long run, looking into the twenty-first century, unless the population growth is checked, there is no

A new time-saving technique for receptacle wiring



Scotchlok® BRAND Self-Stripping Electrical Tap Connectors

Now approved by the AMEU

1. Insert run and tap wires.
2. Drive "U" Contact down.
3. Snap hinged cover.

Electro-Products Division 3M

P.O. BOX 10465, JOHANNESBURG TELEPHONE 36-3211

voedselprobleem nie, tensy die bevolkingsaanwas gestuit word. Beraam volgens onlangse tempo's, loop die bevolkingsgrafiek oor die kant van die bladsy; die syfers word nie net onbeheerbaar nie, maar ook ondenkbaar".

Met die hoop dat die rem so 'n bietjie aangedraai kan word op die tempo van bevolkingsaanwas, het ons sowat 'n kwarteeu oor om die tyd uit te koop. Dit sal toegewyde ywer van al die „vermoënde" lande gedurende hierdie tydperk verg. Dit plaas Suidelike Afrika in die soeklig.

In Suidelike Afrika sal die voedselposisie ook in oënskou geneem moet word ten opsigte van bevolkingsyfers en die verwagte bevolkingsaanwas.

SUID-AFRIKA

Die totale bevolking van 25 miljoen sal waarskynlik dubbeld meer wees aan die einde van hierdie eeu en weer verdubbel tot die jaar 2020.

Ondanks beperkte hulpbronne en 'n ongunstige klimaat oor die algemeen, het Suid-Afrika 'n rekord van steeds hoër prestasies in landbou. Die hoë peil van landboukunde en -beoefening kan met die beste ter wêreld vergelyk word.

Wat die hoeveelheid bewerkbare grond per hoof betref, is die Republiek in 'n swak posisie in vergelyking met ander Afrika- en ontwikkelde lande in die wêreld. Deskundiges aanvaar dat minstens 0,4 ha landbougrond nodig is om voedsel vir een persoon te voorsien, en reeds in 1973 is daar beraam dat slegs 0,57 ha bewerkbare grond per persoon beskikbaar is.

'n Ander ernstige beperkende faktor is water, wat die besproeibare gebiede sal beperk.

Die Republiek het tans net minder as 'n miljoen hektaar besproeiingsgrond, wat volgens die owerhede se skatting, uiteindelik met nog 340000 ha uitgebrei kan word.

Baie navorsingswerk word gewy aan die opsporing van ondergrondse water wat in die eerste plek vir lewende hawe en vernaliwe vir die produksie van dierlike voedsel aangewend sal word.

In die tuislande kry altesaam 76 persent van die grond 'n jaarlikse reënval van hoër as 500 mm, en 33 persent van die grond is geklassifiseer dat dit 'n hoë potensiaal het.

Volgens die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, produseer die tuislande slegs ongeveer een sewende tot een sesde van die opbrengs wat uit vergelykbare grond in die res van Suid-Afrika verkry word. Die meeste tuislande voorsien nie genoeg voedsel om in die basiese behoeftes van hulle eie mense te voorsien nie.

Daar word beraam dat die Republiek van Transkei wat so pas onafhanklik geword het, oor die potensiaal beskik om meer as 3 miljoen ton mielies te produseer, maar sy produksie in die seisoen 1972/3 was slegs 0,1 miljoen ton.

Hier wag daar 'n groot geleentheid om Suid-Afrikaanse bedrewenheid in landboukundige tegnieke toe te pas vir die ontwikkeling van die water- en grondhulpbronne om die eintlike potensiele opbrengs te verkry tot die wedersydse voordeel van albei lande.

SUIDWES-AFRIKA

In Suidwes-Afrika word die landbou- en ander ontwikkelings ernstig gekortwiek deur die skaarste van water. Slegs 'n derde van Suidwes-Afrika het 'n reënval van meer as 400 mm per jaar, en vanweë die wisselvallige aard van die reënval, word droelandgewasse in slegs 1,1 persent van die gebied verbou. Die Namibwoestyn beslaan ongeveer 'n vyfde van die land, en in die binneland is daar geen standhoudende riviere nie, behalwe op die heel noordelike en suidelike grense. Die dravermoë van die veld is oor die algemeen baie laag. Boerdery word nietemin op groot skaal beoefen en 'n groot aantal vee en karkasse word na die Republiek uitgevoer, maar op sy beurt voer Suidwes-Afrika baie landbouprodukte van Suid-Afrika in.

BOTSWANA

Die grootste deel van Botswana word beslaan deur die Kalahari met sy uiters lae reënval wat hoër word na die noordelike en oostelike dele van die land. Weens die swak reënval word slegs ongeveer 400 000 ha gebruik vir die verbouing van gewasse. Dit is minder as 10 persent van die totale bewerkbare grond in Botswana. Baie van die grond het egter 'n grenswaarde as gevolg van die wisselvallige reënval.

Veeboerdery is die vernaamste bron van inkomste uit landbou, maar die omset is laag, naamlik 8 persent. Vanweë die langdurige droogtes in die jare 1960, kon Botswana in 1971 nie voorsien in die voedselbehoeftes van sy bevolking van 630 000 nie, en moes voedsel ingevoer word. Die toestande is vandag gunstiger.

Besproeiing word nie op groot skaal beoefen nie. Water is beskikbaar uit die Okavango-, Chobe- en Limpoporivier. Besproeiing word op beperkte skaal langs die Limpopo (Tuliblok) toegepas, met 'n redelike tot hoë mate van sukses.

LESOTHO

Ofskoon hierdie land 'n hoë reënval van bykans 2 000 mm per jaar het, is die land arm aan landboukundige hulpbronne. Die hoë reënval tesame met swak boerderymetodes in hier-

solution to the world food problem. Projected at recent rates the population chart runs off the page: the numbers become not only unmanageable but inconceivable."

In the hope that a brake can by some means be placed on the rate of increase in population we have say a quarter of a century in which to buy time. This will require dedicated efforts by all the "have" countries during that period.
This brings the spotlight on to Southern Africa.

In Southern Africa the food position must also be viewed in terms of population numbers and the anticipated increase therein.

SOUTH AFRICA

The total population of 25 million is expected to be doubled by the end of this century and doubled again by 2020.

Despite limited resources and a generally unfavourable climate, South Africa has a record of rising performance in Agriculture. The high level of agricultural science and of farming application can be compared with the best in the world.

As regards the amount of available tillable soil per capita, the Republic is in a weak position compared with other African and developed countries of the world. Experts accept that at least 0,4 hectares of cultivated land is needed to provide the food requirements of each person and already by 1973 it was estimated that there is available only 0,57 hectares of arable soil per person.

Another serious limiting factor is water which will limit the areas which could be put under irrigation.

The Republic has at present just under a million hectares of land under irrigation which, the Authorities estimate, can eventually be expanded by a further 340 000 ha.

Much research is being concentrated on finding underground water sources which will in the first place be used for livestock and hence animal food production.

In the Homelands altogether 76 per cent of the land experiences an annual rainfall higher than 500 mm and 33 per cent of the land is classified as having high potential.

According to the Department of Bantu Administration and Development the Homelands produce only of the order of one-seventh to one-sixth of the yields produced on comparable land in the rest of South Africa. Most Homelands do not even produce enough food to supply the basic requirements of their own people.

It is estimated that the newly independent Republic of Transkei has the potential to produce more than 3 million tons of maize, but its production in the 1972/3 season was only 0,1 million tons.

Here there is a great opportunity to apply the South African skills in agricultural technique to the development of water-land resources to achieve its proper potential yield to the mutual benefit of both countries.

SOUTH WEST AFRICA

In South West Africa agricultural and other development is seriously hampered by the scarcity of water. Only a third of South West Africa has a raintall of more than 400 mm a year, and because of the erratic nature of the rainfall the cultivation of dryland crops is carried out on only 1,1 per cent of the territory. The Namib Desert covers about a fifth of the country, and in the interior there are no perennial rivers, except on the extreme northern and southern borders. The carrying capacity of the veld in general is very low. A high level of farm management is nevertheless maintained and large numbers of cattle and cattle carcases are exported to the Republic, but South West Africa in turn imports a lot of agricultural products from South Africa.

BOTSWANA

The greater part of Botswana is covered by the Kalahari with its extremely low rainfall which increases towards the northern and eastern parts of the country. Owing to the poor rainfall only about 400 000 hectares are used for crops, less than 10 per cent of the total arable land in Botswana. Much of the arable land, however, is marginal because of erratic rainfall.

Cattle farming is the main source of revenue from agriculture, but the turnover is low, namely 8 per cent. Owing to the lengthy droughts in the 1960s, Botswana could not provide the food requirements of its population of 630 000 in 1971 and food had to be imported. Conditions today are more favourable.

Irrigation is not practised on a significant scale. Water is available from the Okavango, the Chobe and Limpopo rivers. A limited amount of irrigation is practised along the Limpopo (Tuli Block) with fair to a high degree of success.

LESOTHO

Although this country has a high rainfall of nearly 2 000 mm a year the country is poorly endowed with agricultural resources. The high rainfall combined with poor farming

die oorbevolkte gebied wat ongeveer 13 ha per hoof vir sy miljoen inwoners het, het tot ernstige gronderosie deur byna die hele land gelei. Ongeveer 85 persent van sy ekonomies aktiewe inwoners is aan die landbou verbonde, maar die opbrengs is laag, hoewel daar 'n potensiaal vir 'n hoër opbrengs bestaan.

SWAZILAND

Die moontlikheid van landbou-uitbreidings in hierdie klein landjie is inderdaad baie goed wat die beskikbaarheid van ekstra grond vir besproeiing en verbeterde boerderymetodes betref.

Die land het groot standhoudende riviere en goeie grond vir landbou en bosbou, asook 'n betreklik hoë reenval oor die hele land. Die opbrengs per hektaar is dieselfde as in Suid-Afrika.

Een van die beste besproeiingsprojekte in Suidelike Afrika is die Swaziland Irrigation Scheme (SIS) wat deur die Commonwealth Development Corporation (CDC) beheer word. Die huidige gebied wat besproei word, beslaan 12 750 ha waarvan 10 400 na met suikerriet en die res met sitrusbome, rys en ander gewasse beplant is.

Daar word beraam dat minstens 75 000 ha ekonomies besproei kan word teen die huidige koste. Dit is bekend dat opdamplekke beskikbaar is in die Komati-, Lomati- en Usuturivier se sytakke.

Die Komatirivier is deel van 'n internasionale rivierbekken, die Incomati, met waterlope van en na die Republiek, Swaziland en Mosambiek.

Dit ly geen twyfel nie dat as hierdie lande saamwerk, op die beginsel van beste benutting, dit tot voordeel van almal sal strek. Swaziland sal nie net in staat wees om sy eie voedsel te voorsien nie, maar sal ook voedsel kan bydra tot 'n „graanbank" vir Suidelike Afrika.

RHODESIE

Van al die lande in Suidelike Afrika, het Rhodesië die hoogste gemiddelde opbrengs van produkte in kilogram per hektaar: 2 962 vergeleke met 1 704 in Suid-Afrika. Onlangse verslae meld egter dat oorbevolking van die stamtrustgebiede, wat ongeveer die helfte van die land beslaan, oorbeweiding en swak boerderymetodes reeds baie van die grond in „onbewerkbare" grond verander het wat feitlik ongeskik vir landbou is.

Riviere soos die Zambezi en Sabi en hulle takriviere voorsien meer as genoeg water vir landbou- en nywerheidsontwikkeling.

Dit sal groot pogings verg om die landbouproduksie in die stamtrustgebiede tot bokant die bestaansminimum te laat styg.

Gedurende 1975 is meer as 20 opgaarwerke met 'n totale opgaarvermoë van ongeveer 12 000 x 103m3 in die Blanke gebiede voltooi. In dieselfde jaar is 12 damme en keerwalle met 'n totale opgaarvermoë van 14, 13 x 106m3 in die stamtrustgebiede voltooi.

Rhodesië se uitvoer van tabak lewer reeds jare lank 'n groot bydrae tot die land se ekonomie, maar dit is nie so algemeen bekend dat baie ander landbouprodukte na Afrika-state en elders uitgevoer word nie. Die produksie van Rhodesiese kwaliteitsbeesvleis het reeds baie hoë standaarde bereik, en hierdie sektor sal ongetwyfeld verder uitbrei, en ook na gekeurde, gespesialiseerde produksoorte. Rhodesië sal in staat wees om tot 'n „graanbank" by te dra.

ZAMBIE

'n Groot verskeidenheid landbougewasse kan verbou word in hierdie land se onderskeie streke met klimate wat van tropies tot subtropies wissel. Produksie word gekniehalter deur swak grond in groot dele van die land en deur lang, droë seisoene.

Hoewel Zambië 'n aantal sterkvloeiende riviere het, is min besproeiing nog onderneem.

'n Groep Blanke boere het in 1970 ongeveer die helfte van die bemarkte landbouprodukte geproduseer. In die afgelope jare het die regering verskillende metodes op die proef gestel om doeltreffende landbouproduksie te bevorder, maar die vooruitgang was stadig. Dit ly geen twyfel nie dat Zambië met 'n toegewyde benadering meer as net selfvoorsienend kan word wat landbou betref.

MALAWI

Malawi is 'n betreklik klein landjie, maar meer as die helfte van sy grondgebied is geskik vir bewerking. Hierdie land se grond word beskou as van die vrugbaarste in Suidelike Midde-Afrika. Desnieteenstaande word net ongeveer een derde van die bewerkbare grond tot dusver benut, en die land se aansienlike potensiaal vir besproeiingsboerdery is feitlik nog glad nie ontwikkel nie. Die Malawiese landboubedryf kan nietemin beskou word as een van die doeltreffendste in Suidelike Afrika, en landbouprodukte ter waarde van miljoene rande word jaarliks uitgevoer nadat daar in die plaaslike behoeftes voorsien is.

ANGOLA

Die landboupotensiaal van hierdie waterryke land is aansienlik hoog, maar tans word net sowat 2 persent van die land se bewerkbare grond aktief benut.

practices in this overpopulated territory with about 13 hectares a head for its million people, has led to very serious soil erosion over virtually the whole country. About 85 per cent of the economically active population is engaged in agriculture, but yields are very low though potential for higher yields does exist.

SWAZILAND

The possibility of agricultural expansion in this small country is very good indeed both as regards extra land available for irrigation and as regards improved farming practices.

It has large perennial rivers and good soils for agriculture and forestry and a relatively high rainfall over the entire country. The yield per hectare is of the same order as that of South Africa.

One of the best irrigation projects in Southern Africa is the Swaziland Irrigation Scheme (SIS) run by the Commonwealth Development Corporation (CDC). The present area under irrigation is 12 750 ha of which 10 400 ha are planted to sugar and the remainder to citrus, rice and other crops.

It is estimated that at least 75 000 ha can be put under economic irrigation at today's prices. Storage sites are known to be available on the Komati, Lomati and Usutu river tributaries.

The Komati river is part of an international river basin, the Incomati, involving water contributions from and to the Republic, Swaziland and Mocambique.

There is no doubt that, by co-operation between these countries on the best use philosophy, all will benefit and Swaziland will not only be able to remain self-sufficient in foodstuffs but will be able to make food contributions to a "granary bank" for Southern Africa.

RHODESIA

Of the Southern African countries, Rhodesia has the highest average yield of produce in kg per hectare: 2 962 compared with 1 704 in South Africa. Recent reports indicate however, that overpopulation in the tribal trust areas, which cover about half the area of the country, overgrazing and poor farming techniques have already converted much of the soil into "wasteland" virtually unfit for agriculture.

Rivers such as the Zambezi and Sabi and their tributaries provide more than adequate water resources for agricultural and industrial development. Great efforts will be required to raise agricultural production in the tribal trust lands to above subsistence levels.

During 1975 more than 20 storage works were completed in the European areas with a total storage capacity of some 12 000 x 103m3 and in the same year 12 dams and weirs were completed in the tribal trust areas with a total storage capacity of 14, 13 x 106m3.

Rhodesian exports of tobacco have made a major contribution to the country's economy for some years but it is not so well known that many other agricultural products are exported to Africa and elsewhere. Rhodesian quality beef production has reached very high standards and no doubt this sector will continue to expand and in selected specialised brands. Rhodesia will be able to contribute to a granary bank.

ZAMBIA

A large variety of farm crops can be grown in its various regions which range from tropical to subtropical and temperate climates. Production is limited by poor soils over great parts of the country and a long, dry season.

Although Zambia has a number of strong, flowing rivers, little irrigation has as yet taken place.

Mr. Adams reports an amazing increase in the productivity of Black workers. How much influence does Mr. Adams consider is involved by the 'Hawthorne Effect'. In case Mr. Adams is not entirely familiar with this, I would explain that, years ago in the Hawthorne Plant in the U.S.A., the lighting people proved to their satisfaction that, by repeatedly increasing the lighting levels, they improved productivity. On being told to put the lighting back to where it was, the productivity still increased. Thus, the effect was simply due to the workers realising that someone on Management was interested in their work. In regard to the P.E. incentive bonus systems, what allowances are made for different weather conditions?

MR. C. E. ADAMS, Port Elizabeth:

Mr. President I must say that I am very pleased to have heard all the comments this morning. I never expected the Paper to invoke quite as much comment, and I have listened to it all with great interest, particularly the comments from Durban and Johannesburg, where they are also experimenting with bonus schemes. I will try to answer all the questions or as many of them as I can remember.

First of all, Councillor Orpen raises the question of absenteeism around Christmas; now this has always been a problem, it is still a problem today, even with the bonus scheme, but in a slightly diferent form because we now find the White cable layers want to take their leave at Christmas, and that means that we have to double up on gang size, and immediately our productivity goes down, because we get away from the optimum number of bantu per gang, and that is a problem throughout the year. If a cable layer is sick and you have to double up on gang size, then productivity drops. We have not overcome that problem yet.

I was very interested in Mr. Fraser's comments, particularly his comparison of the amount of cable laid and the maximum bonus. One reason for the better productivity in Durban, I suspect, might be the different type of Bantu they are dealing with. In Durban they have Zulus, in Port Elizabeth there are Xhosas and I may be wrong, but I think the Zulu is inherently a better worker than the Xhosa. The maximum bonus of 130% set in Durban, I feel, is too low because, internationally, work study staff expect to get about a 30% improvement, in other words for the performance to settle at about 130%. Obviously that must be an average figure and there will be some performances better and some worse than 130. Therefore I feel that 130 is too low. On reflection, we might have set our too high at a 100% bonus, in other words a 200% performance level. We only achieved these very high performance levels when in the initial stages, we had a lot of supervisors and work study officers on the job. In other words, when we were experimenting and trying to educate the layers. As soon as the additional work study staff and supervisors were withdrawn, the performances dropped again to the expected level of around 130. Our overall long term average in the Council service at the moment is between 120 and 130, say 125% — so possibly we should have it slightly lower than we did, but probably higher than Durban has done. I might have created the wrong impression about group bonus schemes; we have a mixture of group bonuses and individual bonuses — we introduced the group bonus scheme for the cable jointers because they are always a very closely knit group; they form a little community within the Department and they were very much against individual bonuses because the other jointers would not have the same opportunity. To make a 22kV joint takes a lot longer than to make LT service joints and obviously the 22kV jointer could not utilise his time to the same extent. So they were against individual bonuses and we introduced a group bonus scheme primarily to persuade them to adopt this scheme, but we do have individual bonuses, the overhead linesmen are on individual bonuses and each cable laying gang is on an individual bonus, so we use a mixed scheme. Opportunity for all was mentioned by Mr. Fraser and we said right at the outset that we could not guarantee opportunity for everybody. We felt that we could study 85-90% of the work and we have endeavoured to put as many as possible of the staff on the scheme. We have not yet tackled areas like meter testing or installation work. There was a suggestion that we put installation inspectors on bonus, but we resisted this because we felt that inspection work is not one that one wants to speed up. An inspector is there for the safety of the public and we want him to take his time and do a good job. Mnr. Loubser van Benoni het oortyd gepraat, ons het nie eintlik probleme ondervind om iemand te kry om oortyd te werk nie. Al verdien hulle 'n hoër loon, kom hulle nog uit wanneer dit nodig is, ons het geen probleme in daardie verband gehad nie.

Mr. K. A. H. Adam's comment was very interesting. I was very interested to hear that the gang sizes in Johannesburg and the level of productivity compared closely to ours. That does indicate that our work study staff are working on the same "wave length". The practice of making all gangs mobile is very interesting, we haven't done that yet, although we have looked at it. And we have adopted another method — we have entered into an agreement with a bus company and they now lay on special buses and transport for all our bantu workers to the work sites. We find that this is a very good scheme, they get there early, they are at the site before 07h30 in the morning and they leave at 17h15. It is cheaper to do this than to run our own transport. We have achieved savings of something like R60 per day on transport by utilising the buses. So far this scheme is working very well and we hope it will continue.

Mnr. Theron het baie vrae gevra, ek glo nie ek het hulle almal neergeskryf nie. Ek dink baie van hulle was in verband met koste — koste van die voedsel en die koste van die administrasie van die skema. Dit kos eintlik nie veel om hierdie skema dit administreer nie, dit is net een klerk wat nodig is en sy salaris is maar baie min as u dit vergelyk met die onkoste van die hele department, so die koste van die skema self is maar laag. Daar was 'n vraag oor oortyd van mnr. Theron, maar ek kan nie onthou wat dit was nie.

Mr. von Ahlften mentioned the control of the scheme and cost of top management time — we have never said that we would achieve 100% control, we have always realised there is the danger of a jointer closing up a hole over a bad joint. What we do in a case like this, is to make him go back and rectify the job in his own time and we cancel his bonus. It very seldom hapens, but it does place a much greater responsibility on the supervisor; he has to get around a lot more and has to see a lot more of the work to make sure standards are being maintained. So far we have achieved a reasonable standard of control without a drop in quality of the work. The cost of top management time has not been estimated. I think it would be quite high, but it is like the cost of work study. Once you have finished the study and adopted the scheme and you achieve the anticipated savings over the years, the savings will far exceed the cost of top management time, but it does take a lot of top management effort, in other words top management has to motivate this all the way through. You can't start the scheme and then leave it to the middle management staff to carry out — it needs top management push all the way through until it is established.

M. Owen mentioned the drop in effectiveness. We did actually experience this with the scheme for disconnections. The scheme was introduced and then there was an objection from anotner department, because these were administrative types to whom we were paying the bonus, and the committee decided to cancel the scheme as far as they were concerned. The performance increased to about 130-140 when the scheme was introduced. As soon as we withdrew the bonus scheme the performance dropped off markedly and it went down below 70. Obviously this had a demotivating efect when they had in fact had something taken away from them. Then we got together with the treasury and we showed the Council the backlog of disconnections that was building up. They agreed to re-introduce the bonus scheme and the performance went up again and is now running around 140%. Therefore if you take away a bonus scheme your performance will drop to below what was the pre-bonus level, but let us hope that we don't have to do that.

Ek het mnr. Theron se vrae nou hier. Die inkomste en administratiewe koste. Dit was net die een klerk soos ek alreeds gesê het en sy salaris is nie baie hoog nie, dit is maar baie min in vergelyking met die besparing wat ons gevind het. Beplanning — die posisie gedurende 'n opvloei in die ekonomie, sover het ons nog nie hierdie probleem ervaar nie.

In verband met die tekenkantoor het hy gevra is dit nie 'n erkenning van swak toesig in beheer nie — dit mag so wees maar ek glo nie dit is heeltemaal so nie want 'n bonus skema moet meer werk kry as wat 'n man gewoonlik sou doen, met ander woorde ons wil 'n persentasie van meer as 100 kry, en dus nie net 'n saak van toesig nie, want as jy goeie toesig het dan sal dit verbeter tot omterent 100 maar nie hoër as 100 nie. Jy moet die personeel motiveer om meer as 100 uit te gee.

MR. K. G. ROBSON, President:

Mnr. Adams ek wil u geluk wens met hierdie referaat wat u vandag hier gelewer het. The number and range of contributions that we have received this morning demonstrates, I believe, the value of the Paper you presented to this Convention and I am quite sure that it is going to serve as a basis for study by a number of Undertakings that haven't considered or discussed the problem with their work study people. Obviously there is a good deal of stimulating thoughts that we should take back and apply in our own particular situations. May I also have the pleasure of presenting you with a second tie.

It is a pleasure to welcome our next speaker, Mr. S. G. McCullough. I got to know Mr McCullough through telephone conversations and correspondence and it was very nice to meet him in person. I think it is particularly fitting that I should record the appreciation of the AMEU to the Johannesburg Electricity Department for their continuing contributions to the work of the AMEU.

We had a most timely paper from Mr Vic Raynal at the Durban Convention two years ago and we are now to hear another timely paper — this time from Mr McCullough. To you, Mr. Barnard and the Electricity Department of the Johannesburg City Council our appreciation.

In Mr. McCullough's present capacity of Management Services Engineer he is involved in departmental budgeting and tariffs and is responsible for the statistical and computer sections of the Electricity Department. Mr. McCullough, you certainly have an interested and attentive audience.

Electrisiteitsvoorsieningstariewe met besondere verwysing na Johannesburg

Deur

S. G. McCULLOUGH
B.Sc.(Ing.)(Natal)

1.0 INLEIDING

Daar is reeds baie geskrywe oor die onderwerp van elektrisiteitstariewe maar daar bly steeds wyduiteenlopende menings oor wat beskou word die regte benadering behoort te wees. Vir hierdie rede sal geen poging aangewend word om die ideale elektrisiteitstarief te omskryf nie. Instede word beplan om grondliggende begrippe te bespreek, om die Johannesburgse elektrisiteitstariewe oor die afgelope 25 jaar te skets en dan die huidige tariefstruktuur meer besonderlik te ondersoek; met sy voordele en tekortkomings. In besonder sal die vereiste vir 'n outomatiese tariefaanpassing, om te vergoed vir skommelings in Evkom se pryse, oorweeg word.

Die doel van enige elektrisiteitstarief is om 'n inkomste te verseker wat genoegsaam is om onkostes te verhaal en om enige benodigde surplus te verskaf. 'n Nie-tegniese persoon se onmiddellike reaksie hierop kon heel moontlik wees dat daar hoegenaamd geen probleem behoort te wees om 'n geskikte elektrisiteitstarief op te stel nie. Al wat blykbaar nodig skyn te wees is om die benodigde inkomste te verdeel deur die beraamde aantal elektrisiteitseenhede wat verkoop sal word in dieselfde tydperk en dit sal die verkoopsprys per elektrisiteitseenheid aangee. Indien so 'n teorie volledig was, sou die benodigde inkomste wel daar wees. Slegs 'n oppervlakkige ondersoek van die toestand is egter nodig om die gebreke van so 'n eenvoudige tariefstruktuur bloot te lê, en dit sal faal omdat dit nie REGVERDIG is nie. Dis onregverdig omdat dit nie die laseienskappe van die verskillende tipes verbruikers in aanmerking neem nie en dit sal spoedig die voorsieningsoutoriteit in tegniese probleme en bankrotskap laat beland.

Om suksesvol te wees moet 'n elektrisiteitstarief:-

(a) Aanvraagsverwante kostes (meestal kapitaal) verhaal,
(b) Vasstaande kostes verhaal,
(c) Energieverwante kostes verhaal,
(d) Hoë lasfaktor aanmoedig,

MR. McCULLOUGH is a graduate of the Natal University College having obtained his B.Sc.(Eng.) degree in light current in 1947. After a further year at Howard College spent in lecturing and post graduate research he commenced his engineering career as a pupil engineer with the South African Railways where he spent seven years in the communication section.

He joined the services of the Johannesburg City Council in January, 1956, as an Assistant Engineer where he worked in metering and traffic signals. He was appointed to the position of Methods Development Engineer and then transferred to the O and M Division of the City Council for 5¼ years in the capacity of Research Officer where he undertook a wide variety of assignments for improving productivity. He returned to the Electricity Department where he subsequently held the positions of Meter Engineer and Administrative Engineer.

In his present capacity as Management Services Engineer he is involved in departmental budgeting and tariffs and is responsible for the statistical and computer sections of the Electricity Department.

Electricity supply tariffs with special reference to Johannesburg

By

S. G. McCULLOUGH
B.Sc.(Eng.)(Natal)

1.0 INTRODUCTION

Much has been written on the subject of electricity tariffs but there still remains a wide divergence of opinion of what is considered to be the correct approach. For this reason no attempt will be made to formulate the ideal electricity tariff.

Rather it is proposed to discuss basic concepts, outline the electricity tariffs of Johannesburg over the past 25 years and then examine in greater detail the present tariff structure — its merits and deficiencies. In particular, the need for an automatic adjustment in tariff to compensate for variations in Escom charges for electricity will be considered.

The purpose of any electricity tariff is to bring in income sufficient to recover costs and to provide whatever surplus is necessary. The immediate reaction of a non-technical person could easily be that there is no problem whatsoever in determining a suitable electricity tariff. All that would seem to be needed is to divide the required income by the anticipated number of units of electricity to be sold in the same period to obtain the selling price per unit of electricity. If such theory was complete the required income would accrue.

MR. S. G. McCULLOUGH
Management Services Engineer, Electricity Department
City Council of Johannesburg

However, only a superficial examination of the situation is all that is necessary to reveal the major flaws of such a simple tariff structure which fails because it is NOT FAIR.

It is not fair because it does not give recognition to the load characteristics of the various classes of consumers and would soon lead the supply authority into technical difficulties and to bankruptcy.

To be successful an electricity tariff must

(a) Recover demand related costs (mostly capital),
(b) Recover fixed costs,
(c) Recover energy costs,
(d) Encourage high load factor,

(e) Belasting met hoë arbeidsfaktor aanmoedig,
(f) 'n Bedryfsoorskot voorsien,
(g) Aanneemlik en prakties wees.

1.1 AANVRAAGSVERWANTE KOSTES

Die aanvraag vir, of tempo waarteen, elektrisiteit verbruik word, bepaal die vermoë van die opwekkingstoerusting en verspreidingsstelsel wat aangebring moet word om die las te voorsien, en daardeur die kapitaalkostes van die aanleg. Wanneer hierdie kapitaalkostes eens aangegaan is, word rente en redempsiekostes gevorder, normaalweg oor 'n tydperk van 25 jaar, en hierdie kostes moet verhaal word, ongeag of elektrisiteit verbruik word of nie. Die erkende wyse waarop hierdie aanvraagsverwante kostes verhaal word is as volg:-

(a) Deur 'n beskikbaarheidsheffing in die tarief in te sluit, wat betaalbaar is ongeag of toevoer geneem word al dan nie;
(b) Deur gebruikmaking van 'n „kamerbasis" waarvolgens 'n hoë aanslag gemaak word ten opsigte van 'n gegewe aantal eenhede vir elke kamer in die veronderstelling dat aanvraag verwant is aan die getal kamers;
(c) Deur 'n bloktarief te gebruik waardeur die eerste en tweede blokke eenhede teen hoër eenheidstariewe aangeslaan word as die daaropvolgende eenhede;
(d) Deur volgens gemete aanvraag aan te slaan.

1.2 VASSTAANDE KOSTES

Ongeag die werklike aanvraag vir elektrisiteit, word maandelikse kostes aangegaan in die bedryf en onderhoud van die kragsentrales en verspreidingsstelsel sowel as in die administrasie van die voorsieningsliggaam. Hierdie kostes moet uit die verkoop van elektrisiteit verhaal word. Met 'n bietjie nadenke sal daar besef word dat baie van die sogenaamde „Vasstaande kostes" in werklikheid aanvraagsverwant is. Kragstasies word opgerig volgens 'n eenheidsmaatstaf waarvolgens elke eenheid sy eie bedryfspersoneel vereis en 'n gegewe opwekkingsvermoë het. 'n Groter en duurder verspreidingsinrigting word nodig om swaarder belasting te kan dra en administrasiekostes wissel volgens die aantal verbruikers.

1.3 ENERGIEVERWANTE KOSTES

Die volgende kostes is direk verwant aan die hoeveelheid elektrisiteit wat opgewerk word:-

(a) Brandstof (steenkool en brandolie) aankope;
(b) Koste van water, smeerolie en gries, verbruiksmateriaal en voorrade sowel as rookgasbehandeling en voorrade en vervangings vir verpoeieringsmeulens, waar toepaslik;
(c) 'n Persentasie (teenswoordig 20% vir Johannesburg) van herstel- en onderhoudsuitgawes. (Die balans van H en O uitgawes is vir salarisse en lone van die bestaande onderhoudspersoneel, en is derhalwe nie direk verwant aan die hoeveelheid elektrisiteit wat opgewerk word nie).
(d) I^2R verliese in verspreiding.

Hierdie energieverwante kostes word normaalweg verhaal as 'n aanslag per kWh op die verbruikte elektrisiteit.

1.4 LASFAKTOR

Indien die beste opbrengs van die kapitaalbelegging verkry moet word, moet die gebruikmaking of lasfaktor van die kapitaalaanleg so hoog moontlik wees. Dit word op sy beste bereik deur verbruik gedurende tye van swaar stelselbelasting te beperk of te ontmoedig en verbruik van elektrisiteit aan te moedig in buitespitstye. In toepassing word die doel gewoonweg bereik.

(a) Deur die gebruik van tweeslagtige meting waarvolgens elektrisiteit, gedurende sekere tye van die dag verbruik, teen hoër of laër koerse aangeslaan word;
(b) Deur heffing van 'n aanvraagaanslag op die aangetekende aanvraag;
(c) Deur gebruik van lasbeheer.

Al drie metodes is ongelukkig duur en gaan gemoeid met aansienlike kapitaal- en onderhoudsuitgawes. Dit is gevolglik slegs moontlik om aanvraagsmeting aan te bring by groot verbruikers, wat dan 'n gedurige aansporing het om bedryfsgebruike in oorweging te neem teneinde hulle elektrisiteitsrekeninge te verlaag.

Die hoë koste sluit gewoonweg die gebruik van aanvraagsmeting op huishoudelike persele uit. Indien 'n elektrisiteitstarief bedink kan word wat 'n aansporing vir hierdie klas verbruiker inhou om die koste te dra vir aanbring van spitslasbeheer toerusting vir water- en ruimteverwarmingskoste gedurende tye van belasting, sal geweldige besparings in kapitaalkoste van opwekkings- en verspreidingsstelsels volg. Dit is verreweg goedkoper en meer doelmatig om die aanvraag op 'n stelsel te verminder as om die gelykwaardige bykomstige vermoë te voorsien.

(e) Encourage high power factor loads,
(f) Provide an operating surplus,
(g) Be acceptable and practical.

1.1 DEMAND RELATED CHARGES

The demand for, or rate at which electricity is consumed, determines the capacity of the generating plant and distribution network which has to be installed to supply the load and therefore the capital cost of the plant. Once these capital items have been purchased, interest and redemption charges are incurred usually over a period of 25 years and these costs have to be recovered whether or not electricity is consumed. The recognised methods of recovering these demand related costs are as follows:-

(a) By the inclusion in the tariff of an availability charge which has to be paid whether supply is taken or not;
(b) By the use of a "room basis" whereby a high charge is made in respect of a given number of units for each room on the assumption that demand is related to the number of rooms;
(c) By the employment of a block tariff whereby the first and second blocks of units consumed are charged at higher rates than follow on units;
(d) By charging for measured demand.

1.2 FIXED CHARGES

Irrespective of the actual demand for electricity, monthly costs are incurred in the operation and maintenance of the power stations and distribution network as well as in the administration of the supply organisation. These costs have to be recovered from the sale of electricity. If a little thought is given to the matter many of these so called "fixed charges" can in fact be seen to be demand related. Power stations are built on a modular basis with each module requiring its own operating staff and providing a given generation capacity. A larger and more costly distribution organisation is required to carry heavier loads and administration costs vary with the number of consumers.

1.3 ENERGY CHARGES

Directly related to the quantity of electricity produced are the following costs:-

(a) Fuel (coal and furnace fuel oil) purchases;
(b) Cost of water, lubricating oils and greases, waste and operating stores as well as flue gas treatment and spares and replacements on pulverising mills, where applicable;
(c) A percentage (at present 20% in the case of Johannesburg) of Repairs and Maintenance expenditure. (The balance of R and M expenditure is for salaries and wages of the fixed maintenance staff, and are therefore not directly related to the quantity of electricity produced);
(d) Distribution I^2R losses.

These energy related costs are normally recovered as a charge per kWh of electricity consumed.

1.4 LOAD FACTOR

If the greatest return on Capital Investment is to be gained, the usage or load factor on the Capital plant should be as high as possible. This is best done by limiting or discouraging consumption at times of high system demand and encouraging the consumption of electricity at off-peak periods. In practice this is usually achieved

(a) By the use of two rate metering whereby electricity consumed at certain periods of the day is charged at higher or lower rates;
(b) By the imposition of a demand charge on recorded demand;
(c) By the use of load control.

Unfortunately all three methods are expensive and involve considerable capital outlay and maintenance charges. It is therefore only practical to install demand metering at large consumers who therefore will have constant incentive to review operating procedures to reduce their electricity bill.

The high cost generally precludes the use of demand metering on domestic premises. If an electricity tariff can be devised to provide the incentive for this class of consumer to bear the cost of providing load control apparatus for the control of water and space heating loads at times of high system demand, enormous reductions in capital costs of generation and distribution plant will result. It is far cheaper and more effective to reduce the demand on a network than it is to provide the equivalen additional capacity.

1.5 ARBEIDSFAKTOR

Die verhoogde stroom vereis deur 'n las met 'n swak arbeidsfaktor kan vir 'n voorsieningsoutoriteit duur te staan kom omdat transformators, skakeltoerusting en die verspreidingsstelsel as 'n geheel hoër aangeslaan moet word om die las te dra. Swak spanningsreëling as gevolg van laste met veranderende arbeidsfaktor kan ook ernstige gevolge hê.

In die algemeen is ons gelukkig dat die las arbeidsfaktor van die gemiddelde huishoudelike verbruiker, waaroor weinig beheer uitgeoefen kan word, baie naby eenheidswaarde het. Probleme word egter ondervind met die industriële verbruiker en die voorsieningsoutoriteit het 'n keuse van drie maatreëls:-

(i) Aanvaar die toestand en die koste;
(ii) Dwing 'n laer perk van aanneembare arbeidsfaktor af;
(iii) Laat die verbruiker betaal vir sy swak arbeidsfaktor.

Die afdwing van 'n laer perk op arbeidsfaktor is duur omdat dit gereelde arbeidsfaktor-meting op alle verbruikerspersele vereis en dit beteken die gebruik van vaardige personeel en betreklik ingewikkelde toerusting.

Die gebruik van kVA aanvraagmeters is die geredelik aanvaarde manier om verbruikers te laat betaal vir die swak arbeidsfaktor van hulle las en gee hulle die gedurige geldelike aansporing om die toestand te verbeter.

1.6 BEDRYFSOORSKOT

Goeie besigheidsbeginsels vereis dat enige elektrisiteitstarief 'n bedryfsoorskot moet wys. Die grootte van hierdie oorskot, of dit nou aangewend word vir belastingsverligting, kapitaalbesteding of vir 'n tariefbestendigingsfonds, is egter 'n bestuurbeleidsbesluit. Bespreking van die aangeleentheid val buite die bestek van hierdie verhandeling.

1.7 TARIEF AANVAARBAARHEID EN PRAKTIESE TOEPASSING

Die begrippe soos hierbo aangebied, behoort die grondslag te vorm van enige elektrisiteitstarief, maar ander faktore, ekonomies, polities en sosiaal, moet ook in aanmerking geneem word.

Daar mag byvoorbeeld, besluit word dat, omdat Industrie sake doen om geld te maak, dit verlang moet word om meer vir elektrisiteit te betaal as ander seksies van die samelewing wat nie in staat is om geldelike voordeel te trek uit die gebruik daarvan nie.

Politieke en sosiale faktore kan maklik afwykings van die tariefsamestellings, opgestel volgens gesonde matematiese beginsels, voorskryf.

Dit is derhalwe noodsaaklik dat, voordat enige tariefsamestelling aangeneem word, die finansiële gevolge vasgestel moet word, nie slegs wat die oorsigtelike beeld betref nie, maar ook vanuit die oorweging van hoedat dit individuele groepe verbruikers sal raak. Die beste manier om so 'n analise te doen is deur 'n komperloop van vorige rekeninge, of 'n verteenwoordigende monster van sulke rekeninge, waardeur uitsonderlinge afwykings van die verwagte uitslag vanself uitgewys sal word.

Elektrisiteitstariewe behoort eenvoudig te wees en behoort nie teenstrydighede te veroorsaak, soos byvoorbeeld waar 'n verhoogde elektrisiteitsverbruik 'n verlaging in die maandelikse rekening veroorsaak, nie.

Dit is met hierdie oorwegings in gedagte, dat die elektrisiteitstariewe van Johannesburg oor die afgelope 25 jaar in oorsig behandel word.

2.0 JOHANNESBURG SE ELEKTRISITEITSTARIEWE: GESKIEDKUNDIG

Beginnende met die 1952 elektrisiteitstarief as 'n verwysingsbasis, is veranderings in die tariefsamestelling aangebring in 1956, 1959 en in 1972, toe die huidige tariefsamestelling opgestel is. In November 1973 het die Administrateur die invoeging van 'n steenkoolpryswisselingsklousule in die tarief goedgekeur sodat 'n outomatiese wysiging in die eenheidspryse gemaak kon word om te vergoed vir prysstygings van steenkool, wat tot dan toe slegs in rekening gebring was ten tyde van tariefshersienings.

Wysigings in die prysvasstelling van die 1972 tarief is aangebring in Oktober 1975, April 1976 en Desember 1976. Hierdie wysigings het die vorm aangeneem van konsolidasie van eenheidspryse en die steenkoolpryswisseling aanpassing op eenhede as 'n persentasietoename in alle heffings om die toenemende bedryfskoste van die Afdeling in aanmerking te neem, in besonder die groot toename in betalings aan Evkom vir steeds toenemende hoeveelhede elektrisiteit ingevoer teen vinnig stygende pryse.

2.1 OORSIG VAN TARIEWE 1952 - 1972

Die jare van 1952 - 1972 was gekenmerk deur 'n betreklik bestendige finansiële klimaat met min van die huidige inflasionêre neigings te bespeur, en dit is weerspieël in die bestendigheid van die Raad te tariewe. Gedurende daardie jare is 'n tariefstabilisasiefonds gebruik om inkomste oorskotte of tekorte wat voorgekom het, op te neem totdat 'n tariefverandering nodig geword het.

1.5 POWER FACTOR

The increase in current drawn by a load of poor power factor can be very costly to a supply authority because transformers, switchgear and the distribution network as a whole have to be uprated to take the load. Poor voltage regulation resulting from loads of changing power factor can also have serious consequences.

We are generally fortunate that the power factor of the load of the average domestic user, over which little control can be exercised, approaches unity. Problems do, however, arise from the industrial consumer and three choices are open to the supply authority:-

(i) Accept the situation and the cost;
(ii) Enforce a lower limit of acceptable power factor;
(iii) Make the consumer pay for having a bad power factor.

The enforcement of a lower limit of power factor is expensive because it necessitates periodic measurement of the power factor on all consumers' premises and involves the use of skilled personnel and relatively sophisticated equipment.

The use of kVA demand meters instead of kW demand meters is the readily accepted means of making consumers pay for their bad power factor load and provides them with the ever present financial incentive to improve the situation.

1.6 OPERATING SURPLUS

Good business principles dictate that any electricity tariff should provide an operating surplus. However, the magnitude of such surplus, whether it be directed towards the relief of rates, capital expenditure or to a tariff stabilisation fund is a management policy decision. Discussion on this subject does not fall within the scope of this paper.

1.7 TARIFF ACCEPTABILITY AND PRACTICAL APPLICATION

The concepts which have been presented above must form the basis of any electricity tariff structure but other factors, Economic, Political or Social, have to be taken into consideration as well.

It might, for example, be decided that because Industry is in business to make money it should be called upon to pay higher charges for electricity than those sections of the community which are not able to benefit financially from its use.

Political and Social factors can easily dictate departures from tariff structures constructed from mathematically sound principles.

It is imperative, therefore, that before any tariff structure is adopted, its financial consequences be ascertained not only in respect of the overall picture but as it might affect individual groups of consumers. Such analysis is best done by a computer run of previous accounts or representative samples of such accounts whereby abnormally high deviations from the anticipated average result can automatically be highlighted.

Electricity tariffs should be uncomplicated and not lead to anomolous situations whereby, for example, a higher consumption of electricity can lead to a reduction in the monthly account.

It will be with these concepts in mind that the electricity tariffs of Johannesburg over the past 25 years are reviewed.

2.0 JOHANNESBURG'S ELECTRICITY TARIFFS: HISTORICAL

Commencing with the 1952 electricity tariff as a reference, basic changes in the structure of the tariff were made in 1956, 1959 and in 1972 when the present tariff structure was formulated. In November, 1973, the Administrator approved the inclusion of a coal escalation clause in the tariff in order that an automatic adjustment in the unit rates could be made to compensate for price rises of coal which had hitherto only been taken into account at the time of tariff revisions.

Amendments in the pricing of the 1972 tariff were made in October 1975, April 1976 and December 1976. These amendments took the form of a consolidation of unit prices and the coal price adjustment for units, as a percentage increase of all charges, to take into account the growing running costs of the Department and in particular the large increases in payments to be made to Escom for ever increasing quantities of electricity imported at rapidly escalating prices.

2.1 REVIEW OF TARIFFS — 1952 - 1972

The years from 1952 - 1972 were characterised by a relatively stable financial climate with little of the present inflationary trends in evidence and this was reflected in the stability of the Council tariffs. During these years a Tariff Stabilisation Fund was employed to absorb excesses or shortfalls in income that accrued until a tariff revision became necessary.

So vroeg reeds as 1952 is aansporings gemaak om die gebruik van elektrisiteit aan te moedig en om die lasfaktor en arbeidsfaktor te verbeter, maar dit was slegs werklik van 1959 af aan dat die beginsel van groter aansporing teneinde die stelsel se lasfaktor te verbeter, deur middel van 'n meer aantreklike „buitespitstyd" skaal, gevolg is. Hierdie „buitespitstyd" skaal, gewysig om in besonder op massa waterverwarming van toepassing te wees, was gemik op die vermindering van die omvang van lugbesoedeling, wat op daardie tyd sorg gebaar het, deur 'n ekonomies aanvaarbare alternatief teenoor steenkool te verskaf, terwyl dit terselfdertyd die naglas op die Raad se kragsentrales verhoog het.

Gedurende hierdie tydperk het die Raad ook sy tarief van heffings gewysig en is daar vordering gemaak in die rigting van rasionalisasie en vereenvoudiging van die tariefstruktuur. Dit het beide die toepassing daarvan en die meterlesingsprobleme vereenvoudig terwyl dit terselftertyd tred gehou het met die veranderende tendense van elektrisiteitsverbruik en die voorspelbare, steeds toenemende, kostes.

2.2 1972 - 1977 ELEKTRISITEITSTARIEF

Die huidige elektrisiteitstarief van Johannesburg is in 1972 opgestel en is baie eenvoudig.

Bloktarief Skaal 1: Huishoudelik

Die aanslag op die huishoudelike verbruiker word hieronder uiteengesit:-

Eenhede Verbruik/ Units Consumed	Tarief soos aangekondig c/eenheid/ Tariff as published c/unit				Toepaslik/Applicable (1)
	Julie/July 1972	Julie/July 1975	April/April 1976	Des./Dec. 1976	Des./Dec. 1976
0 - 300	1,6	1,95	2,33	2,85	2,871
Volgende 1 000 Next	0,65	0,84	1,05	1,37	1,391
Balans/Balance	0,5	0,66	0,84	1,13	1,151

(1) Eenheidskoste sluit 'n steenkoolprys aanpassing van 0,021 c/eenheid in.

Hierdie tarief is die eerste wat afwyk van die tevore aangenome kamerbasis tipe vir die algemene huishoudelike verbruiker en dit skakel die moeilikhede verbonde aan die onderhoud van besonderhede oor die aantal kamers van elke verbruiker en die gepaardgaande administratiewe koste, uit. Omdat dit ook van die blok tipe is, bevredig dit die besware van 'n verbruiker wat 'n rekening moet betaal as geen verbruik geregistreer was nie (verbruiker met vakansie) omdat daar geen staande- of diensheffing is nie.

Meeste van die aanvraagsverwante kostes word verhaal uit die eerste blok van 300 eenhede, wat die minimum verbruik van verreweg die meeste verbruikers uitmaak. Enige oorblywende aanvraagsverwante kostes word verhaal in die volgende blok van 1 000 eenhede. Ontleding het bewys dat, waar die verbruik deur 'n huishoudelike verbruiker ongeveer 1 300 eenhede oorskry, sodanige verbruik oor die algemeen gedurende buitespitstyd geneem word en die lae prys van die opvolgeenhede moedig daardeur die gebruik van elektrisiteit vir ruimteverwarming of lugreëling aan. Terselftertyd help hierdie verbruik gedurende buitespitstye, soos dié bygedra deur waterverwarmers, om die noodsaaklike las wat nodig is om die kragstasies doelmatig te gebruik, te verkry. Dit geld in besonder deur die nag wanneer opwekkingstoerusting nie gedurig in en uit diens geneem kan word nie behalwe met aansienlike moeite en uitgawes wat voortspruit uit die gebruik van groot hoeveelhede brandolie benodig om stoomketels aan die gang te kry.

Huishoudelike verbruikers met 'n aanvraag wat 50 kVA oorskry het die keuse om gemeet en aangeslaan te word volgens die Raad se skaal 3 aanvraagtarief.

Bloktarief Skaal 2: Nie-Huishoudelik

Vir die nie-huishoudelike verbruiker met 'n toevoer wat nie 60 kVA te bowe gaan nie, is die volgende tarief van toepassing:-

Eenhede Verbruik/ Units Consumed	Tarief soos aangekondig c/eenheid/ Tariff as published c/unit				Toepaslik/Applicable (1)
	Julie/July 1972	Julie/July 1975	April/April 1976	Des./Dec. 1976	Des./Dec. 1976
0 - 1 500	2,1	2,54	3,00	3,62	3,641
Volgende 3 500 Next	1,7	2,07	2,46	3,00	3,021
Balans/Balance	0,55	0,72	0,91	1,21	1,231
Diensheffing/ Service Charge	R3,00	R3,50	R4,00	R4,60	R4,60

(1) Eenheidskoste sluit 'n steenkoolprys aanpassing van 0,021 c/eenheid in.

As early as 1952 incentives to encourage the use of electricity and to improve load factor and power factor were being employed but it was only really from 1959 onwards that the question of trying to provide bigger incentives for improving system load factor by means of a more attractive "Off-peak" scale was pursued. This "Off-peak" scale, amended to apply in particular to bulk water heating, was aimed at reducing the amount of pollution which was causing concern at the time by providing an economically viable alternative to coal, whilst at the same time increasing the night loading on the Council's power stations.

During this period the Council also amended its tariff of charges and progressed towards a rationalisation and simplification of its tariff structure which reduced both application and meter reading problems whilst at the same time keeping pace with changing patterns of electricity consumption and predictable though steadily increasing costs.

2.2 1972 - 1977 ELECTRICITY TARIFF

The present Johannesburg electricity tariff was formulated in 1972 and is one of great simplicity.

Block Tariff Scale 1: Domestic

The charges to the domestic consumer are set out below:-

(1) Unit charge includes coal price adjustment of 0,021 c/unit.

This tariff is the first to depart from the previously accepted room basis variety for the normal domestic consumer and eliminates the difficulties of maintaining up-to-date records of the number of rooms for each consumer and the associated administrative costs. Being of the block variety it also meets the objection of the consumer to paying an account when no consumption has been recorded (consumer on holiday) because there are no standing or service charges.

Most demand related costs are recovered in the first block of 300 units which is the minimum consumption of by far the majority of consumers. Any remaining demand related costs are recovered in the next block of 1 000 units. Analysis has shown that where the consumption by a domestic consumer exceeds about 1 300 units/month, such consumption is in general made at off-peak times and the low cost of follow on units thereby encourages the use of electricity for space heating or air conditioning. At the same time this off peak consumption, like that contributed by water heaters, assists in maintaining the essential load required for efficient operation of power stations, particularly at night, when generating plant cannot continually be taken in and out of service, except at considerable inconvenience and expense, resulting from the use of large quantities of fuel oil necessary to get boilers under way.

Domestic consumers with a demand exceeding 50 kVA may elect to be metered and charged in accordance with the Council's Scale 3 demand tariff.

Block Tariff Scale 2: Non-Domestic

For the non-domestic consumer with a demand not exceeding 60 kVA the following tariff applies:-

(1) Unit charge includes coal price adjustment of 0,021 c/unit.

Verbruikers met 'n aanvraag wat 50 kVA te bowe gaan, het die keuse om gemeet en aangeslaan te word volgens die Raad se aanvraagtarief.

As gevolg van die laseienskappe van hierdie klas verbruiker, met sy algemene afwesigheid van diversiteit en met spitsaanvraag wat meestal saamval met die stelsel se spitsaanvraag, is aanvraagsverwante kostes noodwendig hoër as dié van huishoudelike verbruikers. Die prys van opvolgeenhede is nogtans baie laag en gee aanmoediging vir elektrisiteitsgebruik oornag, soos vir winkelvensterverligting en sekuriteitsmaatreëls.

Skaal 3: Aanvraagtarief

Die aanvraagtarief is beskikbaar vir alle verbruikers met 'n aanvraag wat 50 kVA te bowe gaan en is verpligtend vir alle nie-huishoudelike verbruikers met 'n aanvraag hoër as 60 kVA. Die heffings word hieronder aangegee.

Consumers with a demand exceeding 50 kVA may elect to be metered and charged in accordance with the Council's demand tariff.

Because of the load characteristics of this class of consumer with its general lack of diversity and peak demand mostly coinciding with the peak system demand, demand related charges are of necessity higher than those for domestic consumers. The price of follow on units is nevertheless still very low and gives encouragement for the use of electricity at night for application such as shop window lighting and security.

Scale 3: Demand Tariff

The demand tariff is available to all consumers with a demand exceeding 50 kVA and is mandatory for all non-domestic consumers with a demand exceeding 60 kVA. The charges are as set out below:-

	Tarief soos aangekondig c/eenheid/ Tariff as published c/unit				Toepaslik/Applicable (1)
	Julie/July 1972	Julie/July 1975	April/April 1976	Des./Dec. 1976	Des./Dec. 1976
Aanvraagsheffing per kVA Demand charge/kVA	R 1,40	R 1,65	R 1,90	R 2,19	R 2,19
Eenheidskoste Unit charge	0,6c	0,78c	0,98c	1,29c	1,311c
Diensheffing Service charge	R 3,00	R 3,50	R 4,00	R 4,60	R 4,60
Min. Aanvraagsheffing (2) Min. Demand charge (2)	R50,00	R60,00	R70,00	R80,00	R80,00

(1) Eenheidskoste sluit 'n steenkoolprys aanpassing van 0,021 c/eenheid in.

(2) Mits die bedrag nie minder is as 70% van die bedrag betaalbaar ten opsigte van die hoogste aanvraag aangeteken gedurende enige een maand van die vorige Mei, Junie, Julie of Augustus, nie.

Aan verbruikers word 'n korting op hulle totale rekening toegestaan vir enige verbetering in lasfaktor bokant 25% teen 'n koers van 0,6% vir elke 1% verbetering bokant 25%. Hierdie korting is egter nie van toepassing op verbruikers wat toevoer neem onder die buitespits tarief nie.

Bo en behalwe die lasfaktor korting word 'n afslag van 10% toegepas op die bedrag waarmee enige rekening R2 000 per maand oorskry.

Hierdie aanvraagstarief is duidelik aansporend van aard deurdat dit aanmoediging gee vir 'n goeie lasfaktor met 'n bestek van 45% afslag indien 'n 100% lasfaktor bereik word, of 'n 33% afslag vir 'n meer daadwerklike lasfaktor van 80%. Selfs 'n verbruiker met 'n lasfaktor van 50% verkry 'n 15% afslag.

In die verlede was geskikte kVA meters nie geredelik beskikbaar teen 'n redelike koste nie en alle aanvraag, behalwe in die geval van 'n klein getal verbruikers met lasse van buitengewone lae arbeidsfaktor, was gemeet en aangeslaan op 'n kW basis. Die grootste meerderheid van verbruikers was derhalwe nie geraak deurdat hulle lasse onder eenheids arbeidsfaktor was nie.

Met die koms van die gelykrigter-termiese tipe van aanvraagmeter 'n paar jaar gelede het dit prakties moontlik geword om 'n kVA aanvraagstarief in te stel en die aanbring van kVA aanvraagsmeters het nou 'n standaardpraktyk in Johannesburg geword. Die aansporing bestaan derhalwe vir alle aanvraagsverbruikers om maatreëls te tref om die arbeidsfaktor van hulle las te verbeter in hulle eie belang en ook tot voordeel van die Raad.

Skaal 4: Buitespitstoevoer

Enige verbruiker wat volgens aanvraag gemeet word, word toegelaat om aparte meting vir buitespits voorsiening te hê, welke voorsiening beskikbaar is vir 'n 10 uur tydperk wat begin tussen 18h00 en 21h00 volgens die oordeel van die Elektrotegniese Stadsingenieur. Die tarief vir buitespits toevoer is as volg:-

(1) Unit charge includes coal price adjustment 0,021 c/unit.

(2) Subject to the amount not being less than 70% of the amount payable in respect of the highest demand recorded during any one month of the previous May, June, July or August.

Consumers are granted a rebate on their total monthly bill for any improvement in load factor above 25% at the rate of 0,6% for every 1% improvement above 25%. This rebate, however, is not applicable to consumers taking supplies in terms of the off-peak tariff.

In addition to the load factor rebate a discount of 10% is applied to the amount by which any account exceeds R2 000 per month.

This demand tariff can be seen to be promotional in nature by offering encouragement for good load factor to the extent of a 45% discount if a 100% load factor is achieved or a 33% discount for a more realistic load factor of 80%. Even a consumer with a load factor of 50% benefits by a 15% discount.

In previous years suitable kVA demand meters were not readily available at reasonable cost and all demand, except in the case of a comparatively small number of consumers with loads of particularly low power factor, was measured and charged on a kW basis. The vast majority of consumers were therefore in no way penalised for having loads with less than unity power factor.

With the advent of the rectifier-thermal type of demand meter a few years ago, it became practical for a kVA demand tariff to be introduced and the installation of kVA demand meters has now become a standard practice in Johannesburg. The incentive therefore exists for all demand consumers to take steps to improve the power factor of their load to their own advantage and also to the benefit of the Council.

Scale 4: Off-Peak Supplies

Any consumer metered on demand is permitted to have separate metering for off-peak supplies which are available for a 10-hour period commencing between 18h00 and 21h00 at the discretion of the City Electrical Engineer. The tariff for off-peak supplies is as follows:-

	Soos angekondig/As published				Toepaslik/Applicable
	Julie/July 1972	Julie/July 1975	April/April 1976	Des./Dec. 1976	Des./Dec. 1976
Eenheidsheffing Unit Charge	0,375c	0,55c	0,72c	0,99c	1,011
Min. maandelikse heffing Min. Monthly Charge	R30,00	R35,00	R40,00	R46,00	R46,00

Met hierdie tarief is aansporing gegee vir gebruik van elektrisiteit vir grootmaat waterverwarming tot voordeel van die verbruiker, en van die Raad deurmiddel van verbeterde lasfaktor van die stelsel.

2.3 OORSIGTELIKE WAARDEBEPALING

Johannesburg se elektrisiteitstariewe kan moontlik gekritiseer word as „oor-aanmoedigend". Pryse is betreklik laag en baie aansporing word gegee vir die verbetering van las en arbeidsfaktor asook die gebruik van elektrisiteit gedurende die nag, selfs in hierdie tye van energiekrisis.

Hierdie faktore kan egter na waarde geskat word slegs wanneer hulle oorweeg word volgens die volgende inligting. Die Stadsraad van Johannesburg hanteer die volgende steenkoolbrandende kragsentrales:-

Under this tariff incentive is therefore given for the employment of electricity for water heating in bulk to both the advantage of the consumer and the Council by virtue of improved system load factor.

2.3 OVERALL EVALUATION

Johannesburg electricity tariffs could possibly be criticised as being "over promotional". Rates are comparatively low and great encouragement is given towards the improvement of load and power factor and the sale of electricity at night even in these days of energy crisis.

These factors can only be appreciated when viewed in the following light.

The City Council of Johannesburg operates the following coal-fired power stations:-

TABEL 1 TABLE

Sentrale/Station	Aanleg/Plant	Aangebring/Installed	Vermoë MW Capacity
Orlando	10 x 30 MW	1941 - 1956	300
Kelvin "A"	6 x 30 MW	1957 - 1960	180
Kelvin "B"	7 x 60 MW	1962 - 1970	420
			900

Verder is daar 2 x 22 MW gasturbine aangedrewe opwekkers aangebring op die perseel van die ou Stedelike Kragsentrale naby die middestad van Johannesburg vir spitsafsnydingsdoeleindes en beperkte noodgebruik.

Hierdie aanleg was tot ongeveer 3 jaar gelede in staat om die elektrisiteitsbenodighede van Johannesburg te voorsien. Johannesburg se tariewe was, tot dan toe, gevolglik slegs geraak deur 'n betreklik lae maar voorspelbare inflasiekoers en faktore wat onder die beheer van die Raad was. Die aangroei van Johannesburg het egter gelei tot 'n groeiende afhanklikheid van Evkom vir die voorsiening van elektrisiteit aan Johannesburg soos aangedui deur die volgende tabel:-

In addition 2 x 22 MW gas turbine-driven alternators are installed at the site of the old City Generating Station near the centre of Johannesburg for peak lopping purposes and limited emergency use.

This plant had, until about 3 years ago, been able to supply the electricity needs of Johannesburg. Johannesburg's electricity tariffs were, until then, therefore only influenced by a comparatively low but predictable rate of inflation and factors which were under the control of the Council.

Johannesburg's growth has led to an increasing dependence by Johannesburg on Escom for the supply of electricity as shown in the following table:-

TABEL 2 TABLE

Jaar wat in Junie eindig/ Year ending June	Aanvrag MW/ Demand MW	% Voorsien deur Evkom/ % Supplied by Escom	Eenhede (miljoene)/ Units (millions)	% Voorsien deur Evkom/ % Supplied by Escom
1970	758	Nul/Nil	2 754	Nul/Nil
1972	828	4,8	3 265	0,002
1974	934	5,7	3 759	1,6
1976	1 037	17,6	4 364	20,2
1978	1 164	29,2	4 965	39,7
1980	1 320	37,6	5 585	50,6
1982	1 496	44,9	6 582	58,7
1984	1 697	51,7	7 592	65,8

